

## H O O F S T U K 1

### DIE GEMEENTE EN DIE OPBOU VAN DIE GEMEENTE

#### 1.1 Inleiding

Waar dit in hierdie studie slegs oor twee bepaalde aspekte aangaande die gemeente van Christus handel, nl. die funksionering van die charismata en die opbou, gaan ons nie hier 'n volledige uiteensetting en omskrywing gee van wat gemeente en kerk in die omvattende openbaring van die hele Skrif is nie. Slegs daardie kenmerke, aard en fasette van die gemeente van Christus wat van belang is, rakende hierdie bepaalde doel van die studie, word in behandeling geneem.

Omdat dit in hierdie studie ook gaan om die gemeente in die moderne tyd, bring dit ons meteens by die gemeente as bestaande verskynsel in die hede, maar dan ook weer nie by 'n bepaalde gemeente van 'n bepaalde denominasie nie. Die saak waarom dit hier gaan, is nl.: Wat is die plek en die rol wat die charismata in die gemeente, as sodanig, behoort te speel ten einde die opbou van die gemeente van Christus - per sé - te dien. Die gemeente word dan besien vanuit die grond van sy bestaan, teweete as mense wat in hierdie wêreld deur die genadewerk van God aan Jesus Christus as hulle Verlosser en Saligmaker verbind is deur die herskeppende werk van die Heilige Gees. Wat dan ookal die verskyningsvorm of bepaalde denominasie is waarin hierdie gemeente midde in die tyd 'n gestalte aanneem, bly die beginselvraag nog altyd van belang: Hoe word hierdie gemeente van Christus Jesus opgebou en wat is en behoort die plek en rol te wees wat die charismata in hierdie proses inneem.

Omdat God, die God van heil is wat in die hede handel en nie slegs in die verlede gehandel het, of nog êrens in die toekoms werksaam moet word nie, is die hede nie leeg nie, maar is die gemeente voortdurende openbaring van God se heilshandeling in, met en deur die gemeente. Omdat die charismata ook nie bekwaamhede of funksies is wat God eenmaal op 'n tyd gegee het in 'n bepaalde periode wat

nou verby en afgehandel is nie, en slegs aan 'n bepaalde gemeente of gemeentes wat toe bestaan het en nou nie meer bestaan nie, maar aan sy gemeente in sy bestaan deur heel die geskiedenis gegee is, is die vraag na die funksionering van die charismata in die gemeente immer aktueel vir die moderne tyd. Want die gemeente bly immers werk van die Drie-enige God op aarde onder mense tot die einde van die tyd. En omdat die charismata tekens is van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die lewens van mense en tegelyk ook toerusting vir die taak waartoe God sy gemeente in die hede in die geskiedenis bekwaam, is die vraag na die doel van hierdie gewes ook immer aktueel.

Hans Küng stel hierdie feit van die lewende, nie-statiese gemeente soos volg: "Kirche ist nie eine statische und Übergeschichtliche Grösse, die unberührt über den irdischen Räumen und den weltlichen Zeiten west<sup>x</sup>. Kirche ist immer und überall ein lebendiges, aus den Völkern dieser Welt immer wieder neu gesammeltes und mitten durch die Zeiten wanderndes Volk. ... Kirche ist wesentlich auf dem Weg, auf der Wanderschaft, auf der Pilgerschaft. Kirche die am Ort tritt, die nicht immer wieder neu nach neuen Horizonten Ausschau hält, die nicht immer wieder neu aufbricht, verfehlt ihren Auftrag.<sup>1)</sup>

## 1.2 Die Begrip, "Gemeente"

Die begrip "gemeente" is 'n vertaling van die Griekse begrip: "ekklesia". Op sigself en in sy oorspronklike betekenis, het die bepaalde woord niks te doen met 'n gewyde samekoms van mense nie. Dit dui eenvoudig op 'n populêre versameling van mense. Die inwoners van 'n bepaalde stad of dorp word in die algemene Griekse taal "ekklesia" genoem, en dui 'n groep mense aan wat om 'n spesifieke rede saamkom, of deur die herout vir 'n bepaalde doel saamgeroep is.<sup>2)</sup> Die woord is dus saangestel uit twee begrippe, n1. "ek" = uit - "klētoi" = roep, en beteken eenvoudig die wat uitgeroep is. Ekklesia is dus die gewone profane begrip vir die versameling van hierdie saamgeroepe of uit-geroepe mense van die volk in 'n bepaalde gebied of stad. Dit is egter hierdie Griekse begrip wat in die Septuaginta-vertaling van die Ou Testament gebruik word om

die Hebreeuse begrip "Kahal" weer te gee. "Kahal" word op sy beurt in die Ou Testament gebruik om die versameling of saamgeroepete mense as volk van God = vergadering van die Here, aan te dui, terwyl die volksgemeente as regs- en kultiese gemeenskap meestalens met die begrip "Eda" - Grieks "sunagōgē" aangedui word.<sup>3)</sup>

Die begrip "ekklesia" word egter beslissend gekwalifiseer en gespesifiseer deur die toevoeging "van die Here", of "van God", en in die Nuwe Testament ook nog met die verdere byvoeging: "in Christus (Jesus)".<sup>4)</sup>

Hans Küng stel dit soos volg: "Entscheidend wird "ekklesia" qualifiziert durch die Beifügung "des Herrn" (bzw. Jahwes). Auch hier ist der Vorgang des Sichversammelns nicht vergessen. Doch nicht dass sich irgendwer und irgendwas versammelt, sondern wer und was sich versammelt, ist ausschlaggebend: dass nämlich Gott versammelt und die Ekklesia so zu einer Versammlung, zu einer Gemeinde Gottes wird (auch wenn dann oft nur einfach von der Ekklesia ohne Beifügung die Rede ist). Hier geschieht nicht mehr irgendein Sichversammeln irgendwelcher Menschen. Die Ekklesia Gottes ist mehr als das je ereignishafte Sichversammeln. Ekklesia ist die Versammlung der von Gott zuvor erwählten Schar, die sich um Gott als ihre Mitte versammelt. Ekklesia wird so schon in der Septuaginta zu einen religiös-kultischen Begriff, der dann immer mehr - wie auch das allerdings seltene kahal in den Qumran-schriften bezeugt (Z.B. I Q Sz 1, 4; 2,4; Dam. 12,6) - eschatologisch verstanden wird: Ekklesia als die wahre Gottesgemeinde der Endzeit".<sup>5)</sup>

Die "gemeente" verkry dus sy spesifieke en besondere betekenis as versamelde mense in hul betrokkenheid op God en Jesus Christus. Dit is dan met hierdie besondere groepering van mense, as bestaande, empiriese werklikheid midde in hierdie wêreld en in die geskiedenis van die tyd, waaroor ons in hierdie studie handel. Wanneer ons dan uit die Bybel leer dat die gemeente daardie skaar van mense is wat God - as die Drie-enige - in sy reddende genade rondom Homself in hierdie wêreld deur alle tye heen versamel, word dit ook duidelik

dat ons met bepaalde gestaltes - verskyningsvorme - van hierdie gemeente te doen het.

### 1.2.1 Die Ekklesia in die Ou Testament

In die Ou Testament word 'n bepaalde volk, te wete die volk van Israel as sodanig deur God uitverkies en uitgeroep as sy besondere eiendomsvolk.<sup>6)</sup> Hierdie volk van Israel, as sodanig, wat die Here God tot sy gemeente, sy eiendomsvolk maak, en wat Hy aan Homself verbind en rondom Homself versamel, is meteen ook die bepaalde gestalte wat die gemeente in die Ou Testamentiese bedeling aanneem. Aanvanklik is die gestalte wat hierdie ekklesia in die Ou Testament aanneem, dus nog nie in kleinere ekklesias onderverdeel soos wat dit later die geval was ná die vestiging in Kanaan - die beloofde land, en later soos die onderskeie ekklesias van die Nuwe Testamentiese bedeling nie.

Hierdie volk as geheel verskyn in die wêreld as Kaha! Jahweh, as ekklesia van die Here in die Ou Testament, en wel waar Hy hulle uitroep en uitlei uit die slawehuis van Egipte. Treffend en betekenisvol lees ons met betrekking tot die voorbereiding van die Pasga met die oog op die uittog: "... en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand".<sup>7)</sup> En wanneer hulle dan uitgelei is, en die Here God hulle ontmoet by die berg Sinaï en sy Gebooie aan hulle gee deur Moses, lui die betekenisvolle verklaring van die Here aan sy volk: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het".<sup>8)</sup> So verskyn die hële volk van Israel as ekklesia van die Here in die geskiedenis, as sy volk van uitgeroepenes en verlostes uit die slawehuis.

Wanneer die Here God sy volk in Kanaän gevestig het, laat Hy ook vir Hom 'n tempel bou op Sion in Jerusalem waar die volk op gesette tye saamkom vir die spesifieke godsdiensoefeninge na die voorskrif van die Here. By hierdie bepaalde plek het die volk van God as geheel op vasgestelde tye saamgekom om die Here te dien. Dit was egter nie die enigste plek van samekoms vir die lede van die volk van God gedurende die geskiedenis van Ou Israel nie. Op 'n

stadium in die geskiedenis van die volk van God vind ons dat groepe van die volk van die Here ook saamkom op ander plekke as by die tempel in Sion, te wete in die sinagoges. Hoewel die oorsprong van die sinagoges nie bekend is nie, meen Madeleine S Miller & J. Lane Miller<sup>9)</sup> tog dat die Jode wat in die sesde eeu voor Christus na Babilonië verban is, in plaaslike groepe byeengekom het om die Wet van die Here te bestudeer. So het dit ontstaan en wel nie as 'n plek waar geoffer word soos in die tempel nie, maar vir onderrig en gebed. Ná die terugkeer uit die ballingskap vermeerder die sinagoges in Palestina en selfs daar buite, soos in Damaskus, en ander belangrike stede van Wes-Asië en die oostelike Middellandse See-gebied. Ons kry ook in die Nuwe Testament verskeie verwysings hierna.<sup>10)</sup>

Die Griekse begrip "sunagōgē" is meestal die vertaling in die Septuagint vir die Hebreeuse begrip, "Eda" en beteken om bymekaar te bring, te vergader, of vergadering. Wolfgang Schrage<sup>11)</sup> wys daarop dat die betekenis in wese dieselfde is as dié van Kahal, terwyl die twee begrippe in die Ou Testament gebruik word met geen essensiële verskil in betekenis nie: "There are no obvious inner reasons why Kahal should sometimes be rendered Ekklesia and other times sunagōgē. In individual books the one term may be used fairly consistently, e.g. sunagōgē in Ex-Nu. The difference in translation is to be traced back in the main to the difference in translators".

Wat in hierdie opsig van belang is, is nl. dat die volk van God deur middel van die sinagoges in kleinere vergaderings of samekomste groepeer om die Here God te dien en Sy wet te bestudeer - sy Woord te hoor - asook vir die gebed, die geloofsbelydens en die onderrig. In hierdie bepaalde geboue (sinagoges) was die erediens op die Sabbat gehou, en in hierdie kleinere vergaderinge vind ons dan ook manifestasies van die volk van God, die Kahal, die ekklesia, wat deel uitmaak van die groot geheel.

Van verdere belang is nou dat die gemeentes van die Nuwe Testament in noue verband staan met die sinagoge. Jesus self ontvang onderrig en onderrig self ook later in die plaaslike sinagoge van

Nasaret<sup>12)</sup> Ná die hemelvaart van Jesus bly sy volgelinge ook nog vir 'n tyd lank voortdurend die tempel in Jerusalem besoek,<sup>13)</sup> maar hulle maak van die sinagoges gebruik vir hulle prediking en daar word die nuwe bekeerlinge gewen.<sup>14)</sup> Dit is juis uit die sinagoges wat die vroeë gemeentes die gebruik van Skriflesing, gebed, kollekte, prediking en seën oorgeneem het. Vandaar dat dit ook nie vreemd is dat die nuwe volk van God in die Nuwe Testamentiese bedeling later ook in kleiner groeperinge, gemeenskappe, bestaan en vergader het dwarsoor die hele gebied van Klein-Asië waar Christene hulle bevind het nie. Soos wat die volk van God dus in die Ou Bedeling naas die tempel tot openbaring gekom het in die afsonderlike gereelde samekomste van die kleinere groepe, nl. die sinagoges, kom die nuwe volk van God in die Nuwe Bedeling ook tot openbaring in die plaaslike ekklesias op verskillende plekke.

### 1.2.2 Die Ekklesia in die Nuwe Testament

Dit is merkwaardig dat die volk van die Here - die volgelinge van Jesus Christus - in die Nuwe Testament nooit na die naam van Jesus genoem was nie, hoewel dit algemene gebruik in daardie tyd was om die volgelinge van gode na die naam van hulle gode te noem. Selfs die naam "Christene" word uiters selde in die Nuwe Testament gebruik; slegs Handeling 11:26; 26:28 en 1 Petrus 4:16. Die onderskeidende naam wat vir die gelowiges in Christus, die volk van God, in die Nuwe Testament gebruik word, is dieselfde begrip as in die Ou Testament, te wete "Ekklesia" en dan wel met die byvoeging "Tou Theou", (en Christō)<sup>15)</sup>

Die gebruik van hierdie besondere benaming vir die volk van God - die gelowiges - in die Nuwe Testament, kan dan daaruit verklaar word dat hierdie "nuwe" gemeenskap voortgekom het uit die volk van God onder die Ou Bedeling. Daarom word dieselfde bekende begrip gebruik, maar nou ook met die aanduiding van die "nuwe" betrokkenheid, naamlik op Jesus Christus, wat meteens die totstandkoming van die Nuwe Bedeling van die volk van God verwerklik het in sy heilswerk; in besonder van sy kruis en opstanding. Want ons het hier nie te doen met die oorsprong van die ekklesia, die volk van God, soos so dikwels on-Bybels, en teen die heilshandeling van God reeds

onder die Ou Bedeling in geleer word nie. Ons het in die Nuwe Bedeling wat met Christus Jesus begin, te doen met die Nuwe Bedeling van die één volk van God wat Hy reeds met sy genadige, en ontfermende heilshandeling daarstel deur die hele Ou Bedeling heen, en wat Hy voortsit tot aan die einde van die tyd.<sup>16)</sup>

Waar dit in die ekklesia van die Nuwe Bedeling steeds gaan om die één volk van God en dieselfde God wat in sy genade en barmhartigheid handel om mense uit die verlore mensegeslag te verlos en sy eien=domsvolk te maak<sup>17)</sup>, kan ons nie hier praat van die oorsprong of ontstaan van die Kerk - die ekklesia - of gemeente nie. Twee waarhede aangaande God se handeling met die mens en die opbou van sy ekklesia moet hier helder voor oë gesien word, nl.

(1) Dat God se heilshandeling met die mens in die opbou van sy ekklesia een kontinue handeling deur Ou- en Nuwe Testament heen is. Daarom vind ons in die totstandkoming van die ekklesia in die Nuwe Testament nie 'n diskontinuiteit in God se heilswerk tussen Ou- en Nuwe Verbond nie, maar wel dat 'n Nuwe Bedeling geopenbaar word in God se heilshandeling wat die ekklesia daarstel.

(2) Tweedens word hier 'n nuwe openbaring gegee van die ekklesia se betrokkenheid op die Drie-enige God, en dan in besonder die betrokkenheid op Jesus Christus, die Verlosser, en op die Heilige Gees wat die heil in die ekklesia implimenteer en aktualiseer. Hier word nie 'n nuwe ekklesia gestig omdat Jesus Christus eers in hierdie stadium as Middelaar intree sodat die heil vir die verlore mens nou eers moontlik word en daarom nou eers die moontlikheid van 'n ekklesia daarstel nie. Die begin en oorsprong van die ekklesia word ook nie nou eers moontlik omdat die Heilige Gees eers op hierdie stadium kom om die heil van God in die lewens van gevalle mense te implimenteer nie. In hierdie stadium, (die bedeling van die Nuwe Testament), word geopenbaar dat Jesus Christus en die Heilige Gees van ewigheid af betrokke is in die heilswerk wat die ekklesia van alle tye in die geskiedenis daarstel. So lees ons dan in Efesiërs 1:4-6 "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking,

toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy groot genade wat Hy in sy geliefde Seun vrylik aan ons geskenk het."

Voor die grondlegging van die wêreld het God dus sy ekklesia uitver=  
kies in Christus Jesus. Christus Jesus is dus nie eers dan Midde=  
laar wanneer Hy aan die kruis van Golgotha sterwe nie, Hy is dit van  
ewigheid af, daarom is die ekklesia van alle tye - onder Ou- en  
Nuwe Bedeling - moontlik. Die betrokkenheid van die een ekklesia  
van God - in Ou- en Nuwe Testament - op Jesus Christus word hier in  
die bepaalde tydstip van die geskiedenis geopenbaar. Hieromtrent  
lees ons betekenisvolle uitsprake in die Efese-brief. "Aan Hom het  
God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van  
die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in  
almal vervul.<sup>18)</sup> Wie is hierdie gemeente (ekklisia)? en wie is die  
"almaal" in wie Hy alles vervul? Dit word vir ons duidelik wanneer  
ons verder in die Brief aan Efese lees: dat die heidene wat nou in  
Christus tot geloof gekom het, vroeër vervreemd was van die burger=  
skap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die  
belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.<sup>19)</sup> Hulle wat ver=  
vreemd was (uitgesluit was) van die burgerskap van Israel - die volk  
van God - kom nou naby (Israel - die volk van God in die Ou Testa=  
ment), deur die bloed van Christus.<sup>20)</sup> Hy - Jesus - maak albei een -  
Die "ou volk" van God en die "nuwe" volk van God (vers 14). Dit kan  
tog seer seker nie beteken dat Christus slegs ná sy kruisiging en  
opstanding Jode en nie-Jode een maak wat in daardie stadium tot  
geloof kom nie. Hier moet dus ook verwys word daarna dat die nie=  
Jode wat nou in Christus Jesus tot verlossing en geloof kom, deel  
word van die één volk van God - genaamd Israel in die Ou Bedeling,  
en wat gekontinueer en opgebou word in Christus Jesus in die Nuwe  
Bedeling. Daarom word verder gesê: "Julle is dus nie meer vreemde=  
linge en bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede  
van die huisgesin van God," (vers 19), en verder: "'n gebou wat  
opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n  
gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is". (vers 20).  
Medeburgers van die "hagiōn" moet dus dui op die gelowige volk van  
God uit die Ou Bedeling terwyl "profete" hier aanvaar moet word as  
die profete van die Ou Bedeling.<sup>21)</sup> Hierdie één volk van God uit



die Ou- en die Nuwe Bedeling verrys dan ook op één hoeksteen, Jesus Christus (vers 20-21). Abraham, Moses, Dawid, Daniël, en die hele volk van God - die ekklesia van die Ou Bedeling - is dus nooit los van die hoeksteen, Jesus Christus ingebou in die heilige tempel, en die huis waarin die Gees woon nie.<sup>22)</sup>

Hierdie selfde waarheid van die eenheid van die één ekklesia van God in Ou- en Nuwe Testament stel die apostel Paulus ook duidelik in Romeine hoofstuk 11, onder die beeld van die Olyfboom.<sup>23)</sup> Die betrokkenheid van die één ekklesia op die Heilige Gees word ook deur die gehele heilshandeling van God heen geopenbaar. Met die sogenaamde "uitstorting" van die Heilige Gees op Pinksterdag, breek daar alleen 'n nuwe bedeling aan in die werksaamheid van die Heilige Gees in die één ekklesia van God. Dieselfde Gees woon ook en werk ook in die ekklesia van die Ou Bedeling, maar dan wel (net) anders. Waar die Heilige Gees in die Nuwe Bedeling direk in die lewens van elkeen van die volk van God woon en werk, woon en werk Hy in die ekklesia van die Ou Bedeling "indirek" deur middel van die rigters, die koning, die priester en profeet. So word Aäron en sy seuns gesalf om die priesteramp te bedien.<sup>24)</sup> Die salwing was meteens die teken van God se afsondering tot 'n spesifieke taak en ook die toerusting met die Gees vir die taak. En so ook ten opsigte van die rigters, konings en profete.<sup>25)</sup> Hulle word met die Heilige Gees toegerus om die volk van God te lei en te vorm. Hieromtrent verklaar A. de Bondt: "In Israel leeft sterk de gedachte, dat het volk een eenheid is, een gemeenschap, waarvan de leden voor elkander leven. God ziet de gemeenschap als geheel aan en geeft aan de gemeenschap zijn zegen. Hy heeft immers een volk. Dat volk word geleid door bepaalde organen. Door zijn richters, koningen, priesters, profeten. Het zijn de edelste vertegenwoordigers van dat volk. Het zijn de organen waardoor de Here de volk wil leiden. En nu komt juist in deze vertegenwoordigers de Geesteswerking zo bijzonder duidelijk tot openbaring".<sup>26)</sup> Die Heilige Gees is dus van ewigheid af betrokke by die heilswerk wat die ekklesia van alle tye daarstel. Daarom kan die apostel Paulus aan die gelowiges uit die heidene in Efese sê: "... in wie julle ook saam opgebou word as 'n huis waarin God deur sy Gees woon".<sup>27)</sup> Die gelowiges uit die heidendom word dus saam met die gelowige volk van God uit die Ou Verbond - tewete

Israel - opgebou tot 'n huis waarin God deur sy Gees woon. Hulle word dus saam in hierdie huis ingebou waarin die Gees van God reeds woon in die Ou Bedeling. Die openbaring van die Gees op Pinksterdag en die werk van die Gees sedert Pinksterdag lui dus die nuwe bedeling in van sy ewige betrokkenheid op die heilsgemeente van die hele geskiedenis, en daar ontstaan dus nie nou eers 'n ekklesia van God in Jesus Christus deur die Gees nie.

### 1.2.3 Ekklesia - Kerk, Gemeente of Versameling?

Die ondersoek na die betekenis van die begrip "gemeente" bring ons ook voor die vraag te staan of met "ekklisia" die gelowiges in Christus as geheel bedoel word, en wel of daarmee die plaaslike groepering van die gelowiges bedoel word.

Die gegewens in Handelingen dui daarop dat soms van die gemeentes in die meervoud gepraat word, bv. in 'n bepaalde gebied, soos in die hele Judea, Galilea en Samaria.<sup>28)</sup> In ander plekke word weer van die enkele gemeente gepraat.<sup>29)</sup> In die Briewe van die apostel Paulus word gepraat van die gemeentes in meervoud.<sup>30)</sup> In die volgende uitsprake word klaarblyklik verwys na die ekklesia in die algemeen.<sup>31)</sup>

Wat wel in hierdie verband belangrik is, is nl. of die apostel nou al praat van die ekklesia in die enkelvoud of meervoud, hy in beide gevalle die attributief of predikatief byvoeg, nl. die geneties: tou Thēou - (Van God). Hieromtrent sê K.L. Schmidt: "That it is used with both is more important than might appear. We normally distinguish between the total Church and the individual congregation. We are thus accustomed to speaking of the Church of God, but not of the congregations of God. The fact that such distinction is impossible for Paul is an indication that he does not make the differentiation which later came into use".<sup>32)</sup>

Dieselfde begrip, nl. "ekklisia", word dus gebruik om die plaaslike gemeente, sowel as 'n groep gemeentes, of die gemeente (kerk) in die algemeen aan te dui. Ons kan dus die begrip vertaal met

"Versameling", "Gemeente" en "Kerk". So besluit Hans Küng: "Zwar betont 'Versammlung' mehr das Aktuell-Ereignishafte, 'Gemeinde' mehr das Orthaft-Bleibende, 'Kirche' mehr das Überörtlich-Gestiftete. Und so wird man in der Übersetzung von Ekklesia manchmal lieber das eine und manchmal lieber das andere gebrauchen. Doch grundsätzlich bleiben sie auswechselbar. Und wie statt von Ortsgemeinde auch von Ortskirche, so kann man statt von Gesamtkirche auch von Gesamtgemeinde sprechen".<sup>33)</sup>

Die plaaslike gemeente is dus ten volle en in waarheid kerk, gemeente van God. Want daar vind ons konkreet die uitgeroepenes van God in Jesus Christus wat ten volle deel in die heil en die geheel van die genade; daar is die Christus ten volle teenwoordig sowel as die Heilige Gees. Aan die plaaslike gemeente is ten volle gegee wat in sy taak tot heil van die mense nodig is: Die Woord van God, die sakramente, die gawes en dienste. Tereg sê Hans Küng hieromtrent: "Kirche ist nicht ein Dachverband von Einzelgemeinden. Nicht eine Addition der einzelnen Ekklesien ergibt die Ekklesia; die Ekklesia zerfällt nicht in die einzelnen Ekklesien. Sondern an den verschiedenen Orten ist die Ekklesia Gottes. Es gibt nicht nur eine korinthische Ekklesia, eine Ekklesia der Korinther, oder eine Ekklesia Korinths, sondern: 'die Ekklesia Gottes, wie sie in Korinth ist' (1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1). Jede Ekklesia, jede Versammlung, Gemeinde, Kirche - sei sie noch so klein, noch so armselig, noch so erbärmlich - vergegenwärtigt voll die Ekklesia, die Versammlung, Gemeinde, Kirche Gottes".<sup>34)</sup> Dieselfde waarheid word ook deur P.A. van Stempvoort beklemtoon.<sup>35)</sup>

By alles word steeds die verband met al die gemeentes of die kerk as geheel, vasgehou. Hier geld dit veral die uitdrukkings in die onderskeie vergaderings. Met Edmund Schlink kan ons konkludeer: "Aus dem Verständnis jeder Ortskirche als 'Ecclesia', 'Leib Christi' und 'Tempel des Geistes' folgt kein Independentismus, sondern gerade die Gemeinschaft der Ortskirchen miteinander. Denn in jeder Ortskirche ist ja derselbe Christus gegenwärtig. ... Ecclesia bezeichnet im Neuen Testament sowohl die örtliche Kirche, wie auch die Gesamtkirche auf Erden, wie auch die Gemeinschaft von örtlichen

Kirchen in einem Gebiet. ... Das Verhältnis der Gesamtkirche und der Ortskirchen ist nicht das der Summe und ihrer Teile, sondern das der Gemeinschaft als gemeinsamer Teilhabe am ganzen Christus. ... Kirche ist in eigentümlicher Weise Einheit und Vielheit zugleich".<sup>36)</sup>

Omdat dit die plaaslike ekklesia - gemeente - is, waar die volk van God in gereelde, konkrete gestalte verskyn, is dit van belang dat met betrekking tot die opbou van die ekklesia, oor die plaaslike gemeente gehandel word, omdat die opbou ook alleen d  ar sy beslag kan kry. En omdat die Heilige Gees ten volle in die plaaslike ekklesia teenwoordig is, moet gelet word op die gawes (charismata) wat die Gees in die plaaslike gemeente gee, omdat Hy die plaaslike gemeente toerus vir die taak in die w reld waarin sy gestalte aanneem.

#### 1.2.4 Die Nuwe Gemeenskap

Hoewel dit so is dat die ekklesia van die Nuwe Testament voortgekom het uit die volk van God in die Ou Testament, is hierdie gemeenskap tog 'n nuwe gemeenskap. Die kardinale vrae is dus: Waarom 'n nuwe gemeenskap uit Israel - die volk van God - en wat maak dit tot 'n nuwe gemeenskap? Met die koms van Jesus word die vernuwung van die verbond ingelui wat reeds in die Ou Testament belowe was.<sup>37)</sup>

Dit is nodig omdat die Volk van God die verbond verbreek en van die Here God afvallig geword het, maar veral omdat ooreenkomstig God se heilsplan die "tyd vervul" is vir die openbaring van die Messias - die Verlosser.<sup>38)</sup> Jesus begin dan ook sy werk van vernuwung onder die "verlore skape van die huis van Israel"<sup>39)</sup> om juis daarmee aan te toon dat God sy verbondsvolk nie prysgee ten spyte van hulle afvalligheid nie, maar iets nuuts onder hulle en met hulle begin. So begin Jesus dus nie met die skepping van 'n ander volk van God nie, maar met die nuwe Israel.<sup>40)</sup> Newton Flew stel dit soos volg: "Jesus nowhere speaks of the disciples whom He is gathering as the nucleus for a new Israel. But His actions speak more clearly than any words. In one sense, for Him, as for all the New Testament writers, the Church was already in existence before He came. The

Jewish Church was the people of God. His main mission was to the lost sheep of the house of Israel. But His actions indicate His conviction that the old Israel was to be purged and reconstituted in view of the nearness of the Kingdom of God".<sup>41)</sup>

Wanneer Jesus dan die Twaalf uit Israel tot Hom roep, om sy volgelinge te wees, begin Hy met 'n nuwe gemeenskap wat in direkte, persoonlike en onmiddellike verhouding tot Homself staan, en wel as die Seun van God, Die Verlosser en Middelaar, die Messias van die eindtyd. Juis deur hulle brei die Messias hierdie nuwe gemeenskap rondom Homself uit oor die hele Israel, en later deur hulle ook oor die hele wêreld. Edmund Schlink stel hierdie belangrike waarheid soos volg: "Durch den Dienst seiner berufenen und bevollmächtigten Augenzeugen hat Christus selbst richtend und rettend an der Welt gehandelt und die Kirche erbaut. In ihren Worten und Taten hat Christus selbst sich als redend und handelend gegenwärtig erwiesen ... So ist das Apostolat eine Heilstat Gottes, die zur Heilstat in Christo hinzukommt. Sie kommt gewiss nicht hinzu als selbständige, von Christus loslösbare Tat, vielmehr als die Heilstat des Dienstes Jesu Christi, als, Amt der Versöhnung. Aber dieser Dienst ist doch insofern besondere Heilstat Gottes, als ohne den Apostolat die Heilstat Christi der Welt verborgen geblieben wäre. Der Dienst der Apostel ist eine eschatologische Heilstat, die zur Heilstat Gottes in Christus insofern hinzukommt, als die Heilstat am Kreuz durch die berufenen Zeugen der Auferstehung hereinbricht in der Welt. Die Apostel waren nicht nur die Baumeister und Pflanze der urchristlichen Gemeinde, sondern sie sind die Baumeister und Pflanze der Kirche aller Zeiten und Orte. Ihr Amt ist und bleibt schlechterdings einmalig".<sup>42)</sup>

So begin Jesus Christus die nuwe gemeenskap wat in direkte betrokkenheid tot Homself staan. Dit is juis in hierdie besondere gemeenskap waarin die Nuwe Bedeling van die heilswerksaamheid van die Drie-enige God gestalte gegee word en so heel besonder tot openbaring kom. Dit is juis hierdie nuwe gemeenskap - die nucleus van die ekklesia - wat so ten nouste betrek word by, en deel gemaak word van Christus Jesus in sy kruisiging en opstanding, en in wie die Heilige Gees, met die Nuwe Bedeling van sy heilswerk, só direk kom woning maak.

Sodanig word hierdie nuwe gemeenskap - die ekklesia van die Nuwe Bedeling - in die gemeenskap met Christus ingelyf en betrek, dat Hy nie alleen met hulle is tot aan die voleinding van die wêreld nie,<sup>43)</sup> maar dat van hulle, met betrekking tot die Verlosser, verklaar kan word: "Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe ...". "Ons ou mens is saam gekruisig ...". "Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe ..."<sup>44)</sup> En ook volgens Efesiërs 2:4-6: "Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus weer lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee." Met betrekking tot hulle betrokkeheid op die Heilige Gees, verklaar Jesus: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees".<sup>45)</sup>

Die nuwe gemeenskap as ekklesia van die Nuwe Bedeling is dus 'n gemeenskap met 'n "nuwe" aard van betrokkeheid op Jesus Christus en die Heilige Gees en daarom tot die Drie-enige God, soos wat Jesus verder verklaar: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon".<sup>45)</sup> Die "nuwe ekklesia - die Israel van God - staan dus in die heel besondere gemeenskap van die Drie-enige God. Hierdie waarheid is van die allergrootste belang vir die roeping en taak van die nuwe ekklesia. Suiwer en korrek omskrywe David J. Bosch dan die nuwe gemeenskap soos volg: "Die kerk is die gemeenskap van gelowiges wat langs die weg van goddelike verkiesing, roeping, wedergeboorte en bekering vergader is, in gemeenskap met God Drie-ëinig lewe, die vergifnis van sondes geskenk is, en in solidariteit met die ganse mensdom die wêreld dien. (Vgl. Heidelbergse Kategismus, Vrae 54-56 en Nederlandse Geloofsbelijdenis, Art. 27)".<sup>46)</sup>

Edmund Schlink sê: Die Kirche ist die gottesdienstliche Versammlung in der Christus gegenwärtig handelt ... Die Kirche ist die auf

Christus wartende Braut, die in der Gottesdienstlichen Versammlung jetzt schon teilhat am kommende Hochzeitsmahl ... . In der gottesdienstlichen Versammlung rufen wir jedoch nicht nur maran atha, sondern der Herr, den wir herbeirufen, kommt in unsere Mitte. Im Herrenmahl erhalten wir jetzt schon Anteil am grossen Abendmahl im Reiche Gottes, am ewigen Hochzeitsmahl des Lammes. Wenngleich wir auf Erden noch dem Ziel entgegenwandern, sind wir hier zugleich schon am Ziel. Wenn gleich wir die verheissene Herrlichkeit noch nicht schauen, haben wir doch jetzt schon an ihr Anteil im Glauben an den Herrn, der im Abendmahl sich uns schenkt... . Die Kirche ist der Leib Christi, der in der gottesdienstlichen Versammlung aufgebaut wird zum neuen All. Die Kirche lebt nicht nur unter ihm als ihrem Herrn, sondern sie lebt in Christus, sie ist ein Teil Christi, sie ist der Leib dessen, der selbst Haupt und Leib ist".<sup>47)</sup>

Twee waarhede is hier van besondere belang, nl. Die kerk is die godsdienstige versameling waarin Christus teenwoordig handel, en: Die kerk leef in Christus; is die liggaam van Christus, wat self Hoof en liggaam is. Met betrekking tot die roeping en taak van die nuwe ekklesia is hierdie siening van beslissende belang. In die lig van hierdie betrokkenheid van die ekklesia op Christus en die Heilige Gees beteken dit, dat ons die verhouding tussen die "nuwe gemeenskap" en die Drie-enige God nie so moet sien asof Hy met 'n stel reëls, eise of wette kom, om dit aan die gemeente voor te hou, en die gemeente dan van haar kant moet probeer om dit na te leef nie. Dit is hierdie on-Bybelse, on-ekklesiologiese en foutiewe siening van die ekklesia as nuwe gemeenskap, wat veroorsaak dat daar gepraat word van die "pligte van 'n lidmaat".<sup>48)</sup>

In die lig van die wese van die nuwe gemeenskap kan daar alleen gepraat word van die "roeping" of hoogstens van die "verantwoorde-likhede" van die lidmaat, maar nooit van "pligte" nie, omdat dit die aard van die verhouding tussen die Drie-enige God en die gemeente verkeerd dui: Dit gaan om 'n nuwe leefwyse in gemeenskap met die Drie-enige God van heil en redding.

Die nuwe gemeenskap is diegene wat uit die verlore wêreld uitgered

is;<sup>49)</sup> en oorgebring is in die koninkryk van die Seun van God;<sup>50)</sup> wat in Christus Jesus ingelyf is as sy liggaam.<sup>51)</sup> Omdat hulle in Christus Jesus in die nuwe eeu ingelei is en in die nuwe werk=likheid van die koninkryk van God gestel is, leef hulle in gemeenskap met die Drie-enige God die nuwe lewe, en is hierdie nuwe orde van die lewe nie 'n plig wat moet vervul word nie. So verval die Christendom in wettisisme en moralisme. Daarom is die Bergrede ook nie 'n groep voorskrifte of eise of pligte wat die Here God aan mense stel, en nou moet hulle poog om dit na te leef nie. Aan die Bergrede gaan juis die feit vooraf dat die koninkryk van God gekom het en dat die dissipels deur die roep van Jesus Christus in sy gemeenskap en in die koninkryk te staan gekom het. Treffend stel Joachim Jeremias dit: "Es ist, wenn ich es zugespitzt sagen darf, zu jedem Wort der Bergpredigt als Vordersatz zu ergänzen: 'Dir sind deine Sünden vergeben' (Mt. 9,2). Also: 'Dir sind deine Sünden vergeben'; nun gilt: 'Solange du noch auf dem Wege bist mit deinem Gegner, versöhne dich eiligst mit ihm'. (V. 25). 'Euch sind eure Sünden vergeben'; nun gilt: 'Wenn ihr den Menschen nicht vergebt, kann auch euer Vater eure Fehle nicht Vergeben' (6,15). 'Euch sind eure Sünden vergeben'; nun gilt: 'Erweist euren Feinden Liebe und tut Fürbitte für eure Verfolger' (5,44). ... Zu jedem dieser Worte gehört die Botschaft: der alte Äon ist im Vergehen. Ihr seid durch die Verkündigung des Evangeliums und durch die Jüngerschaft in den neuen Äon Gottes hineinversetzt. Und nun sollt ihr wissen: so sieht das Lieben aus, wenn ein Mensch zum neuen Äon Gottes gehört. So sieht die Kindschaft aus. So sieht der gelebte Glaube aus. So sieht das Leben derer aus, die in der Heilszeit Gottes stehen, die befreit sind aus der Macht des Satans und an denen sich das Wunder der Jüngerschaft vollzieht".<sup>52)</sup>

P.F. Theron sê van hierdie inkorporasie in Christus: "Die pneumatologiese inkorporasie van die gemeente in Christus Jesus, stel 'n nuwe skepping daar. Deur middel van die sakramente, verkondiging en geloof word die gemeente subjektief ingelyf in die Nuwe Mens (resp. skepping) sodat hierdie heilsordelike inkorporasie die karakter dra van 'n wedergeboorte, 'n herskepping".<sup>53)</sup>



Met betrekking tot hierdie heilswerklikheid van die nuwe ekklesia beteken dit vir die opbou van die gemeente dat hierdie aktiwiteit nie deur mense metodes of opvoedingstelsels, menslike vindingrykheid of vernuf nie, maar alleen in die gemeenskap met Jesus Christus plaasvind wat deur die Heilige Gees in die gemeente teenwoordig gestel is. En met verwysing na die funksionering van die charismata beteken dit dan, dat die charismata wat die opbou van die gemeente dien, nie funksies of aktiwiteite is wat die mens na willekeur kan laat plaasvind nie. Hierdie gawes word in die gemeente gewerk vanuit die teenwoordigheid van Christus en in die gemeente geïmplimenteer deur die Heilige Gees wat aan elkeen uitdeel soos Hy wil en wanneer Hy wil.<sup>54)</sup>

#### 1.2.5 Die Gemeente - Liggaam van Christus

##### 1.2.5.1 Die belang van Efesiërs 1:9-10 en 22-23

In die Efese-Brief lees ons een van die heel belangrikste en mees betekenisvolle uitsprake omtrent Christus as Hoof van die gemeente - wat sy liggaam is. In hoofstuk 1 vers 9 lees ons dat God die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het, en die wil is naamlik om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is onder een hoof in Christus te verenig (vers 10). Dan lees ons in verse 22 en 23 in hierdie verband die geweldige insiggewende uitspraak: "Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul". Die verband en betekenis is dan die volgende: God het 'n voorneme, naamlik om die ganse kosmos op die bestemde tyd (in die toekoms) onder een hoof in Christus te verenig. Hierdie kosmos wat nou uitmekaar geskeur is deur die werk van die satan en in opstand is teen God se heerskappy en sy orde. Hierdie wil van God sal tot verwerkliking kom deur die verlossings- en herskeppingswerk van Jesus Christus, soos wat dit in I Korinthiërs 15:24 en 28 beskrywe word: "Daarna kom die einde wanneer Hy die koninkskap aan God die Vader oordra, nadat Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. ... Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles in almal

wees". Op daardie oomblik sal alles weer onder een Hoof in Christus verenig wees.<sup>55)</sup> Intussen - totdat ons daar aankom - is Christus reeds Hoof van die gemeente, die gemeente wat sy liggaam is.<sup>56)</sup> Dus word nou reeds in die gemeente - die ekklesia - geopenbaar en verwerklik wat eenmaal in en met die hele kosmos verwerklik sal word. Dit open dus geweldige en betekenisvolle perspektiewe omtrent dit wat God nou reeds in die gemeente verwerklik en wat Hy in en deur die gemeente wil openbaar nog voordat daardie alomvattende voorneme van God in Christus Jesus in vervulling tree. So kan ons net terloops verwys na wat hierdie "vereniging onder een Hoof in Christus" nou reeds beteken. Onder die Hoof-skap van Christus word die vyandige Jode en nie-Jode een gemaak; die vyandskap doodgemaak; albei in een liggaam met God versoen.<sup>57)</sup> Verenig met die Hoof - Christus - word diegene "wat dood was deur die sondes en oortredinge, lewend gemaak".<sup>58)</sup> In die aankomende eeue laat God dus sien hoe geweldig groot sy genade oor die gemeente in Christus Jesus is, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in die wat tot geloof kom, nl. dat dit dieselfde kragtige werking van sy mag is wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom aan sy regterhand laat sit het in die hemel. Dit is daarom nie alleen 'n wonder dat sondaars tot geloof en nuwe lewe gebring word nie, maar ook dat deur hierdie kom-tot-geloof sulke uitmekaar geskeurde mense, wat met soveel haat teenoor mekaar gestaan het, nou in 'n nuwe gemeenskap van liefde en eenheid saamgebind word.

Die versoening van Christus het dus nie alleen reinigende en vernuwende betekenis vir die enkeling nie, maar in besonder ook 'n heel besondere uitwerking met betrekking tot die verhouding tot God self en die onderlinge verhouding tussen mens en mens en gevolglik in die nuwe gemeenskap - die ekklesiā - in hierdie wêreld. Fritz Rienecker stel dit soos volg: "Das Blut Christi hat nicht nur erlösende, sündengiltende, reinigende Kraft für den einzelnen Gläubigen, sondern es bedeutet zugleich die Schöpfung und Herstellung einer Einheit und Gemeinschaft zwischen Gott und Mensch einerseits und zwischen Mensch und Mensch anderseits, wie sie in keinem früheren Zeitalter jemals in Aussicht genommen wurde. ... Denn Juden und Heiden werden nicht erst in der Gemeinde, dem

Gemeindeleib, mit Gott versöhnt, sondern sind bereits versöhnt und treten also mit Gott Versöhnte in die Gemeinde des Herrn Jesus ein.<sup>59)</sup> As die met God versoendes word die gelowiges uit twee teenoor-mekaarstaande wêreldes dus in 'n nuwe versoende, harmoniese verband verenig. Sô laat God in die aankomende tye (eeue) sien hoe geweldig groot sy genade is wat Hy in Christus Jesus aan sondaar-mense bewys en met hulle doen.

Teen hierdie agtergrond kan Heinrich Schlier verklaar: "Und sie, die einzelnen, vom Apostel angesprochenen ehemaligen Heiden (und Juden), die die Schande des Todes (Röm 6,21) in den freiwillig-unfreiwilligen Sünden an sich trugen, sie sind nicht nur für sich selbst mit Christus zusammen und in Christus lebendig gemacht, d.h. auferweckt und in die Himmel in Christus erhoben worden, sondern sie sind damit auch aller Zukunft, die da herankommt, allen Geschlechtern und Welten, die da in mächtigen Wesen heraufkommen, Zeichen der Gnade. Das gehört zur unbegreiflichen Größe der Tat Gottes an den Gläubigen, die, wie man schon sieht, der Energie entspricht, die er an Christus wirksam sein liess."<sup>60)</sup>

In die gemeente se verbondenheid aan die Hoof - Christus - word nou reeds (in en deur hulle) geopenbaar wat met mense gebeur en waartoe hulle gebruik word, en wat God met hulle doen as Hy weer "alles in almal" word. Dan werk Hy weer sô in hulle dat hierdie vervalle en onbruikbare mens weer "opgebou word tot 'n huis waarin God deur sy Gees woon; hulle groei weer na Christus toe; en word weer met die nuwe mens beklee wat na God geskep is"<sup>61)</sup> Dit is die opbou van die gemeente wat in direkte teenstelling staan tot dit wat met die mens buite die Hoof - Christus - gebeur; wat naamlik deur die sondige begeertes verteer word.<sup>62)</sup> Wanneer Christus Hoof van hierdie nuwe mensheid word, word gawes aan hulle toevertrou en word hulle toegerus vir hulle dienswerk.<sup>63)</sup>

Dit beteken dat onder die Hoof-skap van Christus, hierdie mense wat nou reeds ast ware "vooruit" onder Hom verenig is, gebruik word, om te openbaar dat Hy die mens daartoe wil red en herstel om weer God se dienswerk te verrig, en wât God se toerusting dâarvoor is, nl. die Heilige Gees en sy besondere gawes (die charismata).

Soos wat Christus dus nou reeds die gemeente in hierdie besondere verhouding tot Homself stel, en hulle toerus om sy dienswerk te verrig, sal Hy eenmaal alles in die skepping weer in so 'n besondere verhouding tot Homself stel, dat alles weer vir sy dienswerk geskik en bekwaam sal wees. Daarom is die Gees met sy gewone en buitengewone gawes in die gemeente die besondere teken van Christus se teenwoordigheid en werking op aarde. In hierdie besondere aktiwiteite van die gemeente kom dus die Hoofskap van Christus Jesus tot openbaring, en byvoorbeeld nie die bepaalde beleving van die mens in sy godsdiensoefening gesoek en gedien soos dit wel die geval is by baie groepe in die sogenaamde Christendom (weer) in ons dag nie.

#### 1.2.5.2 Die verhouding Hoof/liggaam

Die gemeente staan in daardie unieke en noue verbintenis tot Christus waarin Hy voorgestel word as die Hoof en die gemeente as sy liggaam. Dan moet hierdie beeld egter nie gesien word asof dit die voorstelling van 'n liggaam, d.w.s. die kop en die romp het nie. Tereg sê J.H. Roberts: "Hier dui *sōma* nie ander dele van die geheel aan wat nie *kefalē* is nie. Maar so 'n gebruik is in stryd met Paulus se gebruik van die *sōma*-begrip. Steeds is *sōma* vir hom die hele liggaam en nie alleen die romp nie. By Paulus is Christus dan ook juis nie lid van die liggaam nie, ook nie die belangrikste of sentrale orgaan nie"<sup>64</sup> So ook Herman Ridderbos: "De bedoeling is kennelijk een andere. Niet minder geldt dit dan ook van de verhouding van Christus als het Hoofd der gemeente en van de gemeente als zijn lighaam. Wij hebben hier niet met één en dezelfde metafoorte doen, maar met twee, die, hoewel zij met elkaar in nauw verband gebracht (kunnen) worden, toch ieder een zelfstandige betekenis en een zelfstandig bestaan hebben".<sup>65</sup> Ridderbos wys dan daarop dat hierdie verhouding van hoof/liggaam nie vanuit die Gnostiek of vanuit die Manichese geskryfte verklaar moet word nie maar vanuit die apostel Paulus se Joodse agtergrond.<sup>66</sup> Dit word veral gemotiveer op grond van die beeld van die verhouding tussen man en vrou in die huwelik<sup>67</sup>, waar die man as hoof van die vrou voorgestel word terwyl hulle twee tog 'n unieke eenheid vorm, maar nooit organies een is nie. Hy konkludeer dan: "Terwijl in de aangehaalde griekse

paralellen 'hoofd' steeds als fisiesch orgaan van het lighaam verstaan word, beteken hoof in de joodse gedagte-wereid de stamvader of de aanvoerder. Als zodanig zou het, evenals in Kol. 1:15-18, nauwe verwantschap vertonen met begrippe as, begin' (arche), 'eerstgeborene' (prototokos), waarin niet alleen de eerste in tidsorde, maar ook in rangorde word aangeduid. Op deze wijze zou ook het begrip, hoof' terminologiesch de gedachte van de personifikasie en representasie van die velen-in-Een tot uitdrukking bringe. ... Vast staat naar onze mening, dat die gedachte van het allen-in-Een ten grondslag ligt aan Paulus' spreke van die gemeente als het lighaam van Christus; ook dat die parallel met die eerste Adam in Paulus' ekklesiologie een veel belangriker rol speel dan dikwils wel is aangenomen".<sup>68)</sup> Hiermee stem Roberts<sup>69)</sup> ook ooreen in sy breedvoerige uiteensetting omtrent Kefalē, sōma, prōtotokos, archē, en Christō, en die Hebreuse rōsch. Hy sê o.a.: "Nou is Christus ook prōtotokos van die nuwe skepping as eerste in die opstanding uit die dode. Hy is dus in hierdie geval as tweede Adam Representant van die nuwe skepping en staan aan die Hoof daarvan (kefalē), d.i. Hy is oorsprong, Bron daarvan (archē). Tussen hierdie drie begrippe bestaan daar 'n nuwe verband ... Die eenheid tussen Christus, die Hoof, en die gemeente, Sy liggaam, rus op die feit dat Hy haar Oorsprong is, soos die man in die Gen. verhaal oorsprong van die vrou is en daarna word tot haar hoof".<sup>70)</sup> Met betrekking tot die representasie-gedagte stel hy dit soos volg baie helder en duidelik: "Die liggaam is die korporatief in Christus, die Representant, saamgeslote grootheid. Soos Adam as stamvader sy nageslag in homself inkorporeer en hul representeer, so ook Christus as tweede Adam met die gelowiges vir wie Hy representeer. ... As Hoof is Christus die samesluitende Persoon. As liggaam is die gemeente die samesluitende, geïnkorporeerde grootheid. Ook hier word dus gebreek met die konsep dat Hoof en liggaam saam deel sou uitmaak van een beeld nl. die organisme van die menslike liggaam. In werklikheid het ons te doen met twee beelde, aan die een kant die nie-organiese voorstelling van representasie in die Hoof en 'n hele liggaam wat geïnkorporeer is in die Hoof en uit Hom en tot Hom groei; aan die ander kant 'n organiese voorstelling - die liggaam gesien as goedwerkende organisme".<sup>71)</sup>

109 693 2  
109 577 5

Heinrich Schlier<sup>72)</sup> wys ook daarop dat die sōma-kefalē begrip in die Nuwe Testament die verhouding van die kerk tot Christus tot uitdrukking bring wat vyf elemente insluit nl.

1. Die onverdeelbare samehorigheid en van God bepaalde vereniging van die kerk en Christus word hierdeur aangedui.

2. Daardeur word die onderordening van die liggaam onder die Hoof nl. sy gehoorsaamheid teenoor Christus en ooreenstemmend die "Überordnung" van die Hoof oor die liggaam, teweete sy heerskap oor hom betoon.

3. Die kefalē van Christus beteken ook die Een waaruit die kerk groei, en wel as die werksame oorsprong van die groei van die kerk en tegelyk ook as doel van hierdie groei.

4. Deur die verbinding van die voorstelling van die kefalē van die kerk met die voorstelling van die "Syzygie" van Christus met die kerk word die "Überordnung" van Christus tot die "Überordnung" van die geliefdes gestel.

5. Hierdeur word ook juis die eenheid van die liggaam betoon. Hy sê ook verder dat ons ook die "personale" karakter van die liggaam van Christus nie buite rekening moet laat nie, want: "Mit dem Organismusgedanken hängt das Existentielle und Charismatische des Leibes Christi zusammen. Das Ineinander und Miteinander dieses und jenes Leibbegriffes ist der Ausgangspunkt für das Verständnis des ganzen Phänomens der Kirche, die ja eine Rechts- und Liebeskirche ist, in der es Sakrament und Charisma gibt".<sup>73)</sup>

Hierdie verhouding tussen Christus, die Hoof, en die gemeente wil dus aan ons sê dat dit wat van die Hoof, die Representant, die Oorsprong van die gemeente waar is, is ook waar van elke lid van die gemeente wat aan Hom verbind is. Hy is die Oorsprong van die gemeente want "Deur die bloed van sy Seun is ons vrygekoop en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God". En verder: "Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus weer lewend gemaak. Uit genade

is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee".<sup>74)</sup> Hy is hulle Representant: Toe Hy aan die kruis was op Golgotha was die gemeente saam met Hom aan die Kruis,<sup>75)</sup> toe Hy opgestaan het uit die dood, het die gemeente saam met Hom opgestaan.<sup>76)</sup> Hy is die Hoof; Hy lei, bestuur, rig en begelei die gemeente op sy weg deur die wêreld; Hy het oor hom die seggenskap en heer=skappy en nie meer die satan nie.<sup>77)</sup> As Christus die Hoof dan die oorsprong en ontstaan van die lewe en bestaan van die gemeente is, beteken dit dat die gemeente alleen van Hom afhanklik is vir sy groei en opbou: Daarom: "... ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam".<sup>78)</sup> Die hele lewe, groei en opbou van die gemeente kan alleen geskied in die gemeenskap van die Hoof wat wel deur sy Gees in die gemeente teenwoordig is. Te veel word dit verkeerd voorgestel in die kerklike lewe asof die gemeente (gelowige) telkens weer moet bid om die teenwoordigheid van Christus - selfs in die eredienste - asof die gemeente hier op aarde is en Hy "daar bo". Die eerste waarheid wat helder en duidelik moet leef in die gedagtes van die lede van die gemeente, is dat hulle sy liggaam is, en Hy as die Hoof van die liggaam dus ewig teenwoordig is, want daar kan geen gemeente (as liggaam) bestaan sonder of los van die Hoof nie. Hierdie waarheid moet ons toejuig soos wat Werner de Boer dit ook stel: "Also die Gemeinde gehört als 'Leib' völlig zu dem Christus hinzu, sie ist ein unablösbarer Bestandteil des Christus, und ohne die Gemeinde ist 'der Christus' nicht mehr zu denken. Es lebt nicht über den Sternen ein Christus und auf Erden eine selbständige Gemeinde, die zu diesem Christus in gewissen Beziehungen des Glaubens steht. Christus ist auch nicht nur das 'Haupt' eines Leibes, dem der Leib in voller Selbständigkeit gegenübersteht. Der Christus verleibt sich vielmehr in der Gemeinde, er wohnt im Heiligen Geist in ihr als in seinem Tempel".<sup>79)</sup>

Vir die opbou van die gemeente is dit van beslissende belang, omdat dit m.b.t. die begin, die aanvang, die lidmaatskap van die gemeente gaan om die inlywing in Christus Jesus, die Hoof, en nie die aansluiting by 'n organisasie nie, terwyl dit in die verdere opbou



van die gemeente en die geloof gaan om 'n groei in Christus en nie byvoorbeeld om die sosialiseringproses waarin 'n bepaalde groep mense saamgebind poog te word nie. Juis met betrekking tot die sosiaal-wetenskaplike kernvraag na die Christelike lewe en gemeente sê Norbert Glatzel:<sup>80)</sup> "(a) Der Begriff 'ekklesia', im profanen Griechisch der Ausdruck für 'Volksversammlung' steht in den neutestamentlichen Schriften für die, Von Gott aus der Welt herausgerufene Menschenschar'. (b) Die Bezogenheit auf Gott ist folglich im kirchlichen Sprachgebrauch das wesentlichste Charakteristikum".

Dit is alleen hierdie betrokkenheid op God wat die gemeente tot liggaam van Christus maak en die opbou waarborg en nooit die sosialiseringprosesse of psigologiese prosesse waardeur gepoog word om die gemeenskap onderling te bevorder nie - dit is horisontalisme.

#### 1.2.6.3 Inlywing in die liggaam - die doop

Die grondvraag na die gemeente van Christus - die ekklesia - deur alle tye en vandag weer opnuut en aktueel, is die vraag na die lidmaatskap van die gemeente - die liggaam van Christus - n.l. hoé word mense uit 'n gevalle en verlore wêreld lede van die ekklesia en wat beteken hierdie lidmaatskap? In antwoord op hierdie grondvraag, is daar twee aspekte van die inlywing (die kom tot) lidmaatskap van die gemeente wat van besondere belang is. Eerstens is daar die verborge vernuwning en verandering deur die Heilige Gees wat in die innerlike van 'n sondaarmens bewerk word, soos wat Jesus self met betrekking tot die wedergeboorte gesê het: "Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is".<sup>81)</sup> Dit is wat in Efesiërs 2:5-6 beskrywe word as die lewendmaking saam met Christus, en die redding uit genade van diegene wat dood was deur die misdade. Dit is daardie mistieke werking van die Gees deur die Woord van God wat 'n mens inlyf in Christus Jesus sodat daardie mens met Hom een word in sy kruisiging, sterwe en opstanding,<sup>82)</sup> en so-iemand 'n nuwe mens word na luid van 2 Korintiërs 5:17: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe



mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom".

Die tweede aspek van hierdie inlywing in Christus, en in sy liggaam, is meer die uiterlike, openbare handeling as teken en bevestiging van wat God reeds in die innerlike gedoen het, naamlik die doop. So verklaar die apostel Paulus dan aan die gelowiges in Christus: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe ...".<sup>83)</sup> En in 1 Korinthiërs 12:13 "Deur die een Gees het ons immers almal een liggaam geword deur die doop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk" So ook Galasiërs 3:27: "... want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, is met Christus bekleed".<sup>84)</sup> Dit bied genoegsame getuienis n.l. dat die doop as openbare handeling gevolg het op die kom-tot-geloof en die genade-handeling van God in die lewe van 'n mens om so-iemand deel te gee aan die Hoof van die ekklesia - Christus - en daarom reeds in die verborgene, voor die aangesig van God, ingelyf het in die liggaam van Christus. Hans Küng<sup>85)</sup> omskrywe dit soos volg: "Einerseits ist der Glaube als Akt der radikalen Hingabe des Menschen und des vertrauensvollen Ergreifens der Gnade die Bedingung der Taufe. Für das Taufgeschehen wird vom Menschen dieser Akt der vollen persönlichen Hingabe an Gott und des Ergreifens seiner Gnade gefordert und durch Gottes Gnade selbst ermöglicht. Andererseits ist die Taufe als Sichtbarmachung und Bezeugung des Glaubens wie als Verbürgung und Vergegenwärtigung von Gottes rechtfertigender Gnade die Konsequenz des Glaubens. Vom Menschen her gesehen ist die Taufe der individuelle, geistig-leibliche, sichtbare Ausdruck der Umkehr und des Vertrauens, der Hingabe und des Bekenntnisses; so ist sie die Sichtbarmachung und Bezeugung des Glaubens vor der Gemeinde für den Eintritt in die Gemeinde. Von Gott her gesehen ist die Taufe das sichtbare, gerade diesem individuellen Menschen geltende Gnadenzeichen und die dem glaubenden Menschen verkündete und geschenkte Verbürgung und Vergegenwärtigung von Gottes rechtfertigender Gnade".

Terwyl die Naam van die Drie-enige God oor die dopeling uitgeroep word,<sup>86)</sup> beteken dit dat hierdie mens onder sy heerskappy en in sy

beskutting gestel word - sy eiendom gemaak word - en verklaar word dat God met hom is. Omdat hierdie handeling van God éénmalig is, om die oorgang van die ou lewe tot die nuwe, en van die ou eeu tot die nuwe, van die oue mens tot die nuwe mens, van die ryk van die duisternis in die koninkryk van God af te teken, is die doop as teken aan die nuwe mens in Christus ook éénmalig. Herman Ridderbos<sup>87)</sup> sê hieromtrent: "De doop echter is naar haar wezen eenmalig, omdat hij van Godswege de overgang markeert van de bestaanswijze van de oude naar die van de nieuwe mens. De doop is inlijvings-rite en druk als zodanig ook het corporatieve gemeenschapskarakter uit van het in Christus geschonken heil. Daarom is het geloof niet zonder de doop, gelijk de doop niet zonder het geloof is".

Omdat die doop 'n inlywing in de liggaam van Christus is, en aan hierdie liggaam bepaalde funksies (aktiwiteite) toevertrou is, beteken hierdie inlywing 'n aandeel neem aan, 'n deel word van hierdie aktiewe organisme. Dit word veral duidelik geleer volgens 1 Korinthiërs 12, waar die gemeente voorgestel word as die liggaam van Christus, veral verse 12 tot 31. Dan word daar o.a. die volgende gesê: "Deur die een Gees het ons immers almal een liggaam geword deur die doop," (vers 13), en dan in vers 27: "Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan". Hierop vervolg die apostel dan: "En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, verder ...." ens. (verse 28 en verder). In vers 8 v.v. word reeds gesê: "Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te spreek, aan 'n ander 'n woord van kennis ... aan die een ... en aan 'n ander ..." ens. Hierdie bepaalde verwysings na wat God deur die Gees in die gemeente, as die liggaam van Christus gegee het, dui aan dat daar bepaalde funksies aan die onderskeie lede van die ekklesia toevertrou is, want die gemeente as liggaam van Christus is die instrument waardeur Christus in die wêreld handel om sy doel onder die mense te verwerklik. Om lid te wees van hierdie liggaam, impliseer gevolglik deelneming aan die aksies waartoe Christus hierdie liggaam van Hom gebruik. Inlywing "Eingliederung" beteken

dustrywing in 'n lewende, aktiewe, handelende organisme waarin geen passiewe lede kan wees nie, want dan belemmer dit die funksie van die liggaam as geheel.

Vanuit die gesigspunt gesien dat die inlywing "Eingliederung" in die liggaam van Christus volgens die Nuwe Testament geskied het deur middel van die doop o.a. nadat die mens wat dood was deur die sondes en misdade lewend gemaak is in (saam met) Christus,<sup>88)</sup> lewer dit 'n belangrike beginsel wat normatief vir die ekklesia deur alle tye heen moet wees. Dit is wel volgens die Nuwe Testament so dat volwassenes wat tot lewe en geloof gekom het deur die verkondigde Woord van God, se huisgesinne ook saam met hulle gedoop is sonder dat vermeld word of hulle ook tot 'n persoonlike geloofsbeslissing gekom het.<sup>89)</sup> Dit is wel so dat die doop ook verbondsteken van die Nuwe Testament is,<sup>90)</sup> en dat daar dus ruimte is vir die kinderdoop van die kinders van ouers wat in die verbond van God staan deur 'n lewende geloof. Maar dan word dit 'n baie aktuele vraag hoe hierdie kinders van die verbond, wat dan ook reeds dié doop as verbondsteken ontvang het, ingelyf behoort te word in die liggaam van Christus en op welke stadium. Beteken hulle klein=doop sondermeer dat hulle reeds, vanselfsprekend, outomaties ingelyf is in die liggaam van Christus? Of word hulle eers dán ingelyf wanneer hulle met 'n lewende geloof antwoord gegee het op die genade van God wat tot hulle persoonlik uitgegaan het in hulle doop as 'n belofte van nuwe lewe in Christus? En hoe moet hulle dan hierna ingelyf word tot lewende lede van die liggaam van Christus?

Dit bring ons by die kritieke vraag omtrent die verband tussen geloof en doop, asook omtrent die betekenis van die uitspraak dat die kinders van gelowige ouer(s) in Christus geheilig is<sup>91)</sup> - hagia estin - en ook by die betekenis van hierdie inlywing van die kinders van gelowige ouers in die gemeente as liggaam van Christus.

Die verband tussen geloof en doop. Die vraag is nl. wat is die aard van hierdie verband? Moet daar noodwendig sprake wees van geloof by éike dopeling vóórdat hierdie aksie kan plaasvind of kan

die doop as betoning van God se genade juis ook die oproep tot die geloof wees, wat dan op 'n stadium nā die doop eers 'n werklikheid kan word? Herman Ridderbos<sup>92)</sup> sê daar kan geen sprake van wees, dat die doop by Paulus ook maar enigsins van die geloof losgemaak kan word nie. Dan wys hy daarop dat die geloof wel by volwassenes aan die doop voorafgegaan het, maar dan vestig hy ook die aandag daarop dat die kinders van gelowige ouers na luid van I Korinthiërs 7:14 geheilig is en daarom beskou word as behorende tot die gemeente, en dat die geloof des te meer nadruklik van hulle geëis word. Hy verklaar dan: "Het 'heilig zijn' van de kinderen houdt dus metterdaad voor hen in, dat zij tesamen met en als behorende tot hun ouders door de doop in de gemeente werden ingelijfd en aldus participeerden in de gaven van Christus en in de verlossende heerschappij van zijn Geest. Dit betekent uiteraard niet, dat het persoonlijk geloof voor hen overbodig zou zijn - dat zou een magische, van God Zelf losgemaakte werking van de doop veronderstellen -, veeleer dat die weg van het geloof voor hen te duidelijker geopend en de gehoorzaamheid van het geloof te nadrukkelijker van hen wordt geëist. Wel ligt, anders dan by de volwassenes, het criterium of het menselijk "aanknopingspunt" voor de kinderdoop niet in het persoonlijk geloof van de dopeling, maar in het toebehoren van de kinderen tot de ouders en het door hen gerepresenteerde levensverband".<sup>93)</sup>

Oscar Cullmann<sup>94)</sup> sê dat daar 'n onlosmaaklike verband tussen geloof en die handeling van die doop is. "But this connection must be defined exactly. In no case should the fact be ignored that in adult Baptism this faith must be present at the moment of the baptismal act, and that the constituent element of the connection between faith and Baptism is precisely this temporal or rather contemporary accompanying faith". Hy wys dan verder daarop dat die doop ook 'n beginpunt is van God se genadige handeling met die dopeling waarin hy totaal passief is, en dat daar op hierdie genadige handeling van God antwoord gegee moet word deur die dopeling en dit word in die tyd nā die doop ontvou en daarom hoef die geloof nie in elke geval gelyktydig met die doop aanwesig te wees nie.<sup>95)</sup> Hy verklaar dan soos volg: "Thus it is confirmed that Baptism, so far as it is essentially a sacrament of reception,

points to the future, and demands from the future a human response. This holds good for all persons baptised, whether as adults or children, and whether they had faith previous to Baptism or not.<sup>96)</sup>

Cullmann kom dan tot die volgende konklusie omtrent die verband tussen geloof en doop:

- "(1) After Baptism, faith is demanded of all those paptised;
- (2) Before Baptism, the declaration of faith is a sign of the devine will that Baptism take place, demanded from adults who individually come over from Judaism or heathenism, but in other cases lacking;
- (3) During the baptismal act, faith is demanded of the praying congregation".<sup>97)</sup>

Met verwysing hierna sê G. de Ru<sup>98)</sup>: "Welnu, zo betekent een deelhebben aan de genadegaven der sacramenten doop en avondmaal nog geenzins een garantie voor levensbehoud. De genade die God schenkt, moet gevolgd worden door, moet beantwoord worden met geloof. Het geloof is met betrekking tot de in de doop betuigde en geschonken genade altijd een volgend, een antwoordend geloof". Dan vervolg hy: "En juist als inwijdings sacrament wijst de doop naar de toekomst en vraagt in de toekomst het antwoord van de eenmaal gedoopte mens".

Joachim Jeremias wys ook daarop dat dit deur die geloof van die ouers is wat die kinders betrek word in die verhouding met God: "The whole people of God were baptized when they passed through the Red Sea (1 Cor. 10:1f.), the whole family of Noah was saved in the ark, symbolizing baptism (1 Peter 3:10f.); the promise of the Spirit is referred to the 'houses' ('to you and your children', Acts 2:39). They are seen as one unit in the sight of God. The faith of the father of the 'house' as representing his family, along with the faith of the mother, embraces the children as well, and the universal character of Christ's grace reveals itself in that it is the 'houses' which are summoned to believe and are baptized".<sup>99)</sup>

Ons kan dus aanvaar dat daar 'n onlosmaaklike verband bestaan tussen doop en geloof. By volwassenes moet die doop aanwesig wees vóórdat hierdie handeling uitgevoer word, maar dit impliseer ook dat die doop voortdurend beantwoord moet word deur 'n lewende geloof wat daarop volg. By die doop van kinders en suigeling moet die doop gevolg word deur die kom-tot-geloof wanneer die heil en genade wat in Christus in die doop betuig en toegesê is, aanvaar en toegeëien word.

Die verband tussen die doop en "geheilig in Christus". Die vraag aangaande hierdie verhouding spruit veral uit die uitspraak in die brief aan die Korinthiërs:<sup>100)</sup> "Die ongelowige man is by God aanneemlik (hēgiastai) deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik (hēgiastai) deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene (akatharta) wees, maar nou behoort hulle aan God (hagia estin)". Hieromtrent verklaar Herman Ridderbos:<sup>101)</sup> 'Geheilig' beteken hier dus soveel as opgeneem in die aan-God-toegewyde-lewensverband. "Men heeft kunnen vaststellen, dat de begrippen 'onrein' en 'heilig' ook gebruikt werden voor kinderen van proselieten vóór en na die overgang der ouders tot het Jodendom. De eersten werden als 'onrein' gedoopt (met de ouders), de laasten, als 'in heiligheid' geboren, niet. Uit de aansluiting bij dit spraakgebruik heeft men dan wel willen afleiden, dat ook in de allereerste christelijke kerk alleen by de overgang van de ouders de kinderen werden gedoopt, de later geboren kinderen niet meer".

Hoewel Joachim Jeremias nie sondermeer aanvaar dat 1 Korinthiërs 7:14 die doop vermeld nie, verklaar hy die volgende omtrent die saak en beginsel wat hier ter sprake is: "Now the Judaism of antiquity did baptize children 'not born in holiness' (i.e. before the mother's conversion to Judaism); therefore in view of the extensive contacts between primitive Christian baptismal practice and the practice of proselyte baptism (see pp. 27f.) it is highly probable that the use of Jewish ritual terms in 1 Cor. 7:14c points to a similar Christian practice, namely that at the conversion of the 'houses' all the children were baptized, too.

On the other hand, I Cor. 7.14c does not enable a reliable inference to be drawn regarding the question whether or not the children of Christian parents were baptized in Corinth. In antiquity Judaism did not baptize children 'born in holiness' (i.e. after the conversion of their mother)".<sup>102</sup> Hy vervolg dan hoewel in Judaïsme die kinders wat op die bekering van die moeder "in heiligheid" gebore is nie gedoop is nie, die seuns wel besny is. Hy konkludeer dan: "Now amongst the Pauline congregations baptism=mal immersion, took over the function of circumcision as the seal of membership in God's people; so there is just as much reason, indeed perhaps more reason, for the conclusion that, as Judaïsm circumcised male infants even when born 'in holiness', so Christians baptized children even when born as 'holy' (hagia)".<sup>103</sup>

Oscar Cullmann<sup>104</sup> aanvaar dat kinders wat gebore is nā die bekering van hulle ouers nie nodig gehad het om gedoop te word nie, omdat sulke kinders beskou was as reeds behorende tot die liggaam van Christus suiwer op grond van hulle geboorte. Hy kom egter tot die finale gevolgtrekking dat beide volwasse- en kinderdoop gesien moet word as ewe bybels en verklaar dan: "But I end the examination by adding a restriction: the Baptism of adults, whose parents at their birth were already believing Christians, is not demonstrable. Moreover, a postponement of Baptism of this kind is incongruous with the New Testament presupposition, according to which, in this special case, it is not previous personal decision of faith (as in the case of proselyte heathen and Jews) but natural birth within the Church that is to be regarded as the sign of the devine will to salvation and consequently as claim to reception into the fellowship of Christ".<sup>105</sup>

Of die kinders van gelowige ouers, wat nā hulle bekering gebore is, nou al gedoop is of nie, kan ons aanvaar dat hulle wel beskou en aanvaar was as behorende tot die gemeente van Christus. Wanneer hulle dan ookal die lewende geloof deelagtig geword het, moet ons aanvaar dat hulle dan toegegerus is met die gawes van die Gees, al het hulle wel vroeër die doop as teken van die inlywing in die gemeente van Christus ontvang. Wanneer die volwassenes egter tot geloof gekom en gedoop is, kan ons wel aanvaar dat die toerusting

met die gawes van die Gees met hierdie gebeure saamgeval het.<sup>106</sup>

Die betekenis van die inlywing in die liggaam van Christus.

Dit is duidelik dat die inlywing in die liggaam van Christus geskied deur middel van die doop, en dan wel by diegene wat as volwassenes tot geloof kom, maar ook by diegene wat as kinders van die bekeerde volwassenes met hulle ouers also in die gemeente van Christus ingelyf word. Hierdie inlywing in die liggaam van Christus geskied egter nie slegs by diegene waar die geloof reeds aanwesig is nie, maar ook by die kinders wat selfs nog nie kan glo nie, omdat God wil dat hulle also ingelyf sal word in die gemeente. Omdat die doop teken van die genadige heilshandeling van God met die mens is, in hierdie geloofsverband van die bekeerde ouers, geskied dit op grond van God se heilswil en nie noodwendig op grond van die reeds aanwesige geloof by die dopeling nie. Oscar Cullmann<sup>107)</sup> sê hieromtrent: "what happens in the act of Baptism is clearly defined in the decisive Pauline texts I Cor. 12.13 and Gal. 3.27-28 as setting within the Body of Christ. God sets a man within, not merely informs him that he sets him within, the Body of Christ; and at this moment therefore the reception of this act on the part of the person baptised consists in nothing else than that he is the passive object of God's dealing, that he is really set within the Body of Christ by God. He 'is baptised' (Acts 2.41), an unambiguous passive". Hy wys verder op die baie belangrike beginsele dat hierdie inlywing in en ontvangs in die gemeente as liggaam van Christus beteken dat die dopeling nou vir hom bevind in dié liggaam waar die Heilige Gees in sy opwekkingskrag aanwesig is: "In this Body the resurrection power of the Holy Spirit operates. It is indeed constituted by it. ... so Baptism means being received into the Body into which the miracle of the resurrection power of the Holy Spirit breakes through. Here, as we have seen, is die radical novelty of Christian Baptism, that in virtue of Good Friday and Easter Christ 'baptises with the Spirit'. ... The appropriation of this gift of Baptism in the later life of the baptised person within the fellowship is dependent upon his faith. But this gift is already conferred on him without any co-operation on his part during and in the baptismal action, inasmuch as God incorporates him in the Body of Christ".<sup>108</sup>



Dit blyk dus dat die inlywing in die liggaam van Christus rondom die doop geskied het (a) wanneer volwassenes tot geloof gekom het; (b) wanneer kinders van sodanige volwassenes saam met hulle ouers wat pas tot geloof gekom het, gedoop is; (c) dat kinders van getrouwe ouers wat ná hulle bekering gebore is, op grond van die gebruik van die besnydenis soos by die Judaïsme, deur die Christene gedoop is as verbondskinders. Hieruit blyk dus dat ons nie sondermeer kan sê dat die doop as inlywing in die liggaam van Christus in elke geval gepaard gaan met die toerusting van die gawes van die Heilige Gees nie. Alleen wanneer die opwekkingskrag van die Heilige Gees, wat werksaam is in die liggaam van Christus waarin die dopeling ingelyf is, tot die lewende geloof gebring word, kan daar sprake wees van die toerusting met die gawes van die Gees.

Die vraag na die doop as inlywingsmoment in die liggaam van Christus word dus besonder aktueel en kritiek wanneer ons voor die feitelike staan dat die kerk(e) maar in elk geval die kinders doop van alle lede wat aan die kerk behoort, of dit nou vormele, en dooie lede is of nie, wat dan maar na of selfs sonder een of ander vormele tughandeling tog daartoe toegelaat word. Kan hierdie doop beskou word as inlywing in die liggaam van Christus of in die Verbond van God, as die ouers wat daarby betrokke is, klaarblyklik nie waarlik self lewende lede van die liggaam van Christus is nie?

Vir die aktiewe lidmaatskap van die ekklesia is die vraag na die moment en die wyse van inlywing "Eingliederung" in die liggaam van Christus die mees aktuele vraag in die hede vanweë die verval van die ekklesia in sy huidige bestaan. Dit is alleen op hierdie punt wat die suiwering van die gemeente sal kan plaasvind. Want dit is alleen wanneer die Heilige Gees 'n lid inbou in die liggaam van Christus - as gemeente - dat dit lewende gemeente word.<sup>109)</sup> Van besondere belang in hierdie verband is ook die uitspraak in 1 Petrus 2:4-5: "Kom ná Hom toe, die lewende steen wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees, en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is".

Dit is alleen wanneer die Heilige Gees 'n mens ingelyf het in Christus en in sy liggaam dat die gawes van die Heilige Gees in hierdie lid, en daarom in die gemeente, verwag kan word. Daarom dat daar deur die leiding in die ekklesia - die gemeente van Christus - gewaak moet word teen die toediening van die doop sonder die duidelike getuenis van die vernuwung in Christus Jesus: Dit naamlik by die doop van volwasse nes sowel as by die doop van kinders - in laasgenoemde geval dan die sekerheid van die heil in Christus by die ouers.

#### 1.2.5.4 Vereniging van die liggaam in die maaltyd van Christus - die Nagmaal.

Die noue band van eenheid tussen Christus, die Verlosser, en die gemeente as sy liggaam, vind sy uitdrukking en besondere vergestaltung in die gemeenskapsmaal van die Hoof van die gemeente, nl. die Nagmaal. Tussen die Doop en Nagmaal bestaan daar ook 'n noue band omdat albei verwys na die dood van Christus en die vereniging met Hom tot die nuwe lewe. Daarmee gaan ook gepaard dat die een Lei tot die ander - die een die ander vóórfaan. Die Doop dui op die toegang en inlywing in die liggaam terwyl die Nagmaal die uitdrukking is van die voortdurende gemeenskap met Christus en met sy gemeente. Ridderbos<sup>110)</sup> sê dan ook: "Beide, doop en avondmaal, brengen naar de aard van het aan de prediking verbonden heilsmiddel, de verbinding tot stand met de dood van Christus. De doop als doop-in-zijn-dood, het avondmaal als de gemeenschap met het lichaam en bloed van Christus. Als zodanig hangt aan beide ook de eenheid van de gemeente als lichaam van Christus, de doop als toegang tot en inlijwing in het lichaam, het avondmaal als de telkens opnieuw ontvangend en betoonde eenheid van het lichaam in het eten van het éne brood".

Duidelik moet dit dus gestel word, dat die Nagmaal nie die heil be-  
middel nie, maar bevestig deurdat diegene wat daaraan deelneem  
reeds deur die Heilige Gees met die openbare teken van die Doop  
deelgenote van die heil in Christus geword het. Tereg stel  
Kümmel<sup>111)</sup> dit soos volg: "Da der Christ durch Glauben und Getauft="

sein schon in den Leib Christi eingegliedert worden ist, kann die Teilnahme an Herrenmahl das empfangene Heil nur bestätigen, nicht erst vermitteln". Die Nagmaal is in sy eintlike betekenis "gemeenskapsmaal", soos die apostel Paulus dit stel in 1 Korintheërs 10:16-17; "Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood". Hier is dus sprake van tweërlei gemeenskap, soos Hans Küng<sup>112)</sup> dit stel: "Christusgemeinschaft" en "Christengemeinschaft".

Die Nagmaal is dus uitdrukking daarvan dat diegene wat aan hierdie liggaam van Christus behoort, deel het aan Christus, soos die vele "sun"-uitsprake van die apostel Paulus dit uitdruk.<sup>113)</sup> Daarom lyk dit nie juis wanneer Ridderbos<sup>114)</sup> sê: "De tegenwoordigheid van Christus, als de Heer van zijn tafel, brengt door middel van brood en wyn de gemeenschap met zijn lichaam en bloed, de participatie in zijn offer, tot stand" nie. Dit word wel langs hierdie weg altyd weer opnuut uitgedruk. Aan die tafel van die Here word nie nou eers die partisipasie aan sy offer tot stand gebring nie, maar uitgebeeld en bevestig. Wanneer Hy egter sê: "Gemeenschap aan het lichaam en bloed van Christus beteknt dus niet anders dan de participatie van de zijnen aan Christus' dood"<sup>115)</sup>, is dit meer korrek. Kümmel<sup>116)</sup> sê tereg: "Paulus interpretiert das gemeinsame Trinken des gesegneten Kelches als Anteilerhalten am Heilstod Christi und seiner Wirkung". Dan vervolg hy: "... und 1 Kor. 10,17 wird ja sogar ausdrücklich gesagt, dass dem gemeinsamen Essen des einen Brotes die gemeinsame Zugehörigkeit zum Leibe Christi entspricht". Hans Küng<sup>117)</sup> stem in hoof trekke hiermee ooreen wanneer hy sê: Diese Gemeinschaft mit Christus auf Leben und Tod manifestiert sich nun aber in besonderer Weise im Herrenmahl. Hier wird die im Glauben und in der Taufe grundgelegte Gemeinschaft in neuer Weise wirklich in der 'Gemeinschaft mit dem Leibe Christi' und der 'Gemeinschaft mit dem Blute Christi' 1 Kor. 10,16".

In die Nagmaal word die nuwe werklikheid verkondig aan diegene wat

dood was deur die sondes en misdade en dat hulle in Christus Jesus lewend gemaak is;<sup>118)</sup> dat hulle sondes versoen is;<sup>119)</sup> dat hulle in die koninkryk van die Seun van God te staan gekom het;<sup>120)</sup> dat hulle dus die oorgang uit die ou wêreld wat in Adam onder die vloek en oordeel van God staan in en met Christus Jesus reeds meegemaak het, en nou in die nuwe werklikheid staan; die nuwe volk van God is.<sup>121)</sup> Net soos wat Israel, die volk van God in die Ou Testament met die viering van die Pasga ná die uittoeg<sup>122)</sup> beleef en geweet het dat hulle deur die ontferming en barmhartigheid van God uit die slawehuis verlos is, en oorgebring is in die "beloofde land" van God, sō verkondig die Nagmaal hierdie oorgang van die liggaam van Christus tot die koninkryk van God, wat reeds in Christus hulle deel geword het. Lammens<sup>123)</sup> beskrywe hierdie waarheid soos volg: "Ja de avondmaalsgedachtenis word evenals in de Joodse zikkaron van het pascha het geschieden van de verlossing verkondigd als een verhaal, waarin wij ter sprake komen. Zoals elke Jood erbij was, toen de vaderen uit het land der duisternis trokken, zo waren wij erbij, toen de Messias het grote paasmysterie volbracht. Deze inclusiviteit is niet een toepassing achteraf, maar een gegeven vooraf dat in het heden wordt geproclameerd. We komen er niet eerst in het verhaal aan te pas, maar we waren van meet af aan in het beslissende gebeuren opgenomen. Met de Ebed Jahweh zijn we gestorven en begraven en is de transitus geschied uit de duisternis naar het rijk van het licht. Het gebeuren is verleden tijd. Het is geschied extra nos, maar tegelijk pro nobis. In de gedachtenis vieren wij het in zijn heilshistorische en 'in zijn toekomst ontsluitende betekenis'".

Omdat hierdie ekklesia, die liggaam, so nou aan Christus verbonde is - elke lid, maar ook as geheel - bestaan daar ook die besondere band van gemeenskap onderling wat op heel konkrete wyse uitgebeeld word in die Nagmaal. Dit is dus nie slegs 'n in-gemeenskap-tree met die lewende Here nie, maar ook 'n in-gemeenskap-tree met mekaar. "Die Verbindung mit Christus führt von selbst zu einer Verbindung der Mahlgenossen untereinander Communio der Christen untereinander. ... Hier versammelt sich die Kirche Christi zu ihrer innigsten Gemeinschaft, nämlich als Tischgemeinschaft. Hier in dieser Gemeinschaft sammelt sie die Kraft für ihren Dienst in der Welt.

Die Kirche ist also wesentlich Mahlgemeinschaft, ist wesentlich Koinonia oder Communio, ist wesentlich Christusgemeinschaft und Christengemeinschaft, oder sie ist nicht Kirche Christi. Im Herrenmahl kommt es unvergleichlich deutlich zum Ausdruck, dass die Kirche Eklesia, Versammlung, Gemeinde Gottes ist".<sup>124)</sup> Op hierdie formulering van Hans Küng hoef seer-seker nie verbeter of uitgebrei te word nie!

Graag haal ons ook Herman Ridderbos<sup>125)</sup> hieromtrent aan: "Alleen in het eten van het aldus verstante lichaam en in het drinken van deze, de verzoenende kracht van zijn bloed representerende, drinkbeker is de gemeente één. In die zin kan men dus zeggen, dat het avondmaal grondslag én criterium is voor de eenheid der gemeente als het nieuwe volk van God". Dan sluit hy af: "Maar het gemeenschappelijk eten van het brood word de eenheid van 'de velen' in Christus telkens opnieuw geconstitueerd, betoond en beleefd, een eenheid, die de verscheidenheid binnen het éne lichaam verbindt, die 'sterken' en 'zwakken' bijeenhoudt en die exclusief is ten aanzien van degenen die zich rondom de afgoden verenigen. De voortgezette viering van het avondmaal is het onvergelyklike middel om de eenheid van het geestelike Israël en van het lichaam van Christus tot openbaring te brengen in zijn diepste en enige grond: de gemeenschap aan het lichaam en bloed van Christus". Die Nagmaal van die Here is dus die gestaltegewing aan die liggaam van Christus in sy eenheid met die Hoof en met mekaar as lede. In die woorde van Hans Küng<sup>126)</sup> "Im Herrenmahl wird die Gemeinde als Leib konstituiert. Nicht als ob die Gemeinde nur in der Feier des Herrenmahles Christusleib wäre! Aber in der Feier des Mahles, wo alle das eine Brot, alle den einen Leib des Herrn essen, tritt wie nirgendwo sonst konkret in Erscheinung, dass die Gemeinde Christusleib ist".

Gemeente - eklesia - is dus diegene wat uit die verlore en vervalle wêreld deur die verkondiging van die Woord en die genadewerk van die Heilige Gees in Christus Jesus ingelyf is as die Hoof van die gemeente, sodat hulle almal saam sy liggaam vorm en elkeen afsonderlik lid van hierdie liggaam uitmaak. Hierdie inlywing in Christus word sigbaar gemaak deur die sakrament van die Doop terwyl die Nagmaal die

gemeenskap met die Christus in sy versoening verkondig en uitbeeld - die eenheid met Hom in kruis, sterwe en opstanding - asook die eenheid van die heilsgemeente onderling in 'n verskeurde wêreld.

#### 1.2.5.5 Eenheid en verskeidenheid in die liggaam.

Omdat die ekklesia - die nuwe volk van God - met Hom versoen is deur Jesus Christus, is dit ook die wesenlike kenmerk van die gemeente, te wete sy eenheid onderling. Hierdie eenheid is juis die openbaring van die versoening met God en met mekaar, wat meteens ook die teken is van die nuwe eeu wat God in Christus Jesus met die mensheid begin het - dit is teken van die eschaton. "Die vyandskap van die mense onderling is die resultaat van die vyandskap tussen God en mens, maar daarom is die vrug van die versoening tussen God en mens ook die versoening tussen mens en mens. Christus se dood was die vyandskap se dood en die Kerk as die resultaat daarvan is 'n nuwe skepping"<sup>127)</sup>

Die apostel Paulus stel hierdie waarheid aangaande die gemeente baie sterk wanneer hy sê: "Deur die een Gees het ons immers almal een liggaam geword deur die doop, of ons nou Jode of Grieke is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk".<sup>128)</sup> Daarna skets hy die verskeidenheid van die lede wat die liggaam uitmaak en vervolgdan: God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie..."<sup>139)</sup> Volgens Galasiërs 3:28 sê hy: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een".<sup>130)</sup>

Wat hier dus baie helder voor oë gesien moet word, is dat die gemeente deur een Gees gedoop is tot een liggaam, en van een Gees deurdring is, en dat God wat hierdie liggaam saamstel, bedoel dat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie. Verder is nou waar dat die vorige verskille wat bestaan het vóór die inlywing in Christus nou geredatieweer is en wegval, en dat die verskeidenheid nooit die eenheid van die liggaam bedreig nie, maar juis die liggaam moontlik maak.

Treffend formuleer Werner de Boor<sup>131</sup> hierdie waarheid: "Der Christus kann wesensgemäss nur einen Leib haben. Die Einheit der Gemeinde ist also nicht ein Ziel, nach dem wir streben und das wir durch bestimmte Bemühungen allmählicher oder schneller erreichen können. Die Einheit der Gemeinde ist fort und fort einfach eine Tatsache. Gerade und durch den einen Geist, mit dem alle getränkt sind". So wys Hans Klüng<sup>132</sup>) ook daarop dat die eenheid van die gemeente nie die resultaat van die bemoeiing van die mense onderling is nie, maar dat dit in Christus gekonstitueer is.

Wat vir die opbou van hierdie één liggaam van Christus van groot belang is, is nl. dat daar nie 'n verskeidenheid van "liggame", (gemeentes - ekklesias), opgebou word wat uit gelykgesindes en eendersdenkendes of gelyksoortiges bestaan nie, maar wel één liggaam waarin 'n verskeidenheid van lede en gawes funksioneer. Met verwysing na die funksionering van die gawes van die één Gees<sup>133</sup>) is dit van beslissende belang dat hierdie verskeidenheid van gawes nooit mag lei tot die verdeling van die liggaam nie. So byvoorbeeld moet diegene wat spreek in tale nie hulleself afskei van die gemeente en 'n "nuwe" gemeente vorm nie. Wanneer dit gebeur, word dit 'n ernstige vraag, of dit naamlik nog dieselfde Gees is wat die liggaam gekonstitueer het<sup>134</sup>) wat hier aan die werk is. Wanneer die gemeente - die ekklesia - aan die ander kant diegene van die gemeente vervreem of afsny omdat hulle bepaalde gawes openbaar waaraan die gemeente op 'n bepaalde stadium nie "gewoond" is nie, sonder om dié bepaalde gawes eers aan die kriteria van die Skrif te toets, is dit ook 'n minagting van die eenheid van die liggaam van Christus. Steeds moet binne die ekklesia ruimte geskep word vir die volle ontplooiing en aktivering van die volle verskeidenheid van die lede met hulle onderskeie gawes. "Der Leib lebt nur in der Vielheit seiner Glieder und von der ganzen Mannigfältigkeit ihrer Funktionen. Die Einheit des Leibes Christi bedeutet also in keiner Weise Uniformierung. ... Aber freilich kann die Einheit des Leibes nur gewahrt werden, wenn die Vielheit seiner Glieder recht geordnet ist. Die Lebensfähigkeit des Leibes liegt in dem miteinander der Glieder in ihrer ganzen Unterschiedlichkeit...".<sup>135</sup>)



Die eenheid van die gemeente bestaan dus in die eenwording van lede met 'n verskeidenheid van agtergronde, verskil van volksverband, maatskaplike status of geslag,<sup>136}</sup> asook in die verskeidenheid van gawes van die lede<sup>137}</sup> wat saam 'n eenheid vorm. Hierdie eenheid is egter altyd en alleen in Christus gefundeer: "Die Einheit der Kirche ist nicht primär die Einheit ihrer Glieder, sondern die Einheit des an ihnen allen, und zwar an allen Orten und zu allen Zeiten handelnden Christus".<sup>138)</sup>

Die gemeente in sy lokale verband mag dus nooit uit 'n groepering van gelyk-denkendes of uniforme gawes opgebou word nie. Daarom sê die apostel Paulus: "As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? Nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam".<sup>139)</sup> Die onderskeie lede van die êen gemeente met hulle onderskeie gawes moet juis erken dat die onderskeid van die volgende lid onontbeerlik is vir die lewe, bestaan en funksionering van die gemeente as liggaam van Christus.

#### 1.2.6 Die aard en karakter van die gemeente van Christus

Dit het algemene gebruik geword om in die teologiese besinning oor die eienskappe, (die aard, die karakter), van die kerk hoofsaaklik te handel in die geïkete begrippe en terme van "eenheid", "heiligheid", "algemeenheid" en "apostolisiteit".<sup>140)</sup> So het die teologiese denke oor die kerk (gemeente) eensydig en stereotiep geword, veral in die Dogmatiek (sistematiese teologie) en is dit hoofsaaklik in Nuwe Testamentiese studies oor die kerk (gemeente) dat daar gehandel word oor die kerk of gemeente as gemeenskap, waarvan die aard en karakter (die eienskappe) besien en omskrywe word vanuit die genade van God in Jesus Christus waarin die gemeente gestel is en in wie die Heilige Gees woning gemaak het. (Uit bogenoemde werke blyk duidelik dat daar in die teologiese denke so weinig te vinde is omtrent 'n teologie van die gemeente van Christus, in onderskeiding van die



"kerk" wat in die algemene taalgebruik dui op die samevattende geheel van gemeentes]. Dit is wel waar dat die aard, die karakter, die eienskappe van die plaaslike gemeente as volledige openbaring van die liggaam van Christus, ook geld vir die kerk in die algemeen, en omgekeerd. Maar die openbaring, funksionering en vergestaltung van die kerk (ekklesia) word gevind in die plaaslike gemeente. Daarom is dit belangrik dat ons ook sal let op die gegewens van die Nuwe Testament in verband met die wese, die aard, die karakter of die eienskappe van die gemeente (ekklesia) van Christus. Ons kan dan ook praat van 'n bepaalde "struktuur" van die gemeente van Christus omdat daar kragtens die genade in Christus waarin die gemeente gestel is, 'n bepaalde struktuur gegee is. Daarom kan ons byvoorbeeld praat van die "charismatiese struktuur", die "diakoniese struktuur", die "missionêre struktuur" en die "eskatologiese struktuur". Dan kan ons "struktuur" ook vervang met "aard", "karakter", "eienskap" of "kenmerk".

#### 1.2.6.1 Die charismatiese karakter en struktuur van die gemeente.

Die charismatiese karakter van die gemeente van Christus het te doen met die "charis" (d.w.s. die genade) waarin die gemeente deel en waarin hy gestel is kragtens die heil en verlossing in Jesus Christus en kragtens die inwoning van die Heilige Gees. Dit beteken dat die gemeente nie as "charismaties" omskrywe word, of hierdie kenmerk dra, omdat daar in hierdie besondere gemeenskap van mense die "gawes" (die charismata) voorkom nie. Dit is juis - en alleen - omdat die gemeente in die charis deel dat daar sprake is van charismata. Die charismata is dan meteens die openbaring van die charis waarin die gemeente deur die heilshandeling van die Drieenige God gestel is. 'n Gemeente word dus nie eers dān charismaties wanneer bepaalde charismata in haar tot openbaring kom nie, maar omdat hy in die genade van Jesus Christus gestel is en deel in die gawe van die Heilige Gees.

"Charis" is die sentrale begrip om die heilsmoment in Christus uit te druk, en dui dan die totaliteit van die heil aan waarin elke Christen as lid van die liggaam van Christus staan: "Maar hulle

word, sonder dat hulle dit verdien (chariti) in sy genade geregverdig deur die verlossing in Christus Jesus".<sup>141)</sup> "Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade (charis) waarin ons nou vasstaan".<sup>142)</sup> "Julle is inderdaad uit genade (chariti) gered, deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is die gawe (dōron = geskenk) van God"<sup>143)</sup> "Die genade (charis) van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn".<sup>144)</sup> "Charis" is dus die guns wat God in Christus Jesus aan mense bewys, om naamlik diegene te red en vry te spreek wat onder die oordeel en straf van God verval het, sodat hulle deel in die barmhartigheid en liefde van God. Sonder hierdie charis waarin die gemeente gestel is, kan daar geen charismata wees nie - die charis is voorwaarde, grond van, en oorsprong van die charismata. Duidelik word hierdie waarheid gestel in Romeine 12:6 "Ons het genadegawes (charismata) wat van mekaar verskil volgens die genade (ten charin) wat God aan elkeen van ons gegee het". Treffend stel Josef Hainz<sup>145)</sup> dit: "Gleich dem Leib aber, der viele Glieder hat, ohne dass die Glieder alle die gleiche Verrichtung hätten, haben auch die Glieder des, in Christus geeinten Leibes verschiedene charismata. Das sie hervorbringende Prinzip ist die charis. Durch die charis sind die Glieder, was sie sind, und diese charis ist an ihnen 'nicht unwirksam geblieben'; denn sie hat jedem in seiner Begnadung sein eigenes charisma zugeteilt. Aufweisbar ist das charisma; aber die Verschiedenheit der charismata weist auf verschiedenartige Zuteilung der einen charis". En verder "Für Paulus sind die charismata Gaben der charis und wie diese selbst Zuteilungen Gottes durch den sie vermittelnden Geist".

Met verwysing na Efesiërs 4:7 verklaar J.H. Roberts<sup>146)</sup> "Waar dit in die aanhaling van vs. 8 en wat daarop volg, handel oor die verwerwing van die heil deur Christus en dit ter sprake kom as ekskurs by die gee van hē charis, kan dit nie anders as dat hē charis hier aanduiding is van die heilsgenade wat Christus bewerk het en wat die gawe van Hom as Kyrios is aan elke lid van die volk van God nie; hē charis is die genade van die een geloof en een doop wat in vers 5 met die een

Kyrios in een asem genoem word. Dit gaan daarom dat elke lid van die gemeente as gawe van die Kyrios die heil ontvang het wat tot uitdrukking kom in sy geloof en doop".

Die gemeente van Christus - die ekklesia - is dus die gemeenskap van draers van genadegawes omdat almal deel in die een genade, nl. die heil, vernuwning en verlossing in Jesus Christus. Die genadegawes is dus tekens van die genadewerk van God onder mense op aarde en van die vernieuwe skepping wat op pad is na die nuwe hemel en die nuwe aarde. Soos Edmund Schlink<sup>147</sup>) sê: "Die Kirche ist die Gemeinschaft der Gnadengaben, in deren Mannigfaltigkeit sich die eine Gnade Christi wirkend vergegenwärtigt. (1 Petr. 4:10; 1 Kor. 12:1; Rom. 12:6). Die Mannigfaltigkeit der Charismen kann in verschiedenen Gemeinden (Vgl. bereits 1 Kor. 12 und Röm. 12) und zu verschiedenen Zeiten in verschiedenen Gestalten erscheinen. Aber immer ist sie die Erscheinung der eienen Charis Jesu Christi".

Omdat die Heilige Gees uitgestort is op alle mense<sup>148</sup> binne die liggaam van Christus beteken dit gevolglik dat almal wat deel het aan die Heilige Gees ook deel in die gawes van die Gees. Daarom is die charismata nie die uitsondering van enkele uitverkore lede nie, maar die aanwysing van die ganse gemeente (kerk, ekklesia) as charismatici, en dit is die charismatiese struktuur van die gemeente van Christus. Daarom kan daar ook nie sommige lede wees wat "ampelik" is en andere nie. Daar kan nie "klerikales" en "leke" wees nie. Omdat almal in dieselfde genade (charis) deel, en almal met dieselfde Gees vervul en deur dieselfde Gees toegerus is, is almal "ampelik". Want almal het 'n toerusting (gawe), 'n volmag tot diens van die Hoof van die Kerk - Jesus Christus - ontvang. Christus skenk die gawes aan die lede van sy gemeente om mekaar daarmee te dien, dus kan ons sê dat die charisma(ta) van die een ook dien tot charis van die ander. In Efesiërs 4 vers 7 word dan gesê: "Aan elkeen van ons is 'n genadegawe (hē charis) gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het", en dan vervolg in verse 11 en 12: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'uitgedeel het': Apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus".

Hieromtrent stel Roberts<sup>149)</sup> dan die vraag, n.l. of die genade wat aan elkeen verleen is alhier dui op 'n besondere charisma vir elkeen of op die algemene begenadiging waarin elke Christen deel. Hy antwoord soos volg: "Die charis wat elkeen van ons ontvang, is niks anders nie as die besondere charismata wat Christus in sy gemeente skenk. Die gemeente ontvang nie anders charis nie dan in die charismata wat die charis van die gemeente is deurdat hul die gemeente bevestig tot haar volmaking toe". Dan vervolg hy later: "En so voorsien die Gees deur die charismatici wat elke lid bevoor= raad, aan elke lid ook diē genadegawe wat dit benodig om sy taak beinne die geheel van die liggaam te vervul". M.a.w. die Heilige Gees gebruik die charisma(ta) van die een lid om aan die ander 'n charis mee te deel. So bv. die een wat die gawe van genesing het laat die ander deel in die charis van genesing. So ook wanneer die een sy charisma van profesie gebruik om die ander toe te rus vir sy dienswerk,<sup>150)</sup> deel hy in 'n charis.

Die charismatiese struktuur van die gemeente beteken dan verder dat daar nie "charismatici" in die gemeente is en dan nog "ampte", (in die sin van ons hedendaagse ordening in die kerk), wat dan van 'n hoër orde of 'n aristokrasie sou wees wat in die gemeente verhef word, om oor andere te heers of te regeer nie. Daar is wel gawes van leiding in die gemeente soos herders, leraars,<sup>151)</sup> ens., maar dan bly dit nog charismaties gestruktureerd, gelyk aan alle ander charismata, en nooit hiërargies gestruktureerd nie. Volmondig moet ons hier saamstem met die volgende formuleringe: Hans Küng<sup>152)</sup> "Die Leitungsgaben führen jedenfalls in den paulinischen Kirchen keinesfalls zu einer 'Führungsschicht', zu einer Aristokratie von Geistträgern, die sich von der Gemeinde abhebt und sich über sie erhebt, um über sie zu herrschen. Das ganze Neue Testament vermeidet ja für die Gemeindefunktionen geflissentlich die weltlichen Worte für Amt, weil sie alle ein Herrschaftsverhältnis ausdrücken. Statt des= sen uns im Gegensatz dazu spricht das Neue Testament von 'Dienst' (diakonia). ... Das Charisma kann nicht unter das kirchliche Amt subsumiert werden, aber die kirchlicher Ämter können unter das Charisma subsumiert werden". Josef Hainz<sup>153)</sup>

"Paulus fasst bei seiner Aufzählung keineswegs nur Charismen ins Auge, die einen 'besonderen Beruf' und eine damit verbundene besondere Stellung in der Gemeinde begründen konnten, sondern subsumiert jede Art des Tätigwerdens eines Gliedes zum Wohle anderer unter dem Begriff charismata. Nicht nur für den Apostel bedeutete die ihm widerfahrene charis seiner Bekehrung Erwählung zum Apostel (vgl. Röm. 1,1) und Aussonderung zum Evangelium Gottes, so dass seine charis zugleich seine apostolē begründete (vgl. Röm 1,5), für jedes Glied am Leib der Vielen, die 'in Christus sind, gilt, dass' es in seiner charis ein besonderes charisma empfangen hat".

Wanneer Karl Rahner<sup>154)</sup> egter praat van 'n charismatiese struktuur in die kerk naas die hiërargiese, kan ons nie daarmee saamstem nie, omdat almal in die gemeente dit wat hulle is - verlostes - uit genade is, en niemand dus iets verwerf het nie, en omdat almal dit wat hulle het, (die gawes), geskenk is, en dit niemand se eie kwaliteite of begaafdheid is wat hom rede gee om homself bo andere te stel nie. Hoewel die funksies van die lede onderling verskil, is daar nooit verskil of rangorde in status of belangrikheid nie. Dit was juis die probleem wat die apostel van die Here met Korinthe gehad het, daarom sê hy aan hulle: "En as die oor sou sê: 'Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie".<sup>155)</sup> Hierdie gesindheid dui dus op 'n minderwaardigheidsgevoel van die een teenoor die ander - 'n gesindheid wat in die gemeente van Christus nie mag wees nie. Aan die ander kant wys hy weer op 'n ewe skadelike gesindheid in die gemeente wat net so onvanpas is, naamlik 'n gees van meerderwaar= digheid as hy vermaan: "Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie'. Die kop kan weer nie vir die voet sê: 'Ek het jou nie nodig nie'. Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik ...".<sup>156)</sup> Die gemeente van Christus is dus deur en deur charismaties gestruktureerd, almal is begeëdigdes van God en daarom gelyk in status en posisie in die gemeente.<sup>157)</sup>

Aangesien die gemeente charismaties gestruktureerd is, en die gawes tot toerusting vir diens aan die gemeente uit die genade van God

geskenk word, beteken dit dat hierdie gawes nooit verwerf, aangeleer of bewerk kan word deur een of ander metode van die mens se kant nie. Dit moet wel nagestreef<sup>158}</sup> en aangewakker word,<sup>159}</sup> maar dit is alleen die Heilige Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.<sup>160}</sup> Die charismata veronderstel dus die wedergeboorte, soos Siegfried Grossmann<sup>161}</sup> dit stel: Wiedergeburt und Geistempfang gehören zusammen - der Empfang von Charismen ist Teil des Geistempfangs. Die charismen werden also geschenkt, wenn wir Ja sagen zu Gott und damit dem Heiligen Geist die Möglichkeit geben, in uns zu wohnen. Wir können von da an charismatische Erfahrungen machen".

Vanuit die charismatiese struktuur van die gemeente waar die gawes van die Heilige Gees aan die gemeente as liggaam van Christus geskenk is vir al sy funksies en die hele veld van sy roeping, soos in die plaaslike gemeente vergestaltung is, is daar ernstige vrae oor die hiërargiese struktuur in die kerk (in wyere verband) waar die een vergadering oor die ander kan heers, of meer gesag kan hê as 'n ander. So word daar selfs gepraat van "mindere" en "meerdere" vergaderinge in die kerk, wat dan op niks anders kan dui as 'n verkeerde opvatting omtrent die struktuur van die gemeente van Christus nie. Hierdie hiërargiese struktuur in die kerk veroorsaak dat 'n "mindere" vergadering of gemeente deur die besluite van 'n sg. "meerdere" vergadering gebind word al sou genoemde liggaam in die lig van die Woord van God en onder biddende leiding van die Gees vind dat 'n bepaalde besluit nie ooreenstem met die waarheid van die Woord daaromtrent nie. Sal die leiding van die Heilige Gees in 'n sogenaamde "wyere" samekoms dan duideliker, meer effektief wees, of met groter sekerheid gewaarborg kan word as in die plaaslike gemeente, wat ten volle liggaam van Christus is - as daar met ope gemoed, en eerlik gesluister word na die Woord van God en gebid word om die leiding van die Heilige Gees, waardeur Christus sy gemeente regeer?<sup>162}</sup>

#### 1.2.6.2 Die diakoniese karakter en struktuur van die gemeente.

Omdat die gemeente as volk van God die openbaring van die nuwe skepping is wat die Drie-enige God uit die gevalle én oue wêreldorde

daarstel, en meteens ook die openbaring is van die nuwe lewensorde asook van die nuwe eeu - die eskatologiese - wat begin met die koms - en die diens - van Jesus Christus, het ons hier te doen met die bepaalde lewensorde wat in radikale teenstelling staan tot die "paradys-gees". Daar vind ons naamlik dat die gees wat van die mens besit geneem het, die gees van die satan is waar God nie meer gedien word nie, maar die mens aangehits word om soos God te word.<sup>163)</sup> Dit impliseer dat hy nie meer in die diensknegsgestalte voor God en in sy skepping moet staan nie, maar in daardie posisie moet kom om te heers, te regeer, op die troon te wees - soos God - andere hom te laat dien en aan sy voete te stel. Dit is hierdie gees wat deur die verleier - satan - in die mens ingedra is, en wat deur alle tye heen die houding, gedrag, optrede en gesindheid van die mens bepaal teenoor God en teenoor sy medemens. Daarom is die koms van Jesus na hierdie wêreld meteens so 'n ingrypende gebeurde in hierdie soort wêreld waarvan die gees sō gestempel is. Want wanneer die diensknegsgestalte van Christus in hierdie wêreld geopenbaar word, is dit op sigself reeds 'n daad van diens en selfverloëning wat die absolute teendeel is van hierdie wêreldorde sedert die paradys-val. So leer ons dan aangaande Christus: "Hy wat in die gestalte van God was ... het Homself ontledig deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan die mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis".<sup>164)</sup>

Jesus keer ook hierdie wêreldorde radikaal om wanneer twee van sy dispele met die kenmerkende versoek kom, om eenmaal in die koninkryk van God een aan sy regter- en een aan sy linkerhand te sit. Hy antwoord dan daarop: "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar (doulos) wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar (doulos) wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien (diakonēthēnai) te word nie, maar om te dien (diakonēsai), en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie".<sup>165)</sup> Tereg sê Paul Philippi<sup>166)</sup> hieromtrent dat Markus 10:45 nie op die rand van die Evangelie staan nie, maar ordening en struktuur van die nuwe gemeente is en 'n fundamentele prinsipe daarstel. Dan sê hy verder van hierdie diakonia: "Diakonos sein,



ist eine Bestimmung, die in der eschatologischen Gemeinschaft gilt, gerade solange und sofern sie noch mit dieser alten Weltzeit, koexistent ist. Diakonos-sein ist eschatologische Existenz heute".<sup>167)</sup>

Nog 'n verdere uiters belangrike moment in die optrede van Jesus as die Diakonos waarna Philippi<sup>168)</sup> verwys, is sy reaksie op die versoeking van satan in die woestyn. Wanneer Jesus deur die satan versoek word, en Hy dit afslaan, sê Philippi dat hierdie beslissing van Jesus beteken dat Hy, wat ware mens is, (a) dit afweer om soos God te word - deur brood te maak, en (b) dat Hy hier die wil van God bewaar en dien. Daardeur word dan deur Jesus die skeppingswil van God weer vervul, en daarom begin met Jesus die nuwe eeu; die nuwe skepping. Jesus se diens beteken dus nie alleen dat Hy sy Lewe vir andere kom gee nie, maar in eerste instansie dat Hy die wil van God bewaar en gehoorsaam uitvoer, en so openbaar wat dit beteken as die mens diakonos van God is - dit is die teendeel van "soos God te word".<sup>169)</sup> Hy - die Messias - wat sô aan God diensbaar is, begin ook die nuwe volk van God waarvan een van die mees kenmerkende "karaktertrekke" die diakoniese gestalte is. So merk K. Runia<sup>170)</sup> dan op: "Het is geheel in overeenstemming hiermee dat ook het volk dat bij dēze Messias hoort, gekarakteriseerd wordt door het woord 'dienst'. Volgens de evangeliën heeft Jesus dit zelf weer aan zijn discipelen op het hart gebonden".

Dit is in hierdie dienskneeggestalte van Jesus en dit waartoe Hy sy volgelinge roep en lei, wat die werklikheid van die verlossing uit die ou wêreldorde en die komende ryk van God teenwoordig is. Hieromtrent noem Philippi<sup>171)</sup> drie hoofgedagtes: "1. Nach der Aussageabsicht der Evangelien wird mit und in Christus die Wirklichkeit des kommenden Reiches Gottes gegenwärtig.

2. Dem Reich Gottes - und mit ihm der 'Messianität' Christi, eignet eine bestimmte Qualitas, eine bestimmte Gemässheit, eine bestimmte Art oder Struktur. Ohne diese Qualitas kann das Reich Gottes nicht geglaubt oder verwirklicht gedacht werden (und nur in, mit und unter ihr kan man es ergreifen).



3. Die Jünger können nicht getrennt von Christus betrachtet werden. Sie sind von ihm in eine Wirkens - und Lebensgemeinschaft berufen. Hinsichtlich der Qualitas ihres Lebens, der 'Lebensart' gilt für die Jüngergemeinde, was für Christus gilt".

Jesus is nie alleen die groot Diakonos wat in hierdie wêreld, waar selfverheffing, heerssug en selfsugtige strewe na grootsheid heers, die wil van God vir sy skepsele kom openbaar en demonstreer deur in die skepping dienaar van God te wees nie. Ook diegene wat Hy aan Homself verbind as die Hoof en hulle sy liggaam, maar Hy (herstel Hy) tot hierdie diensknegsgestalte. Daarom wil Hy dat die Diakonia die karakteristieke van sy dissipels sal wees. Wanneer Hy dan met Jakobus en Johannes praat oor hulle selfverheerlikende versoek, sê Hy: "Maar by julle moet dit nie so wees nie. ... Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien ...". So ook wanneer Jesus die voete van sy dissipels was by die instelling van die Nagmaal. Wanneer Hy aan hulle sê: "As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Dit verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy baas nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie".<sup>172)</sup> Hieromtrent sê Paul Philippi<sup>173)</sup> "Von der ekklesiologischen Seite her ergibt sich aus den genus diaconicum der Christologie die diakonale Struktur der Gemeinde. Diakonie heisst darum zuerst, largo sensu, die Christusstruktur der Gemeinde". Die diakonale struktuur van die gemeente is dus meteens ook die Christusstruktuur van die gemeente en die openbaring van die teenwoordigheid van Christus in sy kerk op aarde deur alle tye heen.

Nadat ons aandag gegee het aan die diakoniese karakter van die gemeente, kan ons ook nou aandag gee aan die diakoniese struktuur van die gemeente.

Wat is hierdie struktuur van diens wat God in die gemeente gegee het en waarop is dit gerig? Hierop word verskillende antwoorde gegee.

Ons noem kortliks enkele daarvan: K. Dijk<sup>174)</sup> praat nog van 'n objek van die diakonia, en dan sien hy die kerk self as objek van die diakonia, en sê: "de primaire taak van de door de apostolische arbeid gestichte kerk is de taak voor die kerk zelve; haar diaconia heeft vóór alles de kerk tot object; de kerk ziet in de prediking, in de catechese, in het bezoek, in de verzorging der liefde zichzelve en zijn wordt in dit verband genoemd de kudde van de Opperherder".<sup>175)</sup> Van hieruit gesien behandel hy dan die "amptelike dienste" wat gerig is op die diens aan die kerk self. Sy hele werk behandel hy dan onder die volgende hoofde: "De belijdende Kerk", "De prediking als diens des Woords", "Het doel der catechese", "De herderlijke zorg", "Woord of offer" en "De dienst der barmhartigheid". By die diens in wyer verband kom hy nooit.

J.H. Roberts,<sup>176)</sup> behandel die diakonia onder die volgende hoofde: 1. Diens wat direk op God gerig is, waaronder 'liturgiese diens' en 'persoonlike diens'. 2. Diens wat in opdrag van God gerig is op die andere. Waaronder 'kerklike diens' en dan 'diens aan die samelewing'. Onder laasgenoemde afdeling behandel hy dan ook die sendingtaak.

Klaas Runia<sup>177)</sup> deel die saak soos volg in: Die diakonia van Jesus Christus self, Die diakonia aan die gemeente en dan die diakonia van die dienste of ampte.

Hans Küng<sup>178)</sup> sien die diakoniese struktuur soos volg: Die charisma en diakonia is korrelate begrippe terwyl die diakonia die charisma begrend in soverre elke diakonia in die kerk die roeping van God veronderstel. Charisma sinspeel op diakonia in soverre elke charisma in die kerk alleen in diens sy sin vind. Hy sê dan na aanleiding van 1 Petrus 4:10, ("As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien"), dat dit hier meer gaan om private gawes, soos bv. vermaning, vertroosting, wysheid, onderskeiding van die geeste, ens. terwyl dit by die ander gawes meer gaan om funksies van bepaalde persone in die gemeente, nl. apostels, profete, leraars, herders, ens. Hy sê dan dat by die eerstes in die Nuwe Testament meer die

gawes en hulle werking genoem word, terwyl by die tweede die persone bedoel word. "Die Personen können genannt werden, weil die Berufung offenkundig nicht willkürlich kommt und geht, sondern in einer bestimmten Stätigkeit mit bestimmten Personen verbunden bleibt, so dass diese Menschen in der Kirche als Apostel, Propheten usq. 'gesetzt' sind (Vgl. Ef 4,11). Diese zweite Art besonderer charismatischer Dienste, das Gefüge also der ständigen öffentlichen Gemeindedienste meinen wir, wenn wir von der diakonischen Struktur reden, die eine bestimmte Seite, einen bestimmten Aspekt der allgemeinen, grundlegenden charismatischen Struktur der Kirche darstellt".<sup>179)</sup> Dit is dus hieruit baie duidelik wat Hans Küng bedoel met die diakoniese struktuur. Hy behandel dan verder onder hierdie tema, hierdie besondere gemeentedienste waartoe bepaalde persone in die gemeente geroep is.

J.J. de Klerk<sup>180)</sup> behandel onder die Diakonia van die kerk 1. "Die Godsdien en die Kerk", waaronder: Die oorsprong van die godsdien, die verband tussen religie en godsdien, die uitinge van die godsdien. Dan behandel hy weer onder "Die Profetiese gestalte" die "Diakonie van die profetiese verkondiging" terwyl hy verder onder die "Priesterlike gestalte" weer die "koinoniale verpligting en die diakonale struktuur van die gemeente" behandel. Hieronder kom hy dan ook uit by "die ongekerstende heidendom".

Wilhelm Hahn<sup>181)</sup> sê dat hierdie diens en die gemeenskap wat uit Christus gegroei het, so ryk is omdat dit nie skematies is nie, maar van mense uit hulle besondere Christus-verhouding gebore is, en dan vervolg hy: "Schliesslich ist die horizontale Beziehung inhaltlich durch die vertikale bestimmt. Hier erweist sich die vertikale, und zwar in ihrer Bewegung von oben nach unten, als die konstitutive. Diese Bewegung der Vertikalen ist die Agape, die in Christus erschienen und wirksam geworden ist. Sie ist Liebe und Achtung des andern auch in seiner Unwürdigkeit, und sie ist selbstloser, aufopferender Dienst am ihn und am ganzen Leibe Christi wie auch an der Welt. Hierdurch ist die Kirche wesens= gemäss Liebes - und Dienstgemeinschaft. Das gilt wieder für den

einzelnen wie für die Gemeinde als Gruppe und die Kirche als Ganze". Hier is die diens van die gemeente dus wyd gesien, nl. gerig op die ander mens, die gemeente as liggaam van Christus, en op die wêreld.

Feitlik al die voorgenoemde pogings tot die behandeling van die gerigtheid van die diakonia sowel as die diakoniese struktuur word deur een of ander tekortkoming gedruk.

Karl Barth<sup>182)</sup> sê dat die diens, die diakonia van die gemeente in die volgende bestaan:  
(Ons gee slegs 'n samevatting weer):

In die middel van die wêreld het die gemeente die opdrag om die Woord van God te betuig en uit te voer. Hierdie diens asook die getuienis van die gemeente is wesentlik ook verklaring en verduideliking van die Evangelie. Dit behels aanspreke, proklamasie en verklaring in die vorm van applikasie. Die diens behels dan ook evangelisasie, sending, en teologisering. Hiermee gaan gepaard gebed, sielsorg, daad-getuienis (voorbeeld van die Christelike lewe), materiële diens aan die hulpbehoewendes en die profetiese handeling van die kerk, en die grondvestiging van die gemeenskap (koinōnia). Hoewel Barth dus 'n wye siening het van die diakonia van die gemeente, word hier ook nog belangrike wesentlike elemente van die Nuwe Testament gemis.

Gaan ons na die Skrif dan vind ons die volgende gerigtheid van die diakonia waartoe Jesus sy dissipels uitstuur met hierdie woord: "Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel (Luk. 10:9: "Van God"), het naby gekom'. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit",<sup>183)</sup> en: "Gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"<sup>184)</sup> Hier vind ons die volgende: Hierdie diakonia waartoe hulle geroep word, is gerig op die koningskap van God; op die heil van die wêreld, ("maak dissipels" en "genes"), en op die versameling van die volgelingen van Christus (die ekklesia) - "maak dissipels"; asook op die interne opbou van

die gemeente: "leer hulle om alles te onderhou". (Hierdie laasgenoemde element vind ons ook in die bevel van Jesus aan Simon Petrus: "Laat my lamms wei," "Pas my skape op" en "Laat my skape wei".<sup>185</sup>)

Wat die diakoniese struktuur self aanbetref, kan ons dan in kort sê dat dit alle charismata insluit, en dan wel soos Hans Küng dit uiteensit, nl. die "private" charismas en die charismas wat aan bepaalde persone verbonde is (nl. apostels, profete, leraars, evangeliste, ens.). Dit noem hy ook "gemeentefunksies" wat bestendig en reëlmatig in die gemeente gegee is.<sup>186</sup> Omdat die Charismata aan die gemeente gegee is met die oog op die diakonia van die gemeente en dit ook die kern-betekenis van die charismata is, kan ons sê dat die diakoniese struktuur van die gemeente in 'n bepaalde sin saamval met die charismatiese struktuur van die gemeente. Byvoorbeeld Ernst Käsemann:<sup>187</sup> "Die paulinische Charismenlehre hat darin ihre zentrale Bedeutung, dass alle Gabe des Christus als Gabe für einem konkreten Dienst beschreibt. So wird hier die Aufgabe der Kerygma-Träger dahingehend bestimmt, dass sie die Heiligen zum Dienst, genau zum allgemeinen Dienst an der Erbauung des Christusleibes, zuzurüsten haben. Keiner geht leer aus, hiess es eben. Keiner ist überflüssig, heisst es jetzt. Ubiquität des Erhöhten stellt sich auf Erden als totale Mobilmachung der Christenheit dar". So ook Hans Küng,<sup>188</sup> Herman Ridderbos,<sup>189</sup> Paul Philippi,<sup>190</sup> Wilhelm Hahn,<sup>191</sup> Josef Hainz,<sup>193</sup> e.a.

Die diakoniese struktuur van die gemeente mag dus nooit afgegrens en beperk word tot die drie ampte van leraar (predikant), ouderling en diaken soos dit vandag algemeen in die meeste protestantse kerke bestaan nie. Die diakoniese struktuur kan ook nooit slegs afgelei word van die drie ampte van Christus, nl. profeet, priester en koning waarvan die amp van bedienaar van die woord (profetiese) die diaken (priesterlike) en ouderling (die koninklike) weer afgelei is nie. Juis dit het aanleiding gegee tot die verskraling en beperking van die diakoniese struktuur. Veeleer moet ons verklaar dat elke charisma die karakter dra van die amp van Christus, nl. dat

dit koninklik, priesterlik en profeties is. Anders is dit 'n on-Bybelse beperking van die diakoniese struktuur van die gemeente as liggaam van Christus. Dit is ook ewe on-Skriftuurlik om van bepaalde groeperinge, aksies of "verenigings" in die gemeente te praat as "hulpdienste". Byvoorbeeld die aksie van die vroue in die gemeente of jeug wat as "hulpdiens" vir die ampte gesien word. Dit is 'n radikale on-Skriftuurlike siening van die diakoniese sowel as die charismatiese struktuur van die gemeente van Christus. Alle dienste, alle charismas in die gemeente is gelyk, daar is nie "amptelike" en "nie-amptelike" dienste in die gemeente nie! Alle dienste van alle lede is amptelik, want wanneer Christus Jesus deur die Heilige Gees gawes aan die mense uitdeel, en hulle toerus tot sy dienswerk, is alles en almal amptelik - d.w.s. dit dra die gesag van die verhoogde Christus en die stempel van die Heilige Gees. "Hulpdienste" het die idee van 'n sub-kontrak by die hoof-kontrakteur. Alle lede is koning, priester en profeet tegelyk, en nie sommige in 'n koninklike diens, ander in 'n priesterlike en nog ander in 'n profetiese, wat dan amptelik is, terwyl die lidmaat "amp van die gelowige" bestempel word nie. So kom die verklaring van die Here God dan ook deur Johannes op Patmos aan die sewe gemeentes in Asië: "Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader".<sup>194)</sup>

Hans Küng<sup>195)</sup> verklaar oor bogenoemde saak: "Dieser Dienst wurde nach dem Neuen Testament in recht vielfältigen Formen und Gestalten wahrgenommen. Ganz abgesehen von den von vorneherein nicht systematisierbaren, frei aufbrechenden Charismen (Erstlinge, Sichmühende, Vorstehende, Führende usw.), ist es auch nicht möglich, die (mindestens mit der Zeit) unter Handauflegung Übertragenen Dienste - der Presbyter, Episkopen, Diakone usw. - vom Neuen Testament her in ein System zu bringen. Die Dreiämterordnung des Ignatios von Antiochien had Wurzeln in den Ursprüngen, ist aber als solche Dreiteilung nicht einfach die ursprüngliche Dienstordnung und Dienstaufteilung. Sie ist, wie wir gesehen haben, das Ergebnis einer sehr komplexen historischen Entwicklung. Es ist unmöglich, die Funktionen der drei Dienste, und insbesondere die des Episkopen

und des Presbyters; theologisch-dogmatisch voneinander abzugrenzen. ... Die reichen Ansätze zu einer Kirchenordnung im Neuen Testament lassen mehrere Möglichkeiten der Verwirklichung offen".

A.M. Brouwer<sup>196)</sup> het reeds in 1936 gewys op die onhoudbaarheid dat die kerk slegs drie ampte onderhou het. So ook Hendrik Kraemer.<sup>197)</sup> (Meer hieroor egter in 'n latere hoofstuk).

Daar is wel bepaalde gawes van leiding in die gemeente gegee,<sup>198)</sup> maar dit is net so deel van die diakoniese struktuur van die gemeente van Christus as al die ander gawes soos byvoorbeeld vermeld in Romeine 12:4-8 en I Korinthiërs 12:4-31.

Samevattend kan ons sê dat die diakonia gerig is op die verkondiging van die koningskap van God, die eer van sy Naam as die God van heil, ontferming, genade en redding; op die heil van die wêreld en die bediening van die versoening in Jesus Christus;<sup>199)</sup> diens aan die wil van God deur die nuwe gehoorsaamheid; en aan die opbou van die gemeente - d.w.s. uitbreiding en innerlike groei en versterking.

#### 1.2.6.3 Die missionêre karakter van die gemeente

Die Heilige Gees word aan die gemeente van Christus gegee tot toerusting vir die werk wat God in hierdie verlore en vervalde wêreld wil doen. Daarom het die gawe van die Gees en sy gawes nooit ten doel die eie verlustiging in die heil van God en die nuwe lewe in Christus nie, maar dit is gerig op die diens van die gemeente aan die wêreld tot heil en verheerliking van God. Die Gees en sy gawes word aan die gemeente gegee sodat die gemeente ingeskakel kan word in God se heilsplan met die wêreld, en die Drie-enige God dus sy sending, wat deur sy Eniggebore Seun geaktualiseer is<sup>200)</sup> in die wêreld kan voortsit en voleindig. Die Gees en die gawes van die Gees aan die gemeente, stempel dus die gemeente tot missionêre gemeente sodat die Missio Dei (die sending van God) 'n wesenskenmerk - 'n noodwendige, essensiële funksie van die gemeente is. Die gemeente (ekklesia) is egter nooit 'n funksie van die mission,

soos die ekumeniese beweging dit sien nie, want die kerk (gemeente kan nooit in 'n funksie opgaan nie. Die sending kan en is alleen 'n aspek van sy bestaan, maar dan sō dat dit die wese van sy karakter is. Dit is die ekklesia omdat hy die liggaam is van Hom, en aan Hom behoort - Jesus Christus - wat God gestuur het as Heiland van die wêreld, daarom is die ekklesia deur Hom en met Hom opgeneem in hierdie "sendingsbeweging".

Werner Krusche<sup>201</sup> stel dit treffend raak wanneer hy sê: "Mission - so beginnt man wieder zu wissen - ist nicht sekundär zur Kirche, sondern gehört zu ihrem Wesen. Die Kirche ist nicht erst einmal Kirche, und dann treibt sie aus irgendwelchen Motiven heraus zusätzlich auch noch Mission, sondern sie ist notwendig missionierend = die Kirche, ohne indessen einfach in der Missionarischen Bewegung aufzugehen und sich als Mission definieren zu lassen. Sie ist Kirche nur als missionarische Kirche, weil sie die Kirche dessen ist, den Gott gesandt hat zum Heiland der Welt, und weil sie von ihm in diese Sendungsbewegung hineingenommen worden ist (Joh. 20,21: 17, 18). In der Teilhabe an der 'Missio Dei', an der grossen Liebesbewegung Gottes zur Rettung der von ihm abgefallenen, in der Entfremdung von ihm und damit in der Selbstentfremdung lebenden Menschheit, in sein Heil hinein, in die Teilhabe also an dem Geschehen, das in der Sendung des Sohnes zentriert ist und in der Sendung der Apostel durch ihn weitergeht, ist der missionarische Charakter der Kirche begründet. Erst in der Teilhabe an der Sendungsbewegung ist die Kirche ecclesia apostolica, nicht schon dadurch, dass sie die apostolische Überlieferung hütet und bewahrt".

Let ons op enkele uitsprake van die Skrif in verband met die sending van die Seun van God, en die doel van sy sending, vind ons onder andere die volgende: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat diē wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hē. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word".<sup>202</sup> Volgens Lukas 19 vers 10 het Jesus by die lewensverandering van Saggeüs gesê: "die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore



was".<sup>203}</sup> In die sending van die Seun word dus die heilswil van God en sy liefde geopenbaar, asook sy heil aan die wêreld gegee.

Wanneer Jesus dan sy dissipels die wêreld in stuur, sê Hy hierdie betekenisvolle woorde: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".<sup>204}</sup> So word hulle gestuur na alle nasies, dit is missionêre gemeente. Ná sy opstanding, ontmoet Jesus sy dissipels en dan maak Hy God se bedoeling met hulle in die wêreld bekend as Hy sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: 'Ontvang die Heilige Gees'".<sup>205}</sup> Hulle word dus soos (kathōs) Jesus in die wêreld gestuur en daarvoor ontvang hulle die Heilige Gees. By hierdie verkondigings-aspek van die sending van die Seun van God, kom daar nog 'n ander wesentlike aspek wat ons vind in Mattheüs 1:23 en Johannes 1:14: "... en hulle sal Hom Emmanuel noem. Die naam beteken: God met ons". En: "... die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid".

In die sending van die Seun wil God die mens laat ervaar dat Hy, God, met ons is, en nie teenoor die mens, in opposisie tot die mens of as vyand van die mens nie. Hy wil in Jesus die openbaring en ervaring gee dat Hy God vir ons is; tot ons heil en lewe. En die tweede aspek is dat Hy volgens Johannes 1 vers 14 in die sending van sy Seun wat met ons een word, Homself identifiseer mēt die mens en sy heerlikheid laat sien as die God van liefde, genade, ontferming en heil. Ons kan dus konkludeer: "Sō wil God in die sending van sy Seun en in die sending van die (sy) ekklesia in die wêreld ervaar word. Dit is die wesentlike trekke van die missionêre karakter van die gemeente van Christus dat sy bestaan in die wêreld; sy saam lewe met die wêreld, hierdie getuienis sal dra, wat ook die karakter van die Missio Christi was.

Die missionêre karakter van die gemeente omvat dus twee groot aspekte

(fasette] nl. (1) Die Blye Boodskap aangaande die heil van God in Jesus Christus wat aan die wêreld verkondig word, en (2) Die voorlewe, die demonstrasie van die heil in Christus waarin die gemeente genadiglik te staan gekom het, sodat die wêreld deur die bestaan van die gemeente God as Emmanuel ervaar<sup>206)</sup> en God se heerlikheid aanskou in Jesus<sup>207)</sup> wat deur die gemeente uitgedra word in woord en deur lewe. Aangrypend word hierdie missionêre aspek van die bestaan van die gemeente gestel in Efesiërs wanneer daar gepraat word van die gelowiges wat met Christus Jesus lewend gemaak is en saam opgewek is "sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het".<sup>208)</sup> "In die tye wat kom", beteken nie dat God eenmaal op 'n punt van die tyd wat nog moet kom, deur die gemeente sy rykdom van genade sal uitstal voor die wêreld nie, maar nou reeds, soos Heinrich Schlier<sup>209)</sup> dit stel: "Von den Äonen wird im Epheserbrief in einem 'neutralen' Sinn gesprochen. Es sind in die Welten, die erst herankommen. Sie sind die Welt, sofern sie aus der Zukunft kommt und noch nicht als konkrete Geschichtszeit und - macht dem Weltverfall und der Weltverhüllung anheimgegeben ist und selbst anheimgibt: 2,7; 3,9; 3,11. ... Die Äonen meinen die Welt, wie sie, wenn man so sagen darf, aus der Hand des Schöpfers über dem Horizont der Geschichte auftaucht, aber noch nicht Werkzeug und Ausweis der Mächte und Gewalten geworden ist. ... Sie, die Kirche auf Erden, die ihren Ort in den Himmeln des Daseins hat, soll als der Gnadenleib und Gnadenbau, das Gnadenmal Gottes sein für alle Weltgeschichte, die aus der Hand Gottes zukünftig hereinbricht". Die kerk is dan teken van die genade omdat God in hom deur die aankomende eeue heen, iets in en deur die wêreld laat beleef van sy heerlike werk van verlossing in Jesus Christus, en sy genade as't ware also uitstal voor die oë van alle geslagte. So het die ekklesia 'n missionêre gestalte naas haar missionêre arbeid - taak.

Dan kan ons nie saamstem met Gerhard Jastram<sup>210)</sup> nie as hy sê: Missionarish ist die Gemeinde erst dann, wenn sie bewusst die empfangene Erlösung anderen vermitteln will, die doch nicht zum Glauben an Christus gekommen sind. Sie soll also selbst die

Botschaft der Freude weitergeben". Eerder moet ons sê dat die gemeente missionaries is omdat sy die verlossing bewustelik beleef en ontvang het want dan is sy gedring deur die Heilige Gees om die ontvangte verlossing ook aan andere verder te gee. Want, sê David Bosch,<sup>211)</sup> dit moet voorop gestel word dat die sending 'n wesensaspek van kerkwees en christenwees is. Sending is 'n lewensuiting van die Heilige Gees se aktiwiteite tot die individu of die kerk self. R. Newton Flew<sup>212)</sup> sê ook dat die gawe van die Heilige Gees die merk van die Messiaanse gemeenskap is, en daarom is die kerk van die begin af sendingkerk op grond van die goddelike openbaring waarmee hy toegerus is. Die gemeente van Jesus Christus is in sy wese, uit die aard van sy ontstaan en bestaan, missionêre gemeente, en nie omdat 'n opdrag tot hom kom, of hy bewus geword het van sy ontvangte genade of van die nood van die wêreld sonder God nie. Nee, hy is dit kragtens die inwonende Christus en die salwing van die Heilige Gees. Korrek en juis formuleer Van Swigchem<sup>2-3)</sup> dit as hy sê: Nêrens 'n verwysing na 'n uitdruklike opdrag nie, maar wel "na die opdrag ..." of, "deur die wil van God ..." (1 Kor. 1:17; Gal. 2:7; 1 Kor. 9:16). Veral Romeine 10:17 waar die beste manuskripte lees: "Dia rhēmatos Christou" - "Kragtens opdrag van Christus", (Fil. 2:15; 1 Petr. 2:15; 2 en 9). Dit was nie nodig dat die gemeente steeds met klem van redes aan sy roeping vir die wêreld herinner moes word nie. "En met name was het niet nodig, dat haar het bevel tot deze arbeid word voorgehouden. Zij was niet een leger, dat steeds aan het gegeven bevel herinnert moest worden, maar een leger, dat uit eigen beweging de strijd voerde, omdat dit bevel in haar denken vlees en bloed geworden was. De motieven, die haar dreven, lagen dieper verankerd dan een bevel, dat, hoe dringend ook, toch altijd iets uitwendigs en accidenteels heeft". Daarom kan ons nie aanvaar dat sending - die missionêre arbeid van die gemeente - 'n opdrag is wat aan die gemeente gegee word soos die meeste teoloë dit tog wel sien nie, maar dat die gemeente 'n missionêre karakter het, wat deel - essensiële deel - van sy wese en bestaan is. Daartoe was die Heilige Gees gegee.<sup>214)</sup> Selfs Karl Barth,<sup>215)</sup> wat 'n nuwe denke in die teologie ingedra het, praat ook nog daarvan dat die Evangelie en die sending aan die gemeente opgedra is. Dit is verkeerd om die

gemeente los te dink van Christus en die Gees, as 'n ander entiteit aan wie opdragte van Godswêë oorgedra word. Christus Jesus het die lewe van die gemeente geword, omdat dit sy liggaam is - die Heilige Gees woon in die gemeente blywend, immer, ononderbroke tot in ewigheid. Daarom handel Christus in sy gemeente - beweeg die Gees sy wil, beheers sy denke en lewensuitinge. Werner Krusche<sup>216)</sup> sê: "Dass die Kirche Werkzeug und Ziel der Missio Dei ist, zeigt besonders deutlich Joh. 21, 1-14 (im Zusammenhang mit Luk. 5,10): das Netz ist sowohl das Werkzeug, mittels dessen, als auch das Behältnis, in das hinein Menschen gesammelt werden zur neuen Menschheit". Die Drie-enige God werk, handel, en leef in die gemeente, also is die gemeente werktuig en doel van die Missio Dei. Daarom kan Edmund Schlunk<sup>217)</sup> sê: "Der Geist also gibt durch Charismatiker Weisung, wen er gesandt haben will, und darüber hinaus auch, wohin er gesandt haben will. In der Wendung dienen Menschen= wort und Menschenhände als Werkzeug des sendenden Gottes. Gott beruft durch den Mund und die Hand der Kirche als durch sein Werkzeug. (Hand. 1"24 v.v.; 13:2 en 20:28)". Wanneer Jesus dan ook sy dissipels in die wêreld instuur om die diens van die koninkryk van God te verrig, sê Hy aan hulle: "Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het".<sup>218)</sup> Hierdie spreke, hierdie handeling van Jesus Christus in en deur die gemeente - soos in besonder ook die funksionering van die charismata in die gemeente - is die openbaring en getuienis (bewys) van sy teenwoordigheid in die gemeente, asook dat God nog met sy sending in die wêreld besig bly tot die einde toe.

Die ander aspek van die missionêre karakter van die gemeente, is die voorlewe - die demonstrasie - van die heil in Christus deur die nuwe lewe wat hulle leef. Dit het D. van Swigchem in sy heel besondere werk: "Het Missionair Karakter van de Christelijke Gemeente" baie goed na vore gebring. Hy sê o.a.: "Het missionair gericht zijn van de kerk betekent ook, dat haar leden prediken met hun ganse persoon, door hun hele levensopenbaring. Juist omdat het is een verkondigen van de krachten van het koninkrijk, waaraan men zelf

deel gekregen heeft, kon het niet anders of het vernieuwde lewen der gelovigen moet, als 'demonstratie' van de krachten, in de missionaire prediking ingeschakeld zijn. En tot deze vorm van prediking is elk levend lid der gemeente gehouden. ... Men kan zeggen, dat de eerste zendingstaak van de gemeente hierin gelegen is, dat zij de buitenstaanden iets van de verlossende en reinigende kracht van de Heilige Geest in haar eigen lewen toont, en dat, dit geheel ontbreekt, alle andere zendingsaktiwiteit met lamheid geslagen wordt. En omgekeerd kan men zeggen, dat een levensheiliging, die beoefend zou worden zonder daarmee tevens de buitenstaanden te zoeken, noodzakelijk moet ontaarden".<sup>219)</sup>

Wanneer Jesus sy dissipels roep tot die koninkryk van God, sê Hy aan hulle: "Julle is die sout van die aarde" ... Julle is die lig van die wêreld". ... "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik".<sup>220)</sup> Die apostel Paulus sê aan die gemeente: "Doen alles sonder kla of teëpraat. Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelik kinders van God te midde van ontaarde en verdorwe mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra".<sup>221)</sup> Aan die gemeente van Korinthe sê hy: "Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskrywe op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan. Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is deur ons diens geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God ...".<sup>222)</sup> So lees ons ook dat die gemeente geroep is om te wandel: "axiōs tou Kuriou" (Waardiglik die Here),<sup>223)</sup> en "axios tou evangeliou tou Christou" (waardig die evangelie van Christus).<sup>224)</sup> Van sy eie lewe en begenadigde van die Here, sê die apostel Paulus: "Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondeur, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry".<sup>225)</sup>

Wat die gemeente in haar wese is,<sup>226)</sup> en wat in haar midde gebeur en ervaar word,<sup>227)</sup> bevat alles 'n missionêre dimensie, en is reeds prediking "teenoor die wat buite is". Kragtens haar bestaan in

Christus is die gemeente reeds "n brief van Christus ... vir almal om te lees en te verstaan<sup>228)</sup>.. nog voordat sy 'n woord gesprek het of die grense na die wêreld oorgesteek het met die boodskap van heil in Christus. Werner Krusche<sup>229)</sup> sê "Ihr exemplarisches Leben strahlt aus und zieht an und ist als solches missionarisch (Act. 2,47)".

Vra ons na God se bedoeling met hierdie missionêre karakter en -gestalte van die gemeente, is die antwoord hierop dat God also sy genade voor die wêreld uitstal tot sy verheerliking,<sup>230)</sup> maar dat Hy daardeur ook die opbou van sy gemeente beoog en ten doel het. Pragtig stel Van Swigchem<sup>231)</sup> dit: "Wanneer de apostelen spreken van 'opbouwen' van anderen, van een gemeente, van de Kerk als geheel, is ook dat een aktiviteit, die een missionaire zijde heeft. Oikodomein kan, al naar het verband, veel variaties van geestelijk, kerkelijk werk aangeven. Nu eens staat vooruitgang in het geestelijk leven, dan meer in de kerkelijke consolidering op de voorgrond, de ene keer geschiedt het opbouwen door de arbeid van de apostelen, de andere keer door een charismatische uiting, etc. Altijd zit er de messiaans - pneumatologisch - eschatologische gedachte achter, dat Christus zijn gemeente bouwt. En ook het missionaire element van de 'uitbouw' zo nauw verbonden met deze achtergrond, is meermalen in oikodomein aanwysbaar ... . Opbou het ook ten doel de behou of win van de andere".

Werner Krusche<sup>232)</sup> sê ook: sending beteken, die getuig van die reddende Evangelie met die doel die inlywing van nuwe lede in die liggaam van Christus, en die kerk, waarin daar alleen heil is. Die doel van die missionariese beweging is die integrasie "der von ihr erreichten in der Kirche als den eschatologischen Gottesvolk. Mission geschieht also als Bewegung des rettenden Evangeliums zur Sammlung des endzeitlichen Gottesvolkes". Dan sê hy verder: "Im alten Milieu soll das neue Leben gelebt werden, im alten Milieu soll Gemeinde Christi werden, soll Eingliederung in der Leib Christi, in die kirche, geschehen". Hiervoor is bepaalde kenmerke (eienskappe) noodsaaklik wat onontbeerlik is vir die missionaries-gestruktureerde gemeente, nl.: (1) Dit moet opnamegeskik wees, (Aufnahmefähigkeit),

sodat die nuwe bekeerlinge nie vreemd en ontuis sal voel in die kerklike milieu nie. (2) Dit moet uitstralingskragtig wees (ausstrahlungskräftig), d.w.s. die manier waarop mense hier met mekaar saam leef, omgaan en mekaar dien, moet opval en die buite=staanders tot bewonderende vrae bring.<sup>233}</sup> (3) Dit moet uitsendingsbekwaam wees, (aussendungstüchtig). Dit beteken dat elkeen wat die Heilige Gees ontvang het, en die charismata deelagtig is, nie daarop ingestel is, om slegs iets te bekom en te ontvang nie, maar dat hy iets het om by te dra wat vir die ander nuttig en vir die gemeente onontbeerlik is.<sup>234}</sup>

Die missionêre karakter en -gestalte van die ekklesia is daarom gerig op die opbou van die gemeente, terwyl dit juis die toerusting van die Gees is, wat die gemeente hierdie karakter verleen en daartoe aktiveer deur die gawes wat Hy in die gemeente gee.

#### 1.2.6.4 Die aanbiddingskarakter van die gemeente.

##### Die herkoms van hierdie eienskap.

Die gemeente kom as liggaam van Christus tot openbaring en neem gestalte aan wanneer hulle saamkom om die Drie-enige-God van hulle verlossing, te dien, te eer en te verheerlik. Hierdie besondere aard en karakter van die gemeente as die liggaam van Christus op aarde kom dus op besondere wyse in die erediens tevoorskyn. In hierdie verskyningsvorm van die gemeente word geopenbaar dat God in hierdie wêreld onder verlore mense werksaam is as die God van heil en tot redding. Want hierdie besondere verskyning van die gemeente, is die duidelike bewys en bevestiging daarvan dat God mense uit die verlore wêreld uitgeroep het tot sy wonderbare lig<sup>235)</sup> en dat hierdie mense huisgenote van God geword het.<sup>236)</sup> Want die rede waarom hulle so versamel is nie vanweë die een of ander beweging wat van mense uitgegaan het nie, maar van die ewige liefdesbeweging wat van God self uitgegaan het. Hierop reageer hulle en vergader saam, maar dan nie rondom een of ander ideologie, of ter wille van een of ander kulturele funksie nie, maar met God self, Hy is die middelpunt en doel van hulle saam-wees.

Hierdie aanbiddingskarakter van die gemeente van Christus staan in geweldige kontras tot die gees wat van die mens besit geneem het in die paradys. Daar het die mens onder aanhitsing van die satan juis homself verhef teen God, teen Hom gekies en van sy gemeenskap weggebreek,<sup>237)</sup> wat die teendeel van aanbidding, verering en verheerliking van God is. Die aanbiddingskarakter van die gemeente beteken juis dat dit mense is in wie se lewens die groot omkering plaasgevind het, sodat hulle wat in selfverheffing God nie meer wou erken en sy wil nie meer wou gehoorsaam nie, nou weer tot erkenning voor Hom buig as die Skepper en Heerser oor alle dinge. Aanbidding beteken juis om God te erken vir Wie Hy is en daarom word voor Hom neergekniel, gebuig, aan sy voete neergeval om Hom te huldig, te vereer en die afhanklikheid van Hom te bely.<sup>238)</sup> Die gemeente wat saamkom vir die aanbidding en verering van die Here God in die erediens, is dus ook die openbaring van die omkering wat in die harte van selfverheffende mense plaasgevind het, daarom staan hulle weer in die juiste verhouding en houding teenoor God en voor Hom as die Almagtige. Tegelyk is dit ook die openbaring daarvan dat God mense uit die mag van die bose bevry het en 'n nuwe gees in hulle binneste gegee het, sodat hulle nie meer "soos God"<sup>239)</sup> wil wees nie, maar mens - skepsel - voor Hom wil wees.

Hierdie spesifieke karakter en gestalte wat die gemeente aanneem, getuig dus van die liefdes-wil van God wat Hom, ten spyte van die doenwaardigheid van die mens - tog sō met die mens bemoei dat Hy hom weer terug bring in sy gemeenskap en dat die mens wat sō aangeraak is, Hom wil dien en aanbid. Dit is hierdie genadige en liefdes-handeling van God wat juis hierdie besondere vergadering op aarde daarstel. Treffend sien ons dit wanneer die Here God sy verbonds-volk uit die slawehuis van Egipte uitroep en uitlei. As simbool van hulle verlossing uit hierdie toestand - waar hulle juis nie vry is, om die Here te dien nie - moet hulle die paaslam slag, en dan kom die betekenisvolle bevel van die Here: "... en die hele vergadering (kehal) van die gemeente (hēda) van Israel moet dit slag teen die aand".<sup>240)</sup> Dan volg die verdere bevel: "En op die eerste dag moet daar 'n heilige samekoms wees; ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees".<sup>241)</sup> Nadat die Here



dan sō tot die volk gespreek het, lees ons die aangrypende en enigste moontlike reaksie op hierdie genadige handeling van God met mense: "Toe het die volk in aanbidding neergebuig. En die kinders van Israel het gegaan en dit gedoen".<sup>242)</sup>

Wanneer die Here dan hierdie volk uit die slawehuis uitgelei het, wil Hy vir hulle verseker van sy voortdurende teenwoordigheid by hulle, waardeur Hy ook telkens op besondere wyse vir hulle ontmoet om sy verbond met hulle te versterk en die verhouding met Hom te verinnig. Dit neem die vorm aan van die besondere samekoms van aanbidding in 'n heel besondere plek. So gee die Here die opdrag daartoe aan Moses: "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon".<sup>243)</sup> So kom hierdie verlostes wat die Here God uit die slawehuis uitgelei het dan op gereelde tye saam in die heiligdom waar hulle Hom aanbid en Hy hulle ontmoet as sy eiendomsvolk. Hierdie aanbiddingskarakter van die volk van die Here ontstaan dus deurdat Hy hulle uit die wêreld van slawerny en heidendom uitgelei en uitgered het om aan hulle 'n nuwe bestaan en 'n nuwe lewe te gee.

Wanneer Jesus, die Verlosser, sy verlossingswerk onder mense kom doen, deel Hy in hierdie aanbiddingsgeleenthede van die volk van God.<sup>244)</sup> So gaan Hy ook die volk van God voor in die aanbidding in die huis van sy Vader, en verklaar Hy ook by die misbruik van die huis van sy Vader deur sy optrede en sy woorde dat dit 'n huis van gebed moet wees.<sup>245)</sup> Ná die heilswerk van Jesus volbring was, en Hy opgevaar het na die hemel leer ons ook dat hierdie nuwe mensheid wat Hy uit die verlore wêreld uitgeroep en in sy gemeenskap gestel het telkens op die eerste dag van die week - die opstandingsdag - bymekaar kom om te aanbid en die Here te dien.<sup>246)</sup>

Die aard van die aanbiddingsgestalte van die gemeente.

Die aanbiddingskarakter van die gemeente is in sy mees oorspronklike betekenis en aard die ontmoeting tussen God en die gemeente van sy verlostes. Herbert Masach<sup>247)</sup> stel dit byvoorbeeld soos volg: "Der Gottesdienst ist, wenn wir ihn richtig verstehen und gestalten, die Stelle, wo sich Gott immer wieder mit den Menschen verbindet, wo

die Anliegen der Welt vor Gott laut werden und umgekehrt, wo Gott seinen Willen über die Welt kundtut. Der Gottesdienst ist die Nahtstelle zwischen Himmel und Erde, der Ort, wo die Gemeinde ihre Kraft und Fülle entfalten kann. Die ganze Breite und Vielfalt der Gemeinde muss hier eingebracht und alle Begabungen sichtbar und hörbar werden. Wir wissen aus Bemerkungen des Apostels Paulus, dass jeder, der zum Gottesdienst kommt, etwas mitbringen soll (1 Kor. 14,28).

Der Gottesdienst ist damit die zentrale Mitte des Gemeindelebens. Hier übt und verwirklicht die Gemeinde ihre Funktionen als Priesterschaft Gottes".

Die erediens is in der waarheid die middelpunt van die gemeentelewe. Hier word al die rykdomme van God se genade in Jesus Christus deur die Gees uitgestort en opnuut meegedeel in Woordverkondiging, viering van die Nagmaal en die Doop. Hier beleef die gemeente as liggaam van Christus altyd weer opnuut en op unieke wyse die heil aan hom geskenk en deel die gemeente telkens opnuut in die voorreg en vreugde van die gemeenskap met die Lewende Here in die aanbidding en lofprysing. Daarom noem Jürgen Moltmann<sup>248</sup>) die erediens, die Messiaanse fees: "Das messianische Fest erneuert die Erinnerung Christi und weckt die Hoffnung auf sein Reich. Es stellt damit das alltägliche Leben in den grossen Spannungsbogen dieser Erinnerung und dieser Hoffnung. Die versammelte Gemeinde nimmt in dieser Geschichte Christi die trinitarische Geschichte Gottes wahr, die Weltoffenheit seiner Liebe und die Vollendung aller Dinge in seiner Freude. Ihre gegenwärtig erfahrene Befreiung sucht den Einklang mit der Freude der ganzen Schöpfung am Dasein und greift voraus in das Glück des erlösten Daseins". Dan vervolg hy en sê dat hierdie Messiaanse fees die versamelde gemeente met sy daaglikse smarte en vreugde in die wye horison van die trinitariese geskiedenis van God met die wêreld stel. Die gemeente verkry en demonstreer daarin vryheid, naamlik vryheid van die ontvreemding van die bestaan, vryheid vir die alternatief van die nuwe lewe en vryheid tot aanvaarding van die teenswoordige bestaan. Die Messiaanse fees word dan die lied van die Here in die vreemde land

na luid van Psalm 137. Hy sê: "Es ist das Fest der Gottesherrschaft unter dem Kreuz Christi und am Ort seiner Nachfolge in der Welt. Aber es hat eine unverkennbare Tendenz und eine deutliche Richtung auf den Sieg des Lebens und die Vollendung der Freiheit im Kommen Gottes. Das 'in der Freude' befreiende Fest ist die fragmentarische Vorwegnahme der festlichen, freien Welt Gottes".<sup>249)</sup>

Die aanbiddende gemeente wat te midde van hulle stryd en spanninge, hulle lief en leed nog op hierdie aarde leef en hier ook nog die smarte en ontberinge van die aardse lewe ervaar, gryp in hulle ervaring reeds vooruit na die ewige bevryding, volkome verlossing, ewige vreugde en vrede in die onverstoerbare gemeenskap met God in die nuwe hemel en die nuwe aarde.<sup>250)</sup> Die gestalte van die aanbiddende gemeente is dus die vooruitgryping van die feestelike verkeer met God Self in die nuwe vrye wêreld wat Hy eenmaal daarstel by die wederkoms van Christus. So word die gemeente reeds gesien as die nuwe mensheid wat weer een word met die hemelse leërskaars wat steeds van ewigheid tot in ewigheid besig is om God te prys.<sup>251)</sup> Eduard Schweizer<sup>252)</sup> sê: "Im Singen reiht sich die Gemeinde also in die Schar derer ein, die ihre Knie beugen und den Herrn anbeten. Ihr Singen ist Vollzug der Unterordnung der Gemeinde unter den zum Himmel Erhöhten". Juis in hierdie aanbiddingsgestalte van die gemeente word dit gedemonstreer dat dit die nuwe mensheid is wat weer op hulle regte plek voor God staan, en in die regte verhouding tot Hom gekom het, daarom aanbid en loof hulle die Verhoogde Here as hul Heiland en Hoof.

#### Die wesenstrekke in die samekoms van die gemeente tot aanbidding.

In die samekoms van die gemeente vir die aanbidding, is daar 'n bepaalde grondhouding wat kenmerkend en uniek is van hierdie nuwe volk van God wat as liggaam van Christus uit die verlore wêreld uitgeroep en uitgered is. Dit het nie alleen 'n vertikale dimensie nie, maar ook 'n horisontale dimensie van beleving sowel as die besondere ervaring van gemeenskap. Otto Knoch<sup>253)</sup> noem enkele van hierdie wesenstrekke aangaande die grondhouding in die aanbidding:

(1) Die hartelike gemeenskap wat alle Christene verbind val op in

die Nuwe Testament. Hulle sien hulleself as die familie van God vir wie die Seun van God tot broers en susters verbind het en so tot kinders van God gemaak het.<sup>254)</sup>

(2) Die godsdienstige viering was dan gestempel deur dankbaarheid, vrede, vreugde, vriendelikheid en hoop. Veral in die woorde van 1 Thessalonisense 5:9-10: "God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. Hy het ter wille van ons gesterwe sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe".

(3) 'n Verdere kenmerk in hierdie aanbidding is die vrede, die vryheid van vrees, die atmosfeer van vertroue en die aangeneem-wees deur God, wat 'n direkte uitwerking op die verhoudinge onder mekaar het. Dit word tot uitdrukking gebring in die aanvangs-groet en die slot-seën van die briewe van die apostels.<sup>255)</sup>

(4) Dan ook die vreugde - die blydskap - wat gepaard gaan met die vrede wat die besondere gawe (geskenk) van die Gees is.<sup>256)</sup> Die vrede en die vreugde word bewys in die broederlike liefde, en in die rype en bewuste vriendelikheid teenoor die medemens.

(5) Bo alles skenk die ervaring van die liefde van God ook 'n vaste, onbedwingbare, dinamiese hoop op die voltooiing van die heil wat deur Jesus Christus begin is, soos dit veral gestel word in Filipense 4:4-9.

Otto Knoch sê dan: "Im Gottesdienst der Kirche kann und soll demnach erfahren werden, dass der lebendige Gott selbst gegenwärtig ist und wirkt, wo Menschen sich in Gemeinschaft mit Christus zusammenfinden, um Gott zu loben und dankbar seine Heilstaten und seine erlösende Liebe zu feiern. Die erfahrbare Gegenwart Gottes, der sich durch Christus und den Geist endgültig und bleibend allen Menschen in Lieben zugewandt hat und immer neu zuwendet, diese Gegenwart des lebendigen und Leben schaffenden Gottes macht das Wesen der christlichen Gemeinde und ihres Gottesdienstes aus".<sup>257)</sup>

Die lewende God wat in die gemeente teenwoordig is deur Christus en

in die Gees, bring dus die nuwe mensheid wat so versamel is in noue aanraking met Homself in die aanbidding, maar werk ook sodanig in die gemeente dat daar 'n nuwe belewenis en aanraking tussen die lede onderling in hierdie aanbidding bewerk word. Hierdie moment in die aanbidding van die gemeente is van die allergrootste belang vir die opbou van die gemeente intern sowel as uitbreidend. Herbert Masuch<sup>258</sup>) sê tereg: In gemeentes waar daar groei is, kan dikwels vasgestel word dat nie dit wat gesê word die sterkste aantrek nie, maar die atmosfeer wat daar heers. Mense voel hulleself wel en gelukkig waar hulle iets van die vreugde van die Evangelie smaak; waar 'n duidelike vriendelikheid heers wat nie opdringend is nie en tog niemand wat eensaam op die kant bly staan, mis kyk nie. Dan maak hy die sinvolle stelling: Wanneer ons weer leer om ons so oop te stel vir ontmoeting, dat ons ook die skadukante van ons lewens kan toon en ons behoeftes en probleme, sal die gemeenskap van die godsdiens tot 'n magnetiese krag word wat vele vermoeide en belaste mense aantrek tot hierdie gemeenskapsoefening.

Hierdie aanbiddingskarakter van die gemeente van Christus het ook besondere betekenis vir die wêreld te midde waarvan die gemeente sō verskyn asook vir die daaglikse lewe van die lede self. Wanneer die gemeente saamkom vir hierdie aanbidding, word die seëngroet aan die begin en einde in die Naam van die Drie-enige God uitgespreek. So word die ekklesia en die gemeentes tot die aard van seën verklaar vir die wêreld wat nog in onheil en hopeloosheid lewe. Want juis hierdie seëngroet van die Drie-enige God aan hierdie besondere skare, verklaar dat die vloek van die sondeval oor hulle weggeneem is en hulle reeds in die vrede van God vir hulle bevind. Daarom word die aanbiddingsgestalte van die gemeente ook 'n oproep tot die wêreld wat nog onder die oordeel en vloek van die sondeval verkeer, om in te kom tot die oord van die nuwe lewe in gemeenskap met God die Vader en Jesus Christus, die Verlosser en die Heilige Gees, die Gewer van die nuwe lewe.

Daar is ook 'n baie noue wisselwerking tussen die aanbiddingsaktiwiteit van die gemeente en die daaglikse lewe soos A.C. Barnard<sup>259)</sup> dit stel: "Die gemeente kom uit die alledaagse lewe na die erediens en hier word hulle verander, verkwik en vernuut. Na die uitspraak van die seën keer hulle weer terug na die alledaagse lewe, maar as nuwe mense met 'n nuwe opdrag. Die erediens van Sondag word voortgesit in die erediens van die lewe. Daar is die allernouste wisselwerking tussen die diens van die Here in die erediens en die diens van Hom in die gewone lewe".

Wanneer die gemeente dan vanuit die erediens die wêreld weer binne stap, word die charismata van die Gees wat Hy juis in die aanbiddingsgeleentheid skenk en bewerk, tot funksie gebring waar die afsonderlike lede beweeg en die nood van die wêreld ontmoet. Sō word dit dan ook in die wêreld bekend dat hierdie mense wat in aanbidding voor die lewende God verkeer, aldaar iets ontvang wat die mens in die gang van die alledaagse lewe nie kan bekom nie, maar alleen moontlik is in die neerbuiging tot oorgawe aan die Bron van die Lewe - God Drie-enig. "So ist der gemeinsame Gottesdienst der Ort, wo die rettende Liebe Gottes gegenwärtig und erfahrbar wird und wo diese Liebe die Glaubenden ergreift, mit Zuversicht und Liebe erfüllt und verwandelt. Die glaubende, hoffende, liebende, betende und den Tod und die Auferstehung des Herrn feierende Gemeinde wird so zum Ort, wo der Geist sein schöpferisches Werk zu vollbringen vermag. Der Gottesdienst bildet demnach die bewegende Mitte der christlichen Existenz in dieser Welt zwischen den Zeiten, das heisst zwischen Auferstehung und Wiederkunft Christi"<sup>260)</sup>

### 1.2.6.5 Die eskatologiese karakter van die gemeente van Christus

Die eskatologiese karakter van die gemeente van Christus vind sy fundering (1) in Christus Jesus - as Hoof en Representant van sy gemeente - wat aan die einde van die tyd - die laaste van die dae - verskyn,<sup>261)</sup> en (2) in die Heilige Gees - die Gawe van die eind-tyd<sup>262)</sup> wat aan die gemeente gegee word.

Van Christus - die Hoof en Representant van die ekklesia - word gesê dat God deur Hom tot ons spreek in hierdie laaste dae (ep eschatou tōn hēmerōn toutōn).<sup>263)</sup> Dit beteken nie dat Jesus aan die einde van 'n bepaalde tydperk verskyn - bv. van die optrede van die profete van die Ou Testament nie; dit beteken ook nie dat Hy aan die einde van die dae as sodanig verskyn nie, maar dat Hy verskyn in 'n periode wat as die einde van die tyd (die eschaton) bestempel word. Christus lei dus die eindperiode van die wêreldgeskiedenis in. So leer ons ook uit Hebreërs 9:26: "Maar nou het hy net een keer in die voleindig van die tye verskyn (epi sunteleia tōn aiōnōn), om deur sy offer die sonde weg te neem". In "sunteleia" gaan dit dan om die einde van die eeue. M.a.w. met die koms van Jesus breek die einde van die eeue aan - die eschaton.<sup>264)</sup>

Die apostel Petrus praat ook oor die koms en versoening van Christus en dan sê hy: "Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hier-voor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eind-tyd (ep eschatou tōn chronōn) - gekom."<sup>265)</sup> Hiervolgens leer die apostel Petrus dus ook dat Jesus in die einde van die tyd - die laaste van die tye - verskyn.

Van dardere belang is nog dat met Jesus die koninkryk van God kom, wat die eindverwachting van die Ou Testamentiese profesieë was. In sy eerste optrede en verkondiging van die Evangelie sê Jesus "Die tyd het aangebreek, (is vervul) (peplērōtai o kairos) en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie"<sup>266)</sup> Wanneer Hy die duiwels uitdrywe, sê Hy: "Aangesien Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom."<sup>267)</sup> Dit is egter nie alleen Jesus se mag oor die duiwels nie, maar ook sy wonderwerke in die algemeen wat in die aller nouste verband met die koninkryk van God gestel

word.<sup>268)</sup> Dit is juis hierdie tekens van die koninkryk wat aansluit by die Ou Testamentiese verwagting, nl. dat die Here aan die einde van die dae sal heers oor alle volke en magte, terwyl dit ook waar is, nl. dat Jesus by die Ou Testamentiese gedagte oor die koninkryk van God aansluit.<sup>269)</sup> Wanneer Jesus ook sy dissipels uitstuur om die Evangelie te verkondig, sê Hy: "Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom'. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses, dryf duiwels uit".<sup>270)</sup> Hierdie wondere is die tekens van die Messiaanse ryk wat aan die einde van die eeu verskyn. So dui die hele optrede van Jesus tydens sy inkarnasie en alles wat met Hom gebeur asook dit wat Hy deurgaans in kruisiging, opstanding en hemelvaart op die eschaton - dat die einde van die tyd aanbreek het; dat die ou eeu verbygaan, en dat die nuwe eeu reeds met Hom begin het. Dit is dan veral in sy opstanding uit die graf en dood dat die nuwe eeu geopenbaar word - ingelui word - dat die laaste fase van die wêreldgeskiedenis reeds binnegegaan is met Hom, die Messias.

C.H. Dodd<sup>271)</sup> sê met verwysing na 'n reeks Skrifgegewens (Matt. 12:28; Hand. 2:16; 2 Kor. 5:17; Kol. 1:13; 2 Kor. 3:11; Titus 3:5; Hebr. 6:5; 1 Petr. 1:23 en 1 Joh. 2:8): "From these and many similar passages it is surely clear that, for the New Testament writers in general, the eschaton has entered history; the hidden rule of God has been revealed; the Age to Come has come. The Gospel of primitive Christianity is a Gospel of realized eschatology. ... It must be clear to all who study the New Testament with the language and ideas of Jewish eschatology in mind, the conclusion that the writers have deliberately, boldly, and consistently applied those ideas and that language to the facts of the ministry, the death, and the resurrection of Jesus Christ. The implication is that in those facts all that the prophets meant by the Day of the Lord is realized". So ook Emil Brunner en David J. Bosch.<sup>272)</sup>

Die Heilige Gees word ook bestempel as die eskatologiese gawe wat aan die gemeente van die eindtyd gegee word. Met die uitstorting van die Gees op die Pinksterdag verklaar die apostel Petrus hierdie unieke gebeurtenis aan die omstanders en sê: "Hier gebeur wat God



deur die profeet Joël gespreek het: 'So sal dit in die laaste dae wees', sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal profeteer; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja, op my dienaars en my diensdame sal Ek in daardie dae My Gees uitstort, en hulle sal profeteer".<sup>273)</sup> Die uitspraak "en tais eschatais hēmerais", dui, net soos met die koms van Jesus, daarop dat die einde van die eeue aangebreek het, en die Heilige Gees is dan die eskatologiese Gawe aan die eskatologiese gemeente. Hieromtrent sê P.F. Theron<sup>274)</sup>: "Deur die inwoning van die Gees, wat die groot eskatologiese gawe is wat die profete beloof het, word duidelik dat die gemeente die eskatologiese volk van God is. Die uitgiëting van die Gees op alle vlees (Joël 2:28), word op Pinkster bewaarheid as die groot teken dat 'die laaste dae' (Hand. 2:17) aangebreek het. Die eskatologiese verwagting waarvan Openb. 21:4 spreek: 'Kyk, die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God' wat representatief verwerklik is in die inkarnasie (Joh. 1:14), is op Pinkster ook ekklesiologies 'n werklikheid". So ook Josef Hainz en Adrio König.<sup>275)</sup>

Ons staan dus met die koms van die Heilige Gees sedert Pinkster op die drumpel van die nuwe hemel en die nuwe aarde. In hierdie laaste periode van God se werk deur die Gees, laat Hy reeds iets van daardie toekomstige dinge deurbreek in ons geskiedenis, en midde in ons wêreld van vandag. En die Heilige Gees, wat in hierdie laaste van die dae uitgestort is, het gekom om vir ons reeds nou iets van die heil en van die nuwe lewe deelagtig te maak, wat God in volheid vir sy verlostes in die ewige lewe bestem het.<sup>276)</sup> Daarvan is die charismata in besonder bewys en teken. Die charismata in besonder, dui dus die gemeente as eskatologies.

Dit is veral ook die openbaring van die koningskap van Christus, wat uit sy opstanding en hemelvaart spreek, dat die eskatologiese aard van sy koms en optrede verklaar en bevestig word, en dan veral met name sy heerskappy, boodskap en koningskap oor die gemeente. Omdat die doel van God is om eenmaal "alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder

Christus,<sup>277)</sup> openbaar God nou reeds in die verhouding tussen Christus en die gemeente, (die Hoof en die liggaam), iets van hierdie einddoel.

Dit is asof God ook hierdeur in die laaste van die dae iets van hierdie bepaalde einddoel ~ wat voor die deur staan omdat die vol-einding van die eeue op die "nuwe" ekklesia gekom het,<sup>278)</sup> - in beginsel laat deurbreek en demonstreer. Hans Küng<sup>279)</sup> bring dit sterk na vore wanneer hy sê: "So lebt, harrt und pilgerd die Kirche als die eschatologische Heilsgemeinde unter der Herrschaft Christi, welche zugleich die in ihm bereits in der Gegenwart angebrochene Gottesherrschaft ist. So sind die Verheissung und Kräfte der kommenden Gottesherrschaft durch Christus bereits in der Kirche wirksam und spürbar, hat die Kirche verborgen schon teil an der anbrechenden Gottesherrschaft. So kann man die Kirche die Gemeinschaft der Anwärter auf das Gottesreich nennen. ... Nicht Vor-Stufe, wohl aber Vor-Zeichen der definitiven Gottesherrschaft ist die Kirche: Zeichen für die in Jesus Christus schon gegenwärtige Wirklichkeit der Gottesherrschaft, Vorzeichen auf die noch zukünftige Vollendung der Gottesherrschaft hin". Op 'n ander bladsy sê hy: "Die entscheidende eschatologische Wende ist mit Jesus dem Christus schon eingetreten. Die Verheissungen Gottes sind erfüllt, seine Treue ist bestätigt worden: 'Als aber die Fülle der Zeit kam, sandte Gott seinen Sohn' (Gal. 4,4). Eröffnet ist so die eschatologische Heilszeit und bald wird sie ihre Voll-Endung erfahren".

In die lig van die voorgenoemde uiteensetting moet ons dus die eskatologiese karakter van die ekklesia erken, soos P.F. Theron<sup>280)</sup> dit dan ook doen: "Die eenstemmige getuienis van die N.T. is dat hierdie eskatologiese volk van God in die Nuwe Testamentiese ekklesia verwerklik is. ... Alreeds die veelvuldige gebruik van die woord 'eklesia' (van God), dui daarop dat die gemeente gesien word as die eskatologiese volk van God aangesien die term deur die LXX gebruik word as vertaling van kehal (Jahwe)".

Dit is dus in die eskatologiese volk van God dat die Heilige Gees op besondere wyse werksaam is, en aan wie Hy sy besondere gawes mee=

deel om die besondere wil van God in (gedurende) die eindtyd te dien. Juis deur hierdie openbaring van die gawes in die gemeente midde in die wêreld, gee God ook kennis daaromtrent dat die einde op hande is, en dat Hy - die Drie-enige - deur die Gees op besondere wyse in die gemeente aanwesig is, en deur die gemeente in die wêreld werksaam is met die oog op sy kosmies-eskatologiese doel. Daarom is die charismata van heel besondere belang in die lewe, optrede en funksionering van die heilsgemeente van die eindtyd, en moet die charismata nooit in die bestaan en lewensuiting van die gemeente verdring of gesmoor word nie, maar juis aangewakker word om tot volle ontplooiing en funksie te kom. Daarom mag nooit uit die oog verloor word nie, dat die charismata juis aan die eskatologiese volk van God gegee word tot die opbou van die gemeente, in die sin van innerlike opbou en versterking<sup>281</sup>) asook tot extensiewe, d.w.s. uitbreidende opbou.

Ons volstaan hier met die stelling van Wilhelm Hahn:<sup>282</sup>) "Nicht das Enthusiastische, sondern das Eschatologische ist an den Charismen entscheidend. Sie sind Zeichen des Durchbrechens des Reiches Gottes mit seinen Gaben des Geistes und der Liebe. Sie kündigen also das kommende Reich Christi an und weisen über sich und ihren Träger hinaus. Sie bezeugen die aufbrechende Gegenwart des Heils. Die Charismen sind Gabe und zugleich Aufgabe der Agape Christi für die Gemeinde".

### 1.3 Die Opbou Van Die Gemeente

#### 1.3.1 Die begrip "opbou" - (oikodomē)

Hoewel die herkoms van die begrip "opbou" in die Nuwe Testament gewoonlik aangedui word, as uit die Ou Testament,<sup>283</sup>) is dit egter by nadere ondersoek duidelik dat die begrippe oor en weer inhoudelik nie dieselfde aard van Gods handeling kan aandui nie. Ons kan hoogstens sê dat daar ten opsigte van sekere aspekte van die begrip 'n mate van verband is in die gebruik in die Ou- en Nuwe Testament. Die belangrikste rede hiervoor is dat ons in die Nuwe Testament te doen het

met 'n Christologiese perspektief en gerigtheid t.o.y. die opbou,<sup>284)</sup> terwyl dit in die Ou Testament heel anders gerig is. In die Ou Testament funksioneer die begrip yeral rondom die herstel (opbou) van die volk Israel uit die ballingskap, (veral Jeremia) en dan het die begrip hoofsaaklik twee bepaalde betekenisse, nl. 'n oordragtelike gebruik wat dan ook 'n simboliese betekenis verkry. So word daarna verwys dat die opbou en herstel van God inhou dat Hy die land, die huise en mure van stede en die tempel sal herbou wat deur sy oordeel verwoes was.<sup>285)</sup> Hierdie herbouing wat die Here sal verrig, word dan die simbool van herstel en vernuwing wat Hy sal bewerk vir sy volk wat in ballingskap verkeer, wat tot inhoud het dat Hy hulle sal laat terugkeer tot hulle land, waar Hy hulle weer aan Hom gehoorsaam sal maak, en Hy hulle toekoms sal verseker en sy heil en barmhartigheid sal laat deel.<sup>286)</sup>

In die Nuwe Testament berus die gedagte van opbou daarop dat die gemeente voorgestel word as 'n "tempel",<sup>287)</sup> "'n huis",<sup>288)</sup> "gebou van God",<sup>289)</sup> "'n planting",<sup>290)</sup> "'n akker",<sup>291)</sup> die "liggaam van Christus".<sup>292)</sup> Hiervolgens is dit duidelik dat die voorstelling van die gemeente as "bouwerk", "tempel" en "huis" wel op 'n breë Ou Testamentiese basis berus,<sup>293)</sup> maar dat die ander begrippe eg Nuwe Testamenties is. Veral met betrekking tot die kernuitspraak ten opsigte van die opbou en groei van die gemeente wat ons vind in Efesiërs 4:11-16, met verwysing na Christus, is dit inhoudelik uniek en nuut in die Skrif. So ook met betrekking tot die geestelike onvolwassenheid van die gelowiges in Korinthe en aan die Hebreërs<sup>294)</sup> waar van hulle gepraat word as wêrelds teenoor geestelik, en waar na die gelowiges verwys word as diegene wat weer nodig het om die "grondwaarhede van die woord van God te moet leer", terwyl hulle vanweë die tyd reeds onderrig behoort te gee, en dan daar na die volle inhoud van die boodskap verder gegaan moet word. Hierdie uitsprake is 'n nuwe element in die opbou van die gemeente wat nie 'n Ou Testamentiese basis het nie asook die besondere verwysing na die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die funksionering van die geestesgawes wat ten doel het die opbou van die gemeente.<sup>295)</sup> In hierdie besondere uitsprake het ons te doen met geestelike groei

en ontwikkeling van die gelowiges as sodanig, wat op sy beurt weer 'n element in (van die opbou van) die gemeente as geheel uitmaak.

Met verwysing na die begrip oikodomein in die Nuwe Testament, kom dit veral in drie vorme voor, te wete: oikodomeo, oikodomē en epoikodomeo.

#### "Oikodomeo"

Volgens Mattheüs 16:18 sê Jesus ná die belydenis van Petrus, dat Hy op hierdie rots sy gemeente sal bou (oikodomēso). In Handelinge 9:31 lees ons dat die gemeentes deur die hele Judea en Samaria vrede gehad het, terwyl hulle opgebou is, (oikodomounenē). Volgens Handelinge 20 vers 32 sê Paulus aan die ouderlinge van Efese: "Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou (oikodomēsai), en julle in die seënninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het". Die apostel Paulus sê aan die gemeente in Korinthe: "Die kennis maak verwaand, maar liefde bou op (oikodomei)",<sup>296</sup> en dan vervolg hy: "As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig (oikodomēthēsetai), om die vleis as afgodsoffer te eet nie?"<sup>297</sup>

Met betrekking tot die funksionering van die gawes lees ons die volgende in 1 Korinthiërs 14: Vers 4: "... maar die een wat profeteer, bou (oikodomei) die gemeente op". Vers 17: "... maar ander mense word nie daardeur geestelik opgebou (oikodomeitai) nie".

1 Thessalonicense 5:11: "Praat mekaar moed in en versterk (oikodomeite) mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen".

1 Petrus 2:5: "Laat julle as lewende stene opbou (oikodomeisthe)".

#### "Oikodomē"

Hierdie bepaalde gebruik, vind ons in die volgende Skrifgedeeltes, waarna ons slegs verwys, met die bepaalde vertaling van die betrokke vorm in die Afrikaanse Bybel:<sup>298</sup>

"Epoikodomeo".

1 Kor. 3:10 epoikodomei - "daarop bou". So ook dieselfde betekenis in verse 12 (epoikodomei) en 14 (epoikodomēsen).

Ef. 2:20: epoikodomēthentes - opgerig op.

Kol. 2:7: epoikodomoumenoi - op Hom gebou.

1 Petr. 2:5: epoikodomeisthe - laat opbou.

Judas 20: epoikodomountes - te bou op.

Aangesien dit in hierdie studie gaan om die opbou van die gemeente vanuit die funksionering van die charismata gesien, is dit duidelik dat slegs enkele van bogenoemde gebruike van die term "opbou" hier betrekking het, tewege 1 Korinthiërs 14:3-5, 12, 17 en 26. Hierby kan ons ook 1 Petrus 4:10 reken omdat die genadegawes aan elkeen gegee is tot diens: "... moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien". Wanneer ons nou ook die beginsel aanvaar dat die Here bepaalde charismatiese persone daargestel het met die doel die opbou van die gemeente, moet ons ook die volgende uitsprake hierby in behandeling neem, nl.: 1 Kor. 3:10; 2 Kor. 10:8, 12 en 19; 2 Kor. 13:10; Ef. 4:11-12. Wat egter ewe belangrik is, is nl. dat die voorgenoemde interne opbou van die gemeente veronderstel dat die funderende bouwerk - die daarstel van die gemeente - reeds plaasgevind het. Die "opbou" van die gemeente dui dus ook op die funderende werk van die Here God,<sup>299)</sup> in direkte verwysing na Hom, sowel as die charismata wat Hy daartoe in sy gemeente gee.<sup>300)</sup> Soos van Swigchem<sup>301)</sup> dit stel: "Nu eens staat vooruitgang in het geestelijk leven, dan meer in de derkelijke consolidering op de voorgrond, de ene keer geschiedt het opbouwen door de arbeid van de apostelen, de andere keer door een charismatische uiting, etc. Altijd zit er de Messiaans-pneumatologisch-eschatologische gedagte achter, dat Christus zijn gemeente bouwt".

Met betrekking tot hierdie dubbele aspek betreffende die opbou, sê Otto Michel<sup>302)</sup> ook: "The term edification comprises two aspects, on the one side under strengthening in might and knowledge, and on the other outer winning and convincing. It corresponds to the congrega=

tion's process of growth, but this is to be understood in terms of Christ, the Spirit and the act of faith". Hierdie beginsel word ook deur Herman Ridderbos gestel.<sup>303)</sup>

'n Belangrike aspek van die opbou, word ook na vore gebring in die funksionering van die profetiese gawe wat aan die lede van die gemeente gegee word, soos ons byvoorbeeld vind in 1 Thessalonicense 5:11: "Praat mekaar moed in en versterk (oikodomeite) mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen", en ook vers 14: "Ons druk julle dit op die hart, broers: Wys die leegleërs onder julle tereg, praat die kleinmoediges moed in, help die swakkes, wees met almal geduldig". So vind ons die funksionering van die gawe van profesie waar dit die stigting van die gemeente dien: "Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou (oikodomēn) en bemoedig en vertroos".<sup>304)</sup> En dan weer: "As almal profeteer en daar kom 'n ongelowige of 'n buitestaander binne, dan word hy deur almal in sy gewete aangespreek en kom hy tot selfondersoek. Die verborge dinge van sy hart kom aan die lig. En so kom hy daartoe om op sy knieë te val, God te aanbid en openlik te getuig: "Waarlik, God is hier by julle".<sup>305)</sup> Hier funksioneer die profetiese gawe dan ook tot die inbring van diegene wat nog buite die gemeenskap van Christus en die gemeente verkeer het.

So verwys oikodomē dan ook na die geestelike groei en vooruitgang beide van die gemeente asook van die individu deur die werk van Christus in die gawes wat Hy aan die gemeente gee.

Eberhard Winkler<sup>306)</sup> formuleer die opbou soos volg: "Oikodomeisthai ist ein Terminus für den heilsgeschichtlichen Wachstums - und Förderungsprozess der Gemeinde, der durch das Pneuma gewirkt wird. An diesem pneumatischen Prozess ist der einzelne Christ beteiligt. Der Einzelne hilft am 'Bau' der Gemeinde mit, dass er dem Zuspruch des Evangeliums an sich selbst geschehen lässt und an Andere weitergibt".

J.H. Roberts<sup>307)</sup> sê: "Deur sy heilshistoriese handele is God besig om sy eskatologiese volk te versamel en met heil te begunstig en

daarmee ook haar toekoms as Sy volk seker te stel. Maar as handelende God, is Hy werksaam deur Sy instrumente - sowel besondere persone en voorgangers in die gemeente, as die gemeente self. ... Maar die heilshandele bestaan nie slegs in die byeenbring van hierdie volk nie, dit bestaan eweneens uit die bestending van hierdie Volk as die Godsvolk van die toekoms ... Hierdie twee aspekte - byeenbrenging (wat in die N.T. sending beteken) en konsolidering - word deur die boubeeld uitnemend tot uitdrukking gebring". Samevattend kan ons dus konkludeer dat die term "opbou" die volgende behels:

- (1) Die fondament waarop gebou word, is Jesus Christus,<sup>308)</sup> wat ook die hoeksteen genoem word.<sup>309)</sup>
- (2) Die opbou van die gemeente behels drie hoof-momente:
  - (a) Die fundering, stigting of byeenbring van die gemeente (op die fondament, Jesus Christus).<sup>310)</sup>
  - (b) Die konsolidering, innerlike versterking, - opbouing, geestelike groei van die gemeente.<sup>311)</sup>
  - (c) Die bekeerde nie-Jode wat saam met die gelowige Jode opgebou word (sunoikodomeisthe) as 'n huis waarin God deur sy Gees woon.<sup>312)</sup>
- (3) Die Here God werk deur bepaalde instrumente in hierdie totale opbouproses, nl.
  - (a) deur besondere persone en voorgangers in die gemeente<sup>313)</sup> en
  - (b) deur bepaalde gawes (charismata) wat Hy in die gemeente werk (gee).<sup>314)</sup>
- (4) Hierdie opbou behels inhoudelik:
  - (a) die groei-uitbreiding - van die gemeente asook
  - (b) die gesamentlike opbouing, versterking en geestelike groei van die gemeente as geheel - as eenheid, en
  - (c) die opgroei, geestelike volwassewording van die individuele lidmaat self.<sup>315)</sup>
- (5) Die opbou het 'n Christologiese gerigtheid en gesigspunt.<sup>316)</sup>



- (6) Altyd is dit die onderliggende waarheid dat die opbou geskied vanuit die kommuniking van die Woord van God, daarom speel die profetiese gawe deurgaans hierin so 'n belangrike rol.<sup>317)</sup>
- (7) In alles is die Drie-enige God Self die inisiëerder en die waarborg van alle bouwerk:<sup>318)</sup> "En op hierdie rots sal Ek my kerk (ekklēsian) bou", sê Jesus self. Volgens Efesiërs 4 vers 11 word gesê: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'uitgedeel het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars ...". So ook is dit God, die Heilige Gees, wat die gawes tot opbou aan die gemeente gee.<sup>319)</sup>

### 1.3.2 Die noodsaaklikheid van opbou.

Wanneer ons praat oor die noodsaaklikheid van die opbou van die gemeente, is daar slegs een motivering hiervoor, en dit is naamlik dat dit in die wil van God geleë is. Omdat God deur die gemeente die rykdom van sy genade en goedertierenheid in Christus Jesus wil bewys, deur die aankomende eeue tot die einde toe,<sup>320)</sup> wil Hy die gemeente opbou deur alle geslagte, deur alle eeue en deur heel die geskiedenis heen. Die opbou wat dan beteken opbou in omvang en in diepte. Daarom kan daar nooit 'n versadigingspunt kom in die uitbreidende groei en opbou van die gemeente, en dus aan die sendingaktiwiteit van die gemeente nie. Maar ook omdat God in die gemeente die nuwe lewe wat Hy aan sondaarsmense skenk - die nuwe kwaliteit van lewe dus - en ook die heerlikheid en werklikheid van die verandering - van die heil in Christus aan mense meegedeel - wil uitstal,<sup>321)</sup> is die innerlike opbou van die gemeente 'n noodsaaklikheid. Want met die verlossing en die kom tot geloof in Jesus Christus is die gelowiges (persoonlik), en daarom ook die gemeente in geheel, nog nie diegene wat meteens die eindbestemming bereik het en intern van alle sondigheid vry is nie. Die vernuwing moet voortgesit word in hulle lewens;<sup>322)</sup> hulle moet volwasse word in die geloof;<sup>323)</sup> hulle moet standvastig word in die geloof;<sup>324)</sup> hulle moet opgroei en opgebou word in Christus;<sup>325)</sup> die onderlinge band van die gemeenskap moet verstewig en versterk word.<sup>326)</sup>

Ulrich Brockhaus<sup>327)</sup> sê: "Oikodomē ist Aufgabe. Die Gemeinde ist

keine fertige Grösse, in der sich die Kraft des Geistes 'erbaulich' geniessen lässt (1 Kor. 14,17), sondern ein Werk, zu dessen Vollendung mit den Gaben des Geistes jeder Gläubige aufgerufen ist (14,4.12.26; Vgl. Rom. 14,19; 1 Thess. 5,11). Da die Charismen die Werkzeuge der Oikodomē sind, ist die Oikodomē das Kriterium der Charismen. Sie ist zielgerichteter Prozess und richtet daher auch die Charismen auf das Ziel aus, das sie zwar nicht selber ist, zu dem sie aber führt. Was diese Ziel ist, wird hier nicht direkt gesagt; es lässt sich jedoch formal aus dem Bildgehalt des Wortes 'bauen' und inhaltlich aus Kap. 13 erschliessen: die eschatologische Vollendung der Gemeinde in der Liebe".

Hoewel Brockhaus tereg sê dat ons uit 1 Korinthiërs 14 nie kan aflei wat die doel van die opbou is nie, is dit wel waar en belangrik soos hy aandui, nl. dat die doel van die charismata die opbou van die gemeente is, en dat die charismata die werktuig van die oikodomē is. Die doel van hierdie opbou word egter vir ons duidelik gestel in Efesiërs 4:8-16. Hier leer ons dat die gawes juis daartoe gegee is om die gemeente op te bou en te laat opgroei in Christus wat die Hoof van die ekklesia is. En met betrekking tot laasgenoemde lees ons dan in Efesiërs 4:15-16: "Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde".

Wat hier van besondere belang is, is juis dat die doel - die waartoe" - van die opbou en groei van die gemeente duidelik gestel word, nl. "na Christus toe", (opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus). Meteens word hierdeur ook die noodsaaklikheid van die opbou en groei<sup>328)</sup> gestel. Omdat die lede van die gemeente voor hulle verlossing en lewendmaking met Christus<sup>329)</sup> aan Adam as eerste mensehoof verbonde was,<sup>330)</sup> en dus die lot van daardie hoof gedeel het, nl. die verval in sonde en ongeregtigheid en die verlies van die beeld van God - as Skepper,<sup>331)</sup> en nou aan die nuwe mense-Hoof, Christus, verbonde is, moet hulle weer "na Hom toe groei" ten einde na die beeld van God vernuwe te word.<sup>332)</sup> Omdat die eens vervalde mens dus nou aan die nuwe mense-Hoof - Christus - verbonde is, maak dit die

"opbou" na sy beeld toe noodsaaklik. Hy is immers die Representant van sy gemeente wat in Hom geïnkorporeer is, daarom is Hy ook Oorsprong (die betekenis van kefalē) van die ekklesia. Hy is dus die Beginsel van die volk van God omdat Hy in sy kruis en opstanding vir die gemeente die heil bewerk het en hom in Homself saamgesluit het sodat hy met Hom gesterwe, begrawe en opgewek is.<sup>333)</sup> Die gemeente is dus in Hom ingelyf, en het die nuwe lewe deelagtig geword, maar is nog nie by sy finale bestemming - die totale vernuwning na die beeld van God in volledige menswees nie - en daarom is die opbou noodsaaklik terwyl die verlostes in die eskatologiese tyd nog onderweg is daarheen. Hierdie opbou- en groeiproses, beteken dan dat dit wat eenmaal vir die gemeente gedoen is, en met hulle gebeur het in Christus Jesus as hulle Hoof, ook nou voortgaande in die praktyk van die lewe van die ekklesia gerealiseer moet word. Juis omdat Jesus Christus die Oorsprong en Bron van die lewe en bestaan van die ekklesia is, is Hy dit ook in sy groei en opbou, maar ook Doel en Bestemming daarvan, terwyl hy in die staat van "nog nie" vir hom bevind. Want in Christus Jesus is die gemeente daartoe gebring om weer die beeld (die eikōn) van God te wees. Die eikōn wat die gemeente in die eerste Adam gedra het, is (word) in die tweede Adam herstel, en die groei van die gemeente na Hom toe<sup>334)</sup> beteken dat hy sy Oorsprong (archē) nader.<sup>335)</sup> Daarom die oproep om by die waarheid te bly<sup>336)</sup> en nie meer te lewe soos die heidene lewe nie,<sup>337)</sup> omdat hulle Christus nie so leer ken het nie<sup>338)</sup> en daarom die oue mens moet aflē<sup>339)</sup> en hulle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is,<sup>340)</sup> en navolgers van God moet wees soos kinders vir wie Hy liefhet.<sup>341)</sup> Met die oog op hierdie opbou en groei van sy gemeente, het Christus die gawes aan die mense gegee.<sup>342)</sup> Vandaar dat van die gawes en die funksionering en doel daarvan gesê word: "Prinzip ist für alle, den Apostel wie dem Pneumatiker, die oikodome der Gemeinde".<sup>343)</sup>

### 1.3.3 Die reëling vir, en die wyse van opbou.

Die Here Christus het met die oog op die blywende en voortdurende opbou van sy gemeente 'n bepaalde reëling, 'n ordening gegee ten einde daardie voortgaande proses te verseker. Dit word veral

duidelik gestel in Efesiërs hoofstuk 4 verse 11-12: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'uitgedeel het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges (hagiōn) toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. Die aoristus van die werkwoord "gegee" (edōken), het die sin van 'n eenmalige en blywende skepping of ordening van Christus in en vir die gemeente. Dit is hier ook duidelik dat nie die persone wat hier genoem word "sommige" eensydig en as sodanig die klem dra nie, maar juis ook die saak en funksie waarvoor hulle gegee is. Dit gaan hier in besonder om die funksies wat deur bepaalde persone vervul moet word. As dit alleen gegaan het om die spesifieke persone wat hierdie funksies moet vervul, sou die bepaalde funksie met die verbygaan van die persone verdwyn het. Christus gee dus bepaalde persone met 'n spesifieke funksie wat in die gemeente blywend uitgevoer moet word, want hierdie funksie van die "sommige" dien die opbou van die gemeente, wat 'n voortgaande en blywende element in die bestaan van die ekklesia is. Dit is meteen die gawe van die verhoogde Christus waarna vers 8 verwys, en dit is ook die wyse, die reëling, waarvolgens die gemeente as sy liggaam sal leef en werk na die einde toe.

Van hierdie charismatiese persone waarna hier verwys word in vers 11 sê Roberts<sup>344</sup>) die volgende: "Tot die bedeling van die Gees behoort dit dat daar in die gemeente sulke Geesbegaafdes is. Hierin bestaan die permanente en kontinue van die reëling van Christus, dat Sy Gees in Sy gemeente woon en werk, dat Sy Gees die charismata uitdeel waardeur die liggaam as 'n geordende geheel die toerusting van die Gees ontvang langs die kanale wat Hy self voortdurend daarstel".

Herman Ridderbos<sup>345</sup>) sluit hierby ook die "gawes" en "kragte" in, wat Christus vir hierdie besondere doel van opbou in sy gemeente gee. "Terwille van deze opbouw rust God de gemeente toe met allerlei gaven en krachten, die Hij in haar dienst stelt, alsmede met verschillende soorten van bedieningen die haar opbouw moeten bevorderen. Eph. 4:11 e.v.; 2 Kor. 10:8; vgl. Rom. 12:3 e.v.; 1 Kor. 12:4 e.v. 28 e.v. Tot deze opbouw dient inzonderheid ook de samenkomst der gemeente, 1 Kor. 14:26; zij is ten nauwste met de verkondiging van het Woord Gods verbonden, 1 Kor. 14:3; Rom. 15:20

en is gericht op die rechte gemeenschappelijke openbaring van die gemeente in die wereld".

Hieruit moet ons die gevolgtrekking maak dat die gawes, d.w.s. charismatiese persone met bepaalde funksies, sowel as die charismata, deel uitmaak van die blywende reëling en ordening wat Christus nã sy hemelvaart in sy gemeente gestel het, om tot die einde toe te funksioneer rondom en met die oog op die opbou. Daarom moet ons die standpunt van K. Dijk<sup>346)</sup> afwys wanneer hy verklaar dat God hierdie gawes slegs vir die begin van die pas ontluikende christelike lewe gegee het omdat dit toe besondere versterking nodig gehad het, en omdat die eerste openbaring van die krag van die Gees kort na die Pinkster nog nagewerk het, maar dat dit later nie meer voorgekom het nie. Hy maak ook verder die on-Skriftuurlike uitspraak nl.: "By het geregeld verloop van het leven der kerk blijven ze achterwege, omdat ze tot het wezen der kerk, ook tot het wezen van haar dienst, nie behoren, en omdat de welstand van christus' gemeente van haar niet afhankelijk is".<sup>347)</sup> Dit is onbegryplik hoe hy kan verklaar dat die gawes nie tot die wese van die kerk behoort nie, terwyl dit byvoorbeeld in 1 Korinthiërs 12-14 as deel van die funksies van die gemeente aangegee word as die liggaam van Christus, en so ook in Romeine 12:6-8. Wanneer hierdie funksies van die liggaam ophou, is dit tog sekerlik dan teken van 'n abnormaliteit wat in die liggaam ingetree het, en juis nooit as die normale toestand nie! Ewe vergesorg is dit wanneer hy verklaar dat dit nie tot die wese van haar dienste behoort nie, en dat die gemeente vir haar welstand nie daarvan afhanklik is nie, terwyl dit op verskillende plekke in die Nuwe Testament duidelik verklaar word dat die charismata gegee is met die doel om die opbou van die gemeente te dien.<sup>348)</sup> Net so ongerymd is dit wanneer hy ten opsigte van die apostels, profete en evangeliste (Ef. 4:11) verklaar: "Om die reden neemt met het apostolaat ook deze dienst een einde, die op de dienaren des Woords overgaat; apostelen, profeten en evangelisten vormen een extra-ordinaire trits, die haar tijd heeft gehad, wanneer de stichting der gemeente voorbij is".<sup>349)</sup> Die vraag is nie of die charismata 'n blywende funksie is wat aan die ekklesia gegee is nie, maar wel of alle charismata in die Nuwe Testament per sã nog vandag voortdurend tot openbaring moet kom in elke gemeente as sodanig. Terwyl die ander sy van die vraag is of

die verskynsels wat vandag in die Christendom voorkom, en sondermeer aangedui word as funksies deur die Heilige Gees gewerk, die toets wat vir die gawes in die Nuwe Testament gegee is, sal kan deurstaan. (Hierdie saak word in die volgende hoofstuk behandel).

#### 1.3.4 Die instrumente in God se opbouwerk.

Wanneer God sy werk van redding en herstel in hierdie vervalle wêreld kom doen, skakel Hy daartoe mense in, vir sy genadige heilshandeling met die mens. Daarom sien ons in die ekklesia mense aan die werk in die opbou van die ekklesia, maar altyd is dit God Self wat die Gods=volk bou. Hy maak van mense sy instrumente - mense wat Hy eers uit die verlore toestand, uit die duisternis, uitroep,<sup>350</sup> herstel, vernuwe en dan toerus deur sy Heilige Gees om sy medewerkers, (sunergos Theou), te wees,<sup>351</sup> in hierdie groot en genadige program van herstel en opbou.

Uit 1 Korinthiërs 3 leer ons 'n paar aspekte van hierdie instrumentering van die mens in God se opbouwerk van die gemeente ken. In vers 5 word die vraag gestel: "Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars (diakonoi) deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het". Twee beginsels is hier van belang: (1) Paulus en Apollos is slegs dienaars (diakonoi) deur wie die gemeente van Christus in Korinthe daargestel is. Maar Paulus en Apollos het nie hierdie werk uit eie beweging gedoen nie - dit is per slot van sake nie die resultaat van Paulus en Apollos se werk dat daar 'n gemeente in Korinthe bestaan nie - dit is nie hulle wat die inisiatief daarvoor geneem het nie, WANT: Hulle het dit gedoen "soos die Here dit vir hom gegee het". Hierdie diakonia wat gelei het tot die totstandkoming - die bouwerk - van die gemeente, het van die Here uitgegaan. (2) Die tweede beginsel van hierdie saak is dat die lede van die gemeente in Korinthe deur hierdie diakonia wat God aan Paulus en Apollos gegee het, "gelowig geword het". Hulle geloof is nie die resultaat van Paulus en Apollos se ooredingskrag of mag tot beïnvloeding nie, want hulle het gelowig geword "soos die Here aan elkeen gegee het". Dit is dus uiteindelik Hy wat die geloof gegee het, want Hy het die instrumentering daartoe (Paulus en Apollos) gegee.

Die onderskeid tussen "plant" en "nat maak" dui op die onderskeid tussen die stigting en die konsolidering (voortgaan, leiding) van die gemeente, deur bemiddeling van Paulus en Apollos onderskeidelik. Tog kan die gemeente hulle nie op 'n enkele dienaar beroep nie, omdat hulle 'n eenheid vorm in God se instrumentering tot die opbou van die gemeente. Tegelyk word hierdie werksaamheid sterk afgegrens teen die beslissende waarheid en werklikheid, nl. dat God alleen die lewe en die groei kan gee. Daarom sê die apostel: "Ek het geplant. Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het".<sup>352)</sup> Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei".<sup>353)</sup> Uit die Goddelike werk ontstaan dus die menslike werksaamheid, terwyl God die een is wat gee. So besluit die apostel dan: "Ons is medewerkers (sunergoi) in diens van God, en julle is die saailand van God".<sup>354)</sup> Die apostels se arbeid kom dus van God daarom is die gemeente wat bestaan die "saailand van God" en die "gebou van God" - nie van Paulus en Apollos nie. Hiervan verklaar H.D. Wendland<sup>355)</sup>. "Nicht dass diese 'Mitarbeiter Gottes' jemals als gleiche Partner am Werk verstanden werden könnten! Solcher Wahn ist durch V. 5-6 klar ausgeschlossen. Aber es hat der Gnade Gottes gefallen, Menschen in ihren Dienst zu nehmen. Ohne die Apostel und die anderen Diener Gottes - deren Amt, Vollmacht und Kraft von Gott kommt - kann die Gemeinde Christi nicht gebaut werden".

'n Verdere aspek van hierdie instrumentering is daarin geleë dat die apostel Paulus verklaar: "Volgens die genade (Kata tēn Charin) wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus".<sup>356)</sup> God gebruik deur sy Charis ook die mens om die fondament te lê vir die opbou van sy gemeente, en hierdie fondament is Jesus Christus. H.D. Wendland<sup>357)</sup> sê: "Sein Werk geschieht an dem, was zuvor schon durch Gott in Christus geschehen ist". Dit verklaar aan ons: Hoewel God deur instrumentering van die mens sy gemeente bou, dit alleen deur Jesus Christus - as Bemiddelaar van die heil en genade - en alleen op grond van Jesus Christus - deur sy versoening en heilswerk is - dat daar 'n gemeente onder verlore mense tot stand kom. By implikasie beteken



dit: Hoewel die apostel Paulus deur God gebruik was om die fondament vir die opbou van die gemeente te lê, hy nie self die fondament voorsien of berei het nie, asook dat daar geen gemeente kan wees los van of sonder Jesus Christus nie. Mense se werk met betrekking tot die gemeente se fundering, (Paulus, vers 6), en die verdere konsolidering van die gemeente, (Apollos, vers 6), is nutteloos as dit nie Christus Jesus as Alpha en Omega het nie. Daarom is die gemeente se roem dat hulle die "resultaat" van Paulus of Apollos is, 'n ongerymdheid en 'n miskenning van Hom deur wie hulle as gemeente daar is.

Met betrekking tot hierdie waarhede konkludeer Josef Hainz<sup>358</sup>) ook: "Bezüglich der oikodomē der Gemeinde ist jeden Form der Mitarbeiter an der Vermittlung und Auslegung des Evangeliums ein ep-oikodomein auf dem vom Apostel gelegten themelion der Gemeinde als Theou oikodomē. Als oikodomein gelten in diesem Sinn auch jede Art von parakalein, paramotheisthai, nouthetein uns.; zwar ist solches ergon durchaus verschiedenartig, und jedes wird am Tag des Gerichts im Feuer erprobt werden, aber es ist ergon vaon sunergountes des Apostels und letztlich auch Gottes".

Ten opsigte van die mens as instrument in die Here God se opbou program kry ons veral die volgende charismatiese persone wat geroepe is om 'n besondere rol in hierdie verband in die gemeente te vervul:

- (1) Apostels, 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11; Rom. 1:5
- (2) Profete, 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11; Vgl. Rom. 12:6; 1 Kor. 12:10; 1 Kor. 14:13-19.
- (3) Leraars, 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11; 1 Kor. 14:26; ens.
- (4) Evangeliste, Ef. 4:11; 2 Tim. 4:5; Hand. 21:8
- (5) Herders, Ef. 4:11; Hand. 20:28; 1 Petr. 5:2; Fil. 1:1
- (6) Presbiters (Ouderlinge (Episkope), Fil. 1:1; Titus 1:5; 1 Tim. 3:2; 1 Tim. 5:17
- (7) Diakens, Rom. 16:1; Fil. 1:1; 1 Kor. 12:28; 1 Tim. 3:1, 8.
- (8) Vroue in besondere diens, Rom. 16:1, 12; 1 Tim. 5:9 v.v.



Dit is egter nie alleen hierdie bepaalde charismatiese persone wat as instrumente dien in die hand van die Here God in sy opbou-program van die gemeente nie. Elke gelowige lid van die gemeente wat kragtens die salwing van die Heilige Gees 'n gawe ontvang het, dien as instrument waardeur die Here veral die onderlinge opbou in die gemeente bewerk. Omdat die Heilige Gees aan elke gelowige gegee is, en elkeen van Hom 'n gawe ontvang het, is elke lid van die gemeente betrokke by die opbou van die ekklesia. "As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, (hekastos - dra ook die klem in die sin), namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien".<sup>359</sup>) Daarom is die verantwoordelikheid en die taak van die opbou van die gemeente nie die eksklusiewe prerogatief van 'n klein groepie "amptelike" mense in die gemeente nie. Elke Christen is charismatiker, "Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek is. Maar elkeen (hekastos) het van God sy besondere gawe (charisma) ontvang, die een dit en die ander iets anders".<sup>360</sup>) en "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot welsyn van almal".<sup>361</sup>) Die Heilige Gees is immers oor "alle mense" uitgestort,<sup>362</sup>) en wie aan die Heilige Gees aandeel het, het ook aan die Geestes gawes aandeel. En elkeen wat hieraan aandeel het, moet ook in die gemeente die doel dien waartoe die gawes gegee is: "As julle julle toelê op die gawes van die Gees, streef dan na dié wat tot opbou (pros tēn oikodomēn) van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt".<sup>363</sup>) So moet ons saamstem met Hans Küng<sup>364</sup>) "So ist das Charisma nicht die Auszeichnung einzelner - sei es enthusiastischer, sei es amtsmässiger - Auserwählter, sondern die Auszeichnung der ganzen Kirche als der Gemeinschaft aller Glaubenden. Wo in einer Kirche, wo in einer Gemeinde nur Amtsträger und nicht alle Gemeindeglieder tätig sind, ist ernsthaft zu fragen, ob hier mit den Charismen nicht auch auf den Geist verzichtet wird".

Hierdie is 'n baie ernstige, maar ook aktuele stelling van Hans Küng en dit voer ons terug na een van die wesentlike oorsake vir die gebrekkige geestelike lewe oor so 'n wye front van die Christendom. Waar elke gelowige in die gemeente "benut" word met sy of haar gawe, sal die opbou van die gemeente soveel meer effektief geskied en die gebrekkige belangstelling en verbrokkeling in die gemeente van

Christus teëwerk. Die onbenutte gawes in die gemeente van Christus werk juis destruktief in plaas van konstruktief. Juis die charismatiese ordening van die gemeente sluit elke eenman-sisteen in die ekklesia uit.<sup>365)</sup>

Eberhard Winkler<sup>366)</sup> sê dat die grondvesting en opbou van die gemeente 'n pneumaties-charismatiese gebeure is en daarom 'n gemeen=skaplike werksaamheid van die kerk. Hierop word ook gewys deur Arthur Stephan<sup>367)</sup> wat sê dat ook die aksie van sielsorg in die gemeente nie deur die pastor alleen gedoen moet word nie, maar 'n onderlinge aktiwiteit behoort te wees tussen die lede van die gemeen=te wat daartoe gawes ontvang het. Dan sê hy: "Die Monotonie und kargheit unserer Gottesdienste hängt u.a. damit zusammen, dass sie von den Gaben eines einzelnen Menschen leben müssen".

Roberts<sup>368)</sup> stem ook hierin ooreen wanneer hy in verband met die instrumentering sê: "Deur Sy heilshistoriese handele is God besig om Sy eskatologiese volk te versamel en met Sy heil te begunstig en daarmee ook haar toekoms as Sy volk seker te stel. Maar as handelende God, is Hy werksaam deur Sy instrumente - sowel besondere persone en voorgangers in die gemeente, as die gemeente self".

Hierdie onderlinge opbou van die gemeente is van besondere belang soos dit in Efesiërs 4:15-16 gestel word nl. dat deur die onder=steuning wat elke lid gee die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde. "Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde".<sup>369)</sup> Hierdie onderlinge verhoudinge in die selfopbou van die liggaam, moet ons egter nie sien in terme van die subjek-objek relasie soos dit tradisioneel gedoen word nie. As die gemeentelede onderling mekaar opbou sodat die "eenheid" al hefter word, kan die gemeente tog nie "objek" van die opbou wees, soos Roberts<sup>370)</sup> dit sien nie.

Hoe kan dit waarvan jyself deel uitmaak vir jou 'n objek wees, Ons kan nie die onderlinge opbou, die wedersydse verhoudinge, en hierdie wedersydse wisselwerking tussen die lede van die liggaam in hierdie terme beskrywe nie. In terme van die self-opbou"

(vers 16), kan ons hierdie verhoudinge alleen sien as 'n inter-subjektiewe relasie, omdat dieselfde Gees wat in A werk om B op te bou, ook in B werk om A op te bou, en so werk dieselfde Gees <sup>371)</sup> in al die lede om die liggaam as eenheid en as geheel op te bou en die groei indiwidueel sowel as in geheel te bevorder. Die Heilige Gees wat die gemeente as liggaam van Christus daarstel en saam bind tot één liggaam,<sup>372)</sup> stel nooit die een lid as objek teenoor die ander en omgekeerd nie. Juis omdat hierdie onderlinge opbou geskied via 'n lewende wedersydse kommunikasie, en die Gees die lede in weder= sydse gespreksverhouding stel, kan daar geen sprake van wees dat die een teenoor die ander, of die lid teenoor die liggaam staan, waarin "die ander" of die "liggaam" 'n objek is nie. Daarom word dit in Efesiërs 4:16 so gestel dat elke lid sy ondersteuning gee en die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde. Om dieselfde rede word dit ook in 1 Kor. 12:15-26 veral duidelik gestel dat die een lid nie belangriker is as die ander nie, (vers 21), of dat die een lid minderwaardig (vers 15-17) teenoor die ander is nie. Dit is juis die ongesonde toestand wat strydig is met die gelykheid (verse 24-25) van alle lede. Wanneer die een as subjek teenoor die ander kom staan asof hy objek is wat deur die belangrike subjek bearbei moet word, word verdeeldheid in die liggaam bewerk en meerderwaardigheid aan die een kant en minderwaardigheid aan die anderkant gekweek.

Efesiërs 4:15 is juis kwalifiserend vir hierdie beginsel, wanneer die stelling gemaak word: "Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei (ons) na Christus toe". Dit is dus ons wat groei na Christus toe - dit is die wese van die opbou waarin B vir A dien en opbou, en so groei ons saam, (A en B), na Christus toe. Terwyl A dus sy gawe in diens van B aktief gebruik, en vise versa, groei daar nie iets buite A en los van A asof daar deur die diens en funksie van A 'n objek buite en los van A tot stand kom nie. Terwyl hierdie proses plaasvind en voortgaan, is A altyd daarby intens betrokke en blywend deel daarvan, en kan hierdie onderlinge verhouding alleen as 'n subjek - subjek relasie omskrywe word. Dit is die aard van die onderlinge verhoudinge in die gemeente van Christus wat kor= rek gesien en erken moet word en wat die uitgangspunt en grondslag moet vorm vir die opbou van die gemeente. Waar dit nié beseef en

erken word nie, word 'n deel van die gemeente so maklik verkeerdelik as objekte gesien wat deur 'n ander deel van die gemeente - voor-gangers of ampte - bearbei moet word. Juis dit is die oorsaak waarom 'n (groot) deel van die gemeente dan nooit tot ontwikkeling en volwassenheid van geloof kom nie<sup>373</sup>) omdat hulle nooit in 'n lewende, aktiewe, selfdeelnemende kommunikasie betrek word in die ondersoek en bestudering van die Woord van God nie.

K.A. Schippers<sup>374</sup>) wys juis so sterk daarop dat die gemeente 'n leer=gemeenskap is, en dat die "subject-zijn" van die mens selfs nooit in die verbonds-verhouding met God opgehef word nie, maar nuut gefundeer en gestruktureer word en dat ons met die Gees nie minder nie, maar meer mens word. Dan wys hy ook daarop dat die leerproses in die gemeente slegs dan optimaal aan die gang gesit kan word wanneer die mens as subjek volledig erken word, en dat die gemeente sonder die faktor van "ervaring" en sonder die bewuste betrokkenheid van die subjek, geen "leergemeenskap" kan wees nie. "Tal van gemeenteleden herkennen zichzelf niet meer in de situatie van de gemeente. De vraag is hoe dit "zelf" weer binnen de horizon komt. De theologie zal deze vraag zeer ernstig moeten nemen. Zij moet de gemeente helpen het subject ruimte te verschaffen in relatie tot "de waarheid".

In die gemeente bly elke gemeentelid 'n subjek wat in verhouding tot alle ander lede van die gemeente as mede-subjekte staan, omdat die Heilige Gees wat in elke lid teenwoordig is, hierdie lede in 'n gelyke kommunikasie met mekaar laat tree om in die wedersydse kommunikasie van die heilswaarhede mekaar op te bou. Daarom moet ons praat van 'n inter-subjektiewe relasie van gemeentelede en nooit van 'n objek-subjek relasie waarin die gemeentelede as objekte be-arbei moet word nie.

### 1.3.5 Die interne opbou

In die interne opbou van die gemeente gaan dit om 'n dinamiese proses van ontwikkeling en groei wat plaasvind in die lewe van die afsonderlike lede van die gemeente sowel as in die gemeente self in haar eenheid as liggaam van Christus. Herman Ridderbos<sup>375</sup>) formuleer dit soos volg: "De voortgaande opbouw der gemeente houdt in, dat zij

niet alleen in haar afzonderlijke leden, maar bovenal in haar eenheid als lichaam van Christus tot volmaaktheid komt, d.i. de volheid, die zij in Christus bezit, tot openbaring brengt, in het bewaren van hetgeen zij eenmaal heeft ontvangen, in de toeneming van geloofskennis en wijsheid, in liefde en onderlinge gemeenschap". Die interne opbouw van die afsonderlike lede van die gemeente word in die Nuwe Testament onder verskillende gesigspunte genoem, byvoorbeeld: Toename in kennis;<sup>376)</sup> ontgroei aan die vleeslikheid,<sup>377)</sup> kom tot volwassenheid;<sup>378)</sup> na Christus toe.<sup>379)</sup>

Die interne opbouw van die gemeente as liggaam van Christus word weer onder ander gesigspunte genoem. Byvoorbeeld: Die voortgaande bevestiging en verstewiging op die fondament, Jesus Christus;<sup>380)</sup> versterking van die onderlinge eenheid in liefde;<sup>381)</sup> die swakhede van andere te dra en nie selfbehaging nie;<sup>382)</sup> die onderlinge vermaning en -tug.<sup>383)</sup> Hierdie dinge dui die opbouw van die gemeente as geheel aan, hoewel die groei en ontwikkeling van die afsonderlike lede ook weer 'n invloed het op die opbouw of aftakeling van die gemeente as sodanig. So stel die apostel Paulus dit dan ook aan die gemeente in Korinthe dat onder hulle jaloersheid, twis en tweedrag is juis omdat die individuele lede van die gemeente nog so vleeslik is en soos klein kindertjies in Christus.<sup>384)</sup>

#### 1.3.5.1 Aspekte rakende die opbouw van die gemeentelide

##### Kom tot volwassenheid

Die opbouw van die gelowige as lid van die gemeente van Christus word onder andere voorgestel as 'n groeiproses wat moet plaasvind sodat 'n stadium van volwassenheid bereik sal word. Die apostel Paulus skrywe aan die gemeente in Korinthe: "Ons is dus bly as ons swak is, as julle maar sterk is. Ons bid ook vir julle geestelike volwassenheid, (katartisin)".<sup>385)</sup> Die woord wat hier in die Griekse teks gebruik word, nl. "katartisin" beteken om iets reg te stel wat verkeerd gegaan het; om iets in orde te bring, of ook die volmaking. Daar was dan juis soveel in die gemeente van Korinthe wat reggestel moes word omdat hulle geestelike lewe verkeerd gegaan het. Hulle was nog so oorwegend wêreldse gesind in plaas van geestelik georiën-

teerd;<sup>386)</sup> hulle was nog so onvolwasse in hulle geestelike lewe;<sup>387)</sup> daar was soveel sondige dinge in hulle lewens aanwesig.<sup>388)</sup> Daarom bid die apostel dat hulle herstel, opgebou moet word<sup>389)</sup> tot 'n be hoorlike volwasse geestelike lewe waar hierdie afwykings nie meer sal voortbestaan nie. Daar moet dus by hulle nog 'n ontwikkeling, 'n groei-proses, 'n opbou plaasvind sodat hulle kan kom tot geestelike volwassenheid.

'n Verdere faset van hierdie ontwikkeling tot volwassenheid by die gelowiges vind ons in Efesiërs 4:13-14, waar die doel van die opbou soos volg gestel word: "So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God, volwasse mense wat ten volle gekom het tot die volmaakte volwassenheid van Christus. Dan sal ons nie meer kinders (nēpioi) wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as valse leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie".

Die gawes wat God in die gemeente gegee het,<sup>390)</sup> dien dus tot die opbou van die gemeente,<sup>391)</sup> en die opbou alhier, bestaan daarin dat die gemeentelede van dit wat hulle op 'n gegewe stadium is, sal ontwikkel tot 'n ander bepaalde stadium. Dit vind daarin sy voorstelling, nl. "dat ons almal kom tot ... die eenheid in die geloof ... tot die volmaakte volwassenheid in Christus".<sup>392)</sup> Dit is die stadium waartoe die opbou-proses die gemeente(lede) moet bring. Die stadium van waaruit hulle daartoe gebring moet word, word voorgestel in die uitdrukking: "sodat ons nie meer kinders sou wees nie". Hierdie "kinder-stadium" word dan weer voorgestel as die onbestendige leefwyse, nl. om soos golwe heen en weer geslinger te word deur elke wind van dwaalleer wanneer die valse leraars met hulle slinksheid en listigheid die gemeentelede op dwaalweë wil wegvoer.<sup>393)</sup>

Hierdie uitdrukkings wys dan op die noodsaaklike groeiproses wat in die lewe van die gelowiges - die gemeentelede - moet plaasvind, en impliseer nie dat die blote toetrede tot die gemeente beteken dat 'n ongelowige 'n "nēpios" (kind) was en nou met sy toetrede tot die gemeente meteens 'n volwassene geword het, omdat die gemeente die volmaakte mens in Christus sou wees nie. Die "nēpios" is die nog

onstandvastige Christen wat soos 'n kind gemaklik deur die bose dwaalleer mislei word, maar die opbou het dan ten doel - en moet daartoe lei - dat almal wat lede van die gemeente is, nie langer soos kinders aan allerlei dwaling onderhewig sal wees nie, maar sal opgroeï tot volwasse, standvastige Christene. "Deur die opbou word die gemeente in haar geloof gekonsolideer en word die bouwerk versterk teen aanslae wat die afbreuk beoog van dit wat gebou is".<sup>394)</sup>

Hierdie gesigspunt is van kardinale belang vir die funksionering van die charismata. Indien die charismata sodanig funksioneer dat dit juis tot dwalinge lei, is dit 'n ernstige vraag of die waarheid nog betrag word na luid van vers 15. Waar die waarheid immers betrag word, word gemeentelêde van dwaling bevry, juis omdat hulle dan opgroeï in Christus wat die Hoof is (vers 15) en word die verbinding met die res van die liggaam van die Hoof verstewig (vers 16), en juis nie verbreek nie, maar kom almal tot die eenheid van die geloof (vers 13).

Volgens Hebreërs 5 skrywe die outeur ook aan die gemeente dat hulle eintlik op daardie stadium al in staat moes gewees het om self onderrig te gee, maar hulle het weer nodig om in die grondwaarhede van die woord van God onderrig te word, omdat hulle weer behoefte het aan melk (soos kinders - *nēpios*) en nie aan vaste spyse nie (soos volwassenes - *teleion*). Dan vervolg hy: "Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir volwassenes, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei".<sup>395)</sup> "Melk" is hier die grondliggende, (eerste, elementêre) waarhede van die verkondiging soos dit in hoofstuk 6 verse 1-2 gestel word, nl. die bekering, die geloof in God, die leer van die doop, die handoplegging, die opstanding van die dode en die ewige oordeel. Die vaste spyse (*sterea trophē*) daarenteen, is in die sin van hoofstuk 7:1 en verder, die diepere kennis van die persoon van Jesus Christus en 'n wyer omvattende begrip in die heil wat ons in Hom geskenk is. "Melk" is dan die voedsel wat die onmondiges nog moet ontvang, en verwys na die onrype, onvolgroeïde christene en daarom is hulle nog nie in staat om saam te praat oor



wat reg is nie en gevolglik ook nie kan onderskei tussen goed en kwaad nie. Hierdie is die onnatuurlike toestand waarin die gelowiges vir wie die skrywer aanspreek, nog verkeer, omdat hulle vanweë die tydspan vandat hulle tot geloof gekom het tot op datum reeds sover moes gevorder het dat hulle al in staat sou wees om andere te onderrig in die woord van God. By hulle het daar egter 'n stilstand plaasgevind, en dit skyn selfs asof hulle die eerste elemente van hulle geloofslewe weer verloor het.<sup>396</sup>) Dit is diegene wat geestelik sō ontwikkel het dat hulle die geestesvermoëns besit wat deur die gewoonte geoefen is om goed van kwaad te kan onderskei.<sup>397</sup>) By hulle het daar dus met verloop van die tyd 'n inoefening in die geestelike waarhede plaasgevind. Hieromtrent sê Fritz Laubach:<sup>398</sup>) "Aus dem Zusammenhang des ganzen Briefes können wir die Frage beantworten, um welche 'Gewohnheiten' es sich hierbei handeln wird. Der regelmässige Umgang mit dem Worte Gottes (Hbr 6, 1-2), die Geduld des Glaubens, die wir bewusst auch in schwierigen Lebenslagen üben (Hbr 6,12), der innige Umgang mit Gott in Gebet (Hebr 4, 16; 10, 19) und die Pflege der brüderlichen Gemeinschaft (Hbr 11,24) lassen uns zu reifen Christen heranwachsen".

Hieruit word dit ook duidelik dat daar by die gemeentelede 'n proses van groei en ontwikkeling sal plaasvind sodat hulle kan kom tot volwassenheid, (teleion), en dit moet die normale gang van sake wees - 'n voortdurende opbou dus en nie 'n stilstand en stagnasie nie.

Dieselfde begrip, (teleion), vind ons ook in Kolossense 1:28 waar die apostel die stelling maak: "Hôm (Christus) verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring". Die bring tot hierdie geestelike volwassenheid in Christus word dan verder in hierdie brief genoem, en omvat in hooftrekke die volgende: Om die verborgenheid (geheimnis) van God te leer ken en van Christus, in wie al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind is;<sup>399</sup>) in verbondenheid met Hom te lewe en in Hom gewortel en op Hom gebou te word, vas in die geloof;<sup>400</sup>) in Hom is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met



Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor al die owerhede en magte;<sup>401)</sup> deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, ... God het julle egter saam met Christus lewend gemaak ....<sup>402)</sup> Christus is hulle Hoof uit wie die hele liggaam groei, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei;<sup>403)</sup> hulle moet die aardse dinge doodmaak wat nog deel van hulle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is; hulle moet met die ou mens en sy gewoontes breek en nou die lewe leef van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper;<sup>404)</sup> die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in hulle bly,<sup>405)</sup> ens.

Wanneer hierdie voorgenoemde aksies in die lewens van die gemeente= lede plaasvind, word hulle tot geestelike volwassenheid in Christus gebring; en dit is meteen ook die doel waarvoor die apostel hom beywer in die gemeente, met al die krag wat Christus hom gee.<sup>406)</sup>

Ons vind ook 'n verwysing na hierdie besondere groeiproses in 1 Petrus 2:1-2, waar die volgende stelling gemaak word: "Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterary. Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwere geestelike melk, sodat julle daardeur kan op= groei en die saligheid verkry". Die pasgebore kindertjies is hier diegene wat kinders van God geword het deur die wedergeboorte.<sup>407)</sup> Baie van dié tot wie die brief gerig word, het blykbaar kort tevore Christene geword, en is dus nog jonk in die geloof. Die nuut bekeerdes is dan nog nie "volmaak", "volwasse" nie, en daarom moet hulle soos suigeling nog sorgvuldig gevoed word, want van hierdie voeding hang dit af of hulle geestelik gesond sal ontwikkel en opgroei. Soos dit vir die regte versorging van die klein kinders nodig is om gereinig te word, is dié proses ook nodig vir die pas bekeerdes. Daarom moet hulle alle boosheid, alle bedrog en ge= veinsdheid, afguns en kwaadpraterary aflê<sup>408)</sup> en moet hulle dan, net soos pasgebore kindertjies na melk smag, verlang na die onver= valste melk van die woord, dat hulle daardeur kan opgroei.<sup>409)</sup> Dit is inderdaad die Woord wat die krag is wat aan hulle die lewe gegee het<sup>410)</sup> en dit is ook die krag wat die lewe voed tot die

proses van opgroei. Hy wat dus die Woord van God opneem, word met geestelike krag vervul en versterk, maar waar dit nie gebeur nie, kan die groeiproses nie plaasvind nie. In die Woord smaak hulle dus dat die Here goed is<sup>411)</sup> en hy wat dit gesmaak het, wil altyd weer meer daarvan ontvang, net soos die suigeling wat die voeding begin smaak, en dan nie meer wil ophou om daarvan in te neem nie. Die Woord dien dus as die krag waardeur die kinders van God weergebore word<sup>412)</sup> - d.i. die nuwe lewe ontvang - terwyl die= selfde Woord ook die krag en voeding is wat die groei-proses ver= seker.<sup>413)</sup> Die Woord van God is dus die onmisbare element in die opbou van die gemeente - hier sowel in die kom-tot-geloof as in die opgroei van die geloof.

#### Groei na Christus toe

Die proses van groei en opbou van die gemeente word ook voorgestel as 'n gelykwording aan die beeld van Christus,<sup>414)</sup> asook 'n opgroei in Christus wat die Hoof van die gemeente is.<sup>415)</sup>

In 2 Korinthiërs 3:18 praat die apostel daarvan dat die gelowiges al meer verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word: "Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word". Wat die apostel hier bedoel, kan ons soos volg uiteensit:

Die bediening van die Heilige Gees geskied in heerlikheid (3:8 & 18b). Hierdie bediening van die Gees bestaan daarin dat Hy ons die heerlikheid van die Here laat aanskou, en terwyl ons so met onbedekte gesig die heerlikheid van die Here aanskou, (want Hy het die sluier weggeneem), word ons verander, om aan dieselfde beeld van Christus gelyk te word. Tereg wys Rudolf Bultmann<sup>416)</sup> daarop dat ons deur Jesus Christus God se vlekkelose en verhewe aangesig sien soos in 'n spieël, en dan beteken die medium-werkwoord: "katoptrizesthai" nie "weerkaats" nie, maar in 'n spieël sien (kyk). En alleen as hierdie werkwoord 'n "aanskoue", beteken, is die "metamorfoumetha" verstaanbaar, "denn der Gedanke einer Verwandlung durch Reflektieren ist nicht gut verständlich, wohl aber der Gedanke

einer Verwandlung durch Schauen, und zwar speziell durch Spiegel-schau.<sup>417)</sup> (Sien in hierdie verband ook C.K. Barrett).<sup>418)</sup> Hierdie "verandering na dieselfde beeld" - die metamorfoumetha - beteken dan juis dat die gelowige in 'n nuwe gestalte, 'n nuwe wese verander word, want "morphē" is juis dit wat na buite tot verskyning kom. Dan sê Bultman<sup>419)</sup> met betrekking tot die beeld: "Die eikon ist eben das doxa-Bild des Kyrios, welches wir schauen: die Meinung ist natürlich nicht, dass wir in ein 'Abbild' des Kyrios verwandelt werden, sondern dass wir seinem Wesen gleichgeartet werden, also auch zu doxa werden. Dass Paulus nicht einfach sagt: ten auten doxan, sondern ten auten eikona, liegt natürlich daran, das der Kyrios und seine doxa als Gegenstand der Schau, also eikon vorschwebt: wir werden in das, was wir schauen, verwandelt werden". Hy wys dan verder op dieselfde bladsy daarop dat hierdie proses nie eers in die eskatologiese toekoms nie, maar nou reeds in die eskatologiese teenwoordigheid sig voltrek, want die "aanskoue" is 'n teenswoordige gebeurde. Dit is dus 'n bediening van die heerlikheid van die Gees<sup>420)</sup> wat werksaam word in die lewe van die geskiedenis van die gelowige. Hierdie verandering om aan die beeld van Christus gelyk te word, impliseer dus dat die gelowige na luid van Efesiërs 4:24, met die nuwe mens beklee word wat na die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is. Dit is dus 'n groei na Christus toe.

'n Verdere verwysing aangaande hierdie groei na Christus toe, vind ons ook in Efesiërs 4:13 en 15. Hier word genoem dat die opbou van die liggaam van Christus, (vers 12), daartoe lei dat ons so uiteindelik almal kom tot ... volwasse mense wat ten volle gekom het tot die volmaakte volwassenheid van Christus.<sup>421)</sup> Dit impliseer dus die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk,<sup>422)</sup> asook dat hulle die kinderstadium ontgroeï en nie meer as slagoffers aan die dwaalleer en die valse leraars ten prooi val nie.<sup>423)</sup> Hier stem ons saam met Käsemann<sup>424)</sup> waar hy hieromtrent sê: "Der kindischen Verfallenheit an Menschen und Mächte wird die Altersstufe, also die Reife (nicht die Körpergrösse) der Christusfülle gegenübergestellt". En verder omtrent die opgroei: "Die Dienenden wachsen einzig, und dienen kann man nur, wo uns so gedient ist, dass die Wahrheit von uns Besitz ergreifen konnte, und

nur, indem wir wachsen, kann in uns durch uns Christi Leib wachsen und der Christus uns als Werkzeuge und Manifestationen seiner Herrschaft benutzen". Ons kan dus nie met Roberts<sup>425</sup>) saamstem wanneer hy die opbou en die kom tot volwassenheid alleen wil laat slaan op die ruimtelike en die "unie van gelowiges" nie. Dit is in stryd met die direkte verwysing na die "toerusting van die gelowiges" (4:12) en die uitspraak: "sodat ons nie meer kinders sal wees nie".

Dit bring ons dan ook meteens by die uitspraak van vers 15, n1.: "ons sal in die liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof". Hier gaan dit ook daarom dat die staat van "nēpios" ontgroei word tot die volwasse stadium sodat die gemeentelede standvastige Christene word. In hierdie verband kan ons wel saamstem met Roberts<sup>426</sup>) wanneer hy bevind: "Die opbou wat gerig is op die opheffing van die kinderlike staat, resulteer daarin dat, terwyl ons op liefdevolle wyse aan die waarheid van die apostolies oorgelewerde evangelie as lewensrigsnoer en verkondigingsgewe vashou, ons met betrekking tot alle dinge opgroei in die rigting van Christus, die Hoof van Sy gemeente". Terwyl die gelowiges aan die waarheid (van die Evangelie) vashou, groei hulle na Christus toe, en dit staan teenoor die dwaalleer van die valse leraars wat verhinder dat daardie groeiproses plaasvind. So konkludeer Charles Hodge<sup>427</sup>) "These are different forms of expressing the idea that conformity to Christ is the end to be attained. We are to grow so as to be conformed to him, ta panta, as to all things. Him, 'who is the head, viz. Christ'. We are to be conformed to our head - because he is our head, i.e. because of the intimate union between him and us".

Hier word dus gewys op die intensiewe volheid, die volwassenheid en rypheid van die gemeente waarop die hele opbou gerig is. Dit omvat dus 'n volwasse word, 'n standvastig word in die geloof en die heilswaarhede van die Evangelie asook 'n bekleding met die nuwe mens wat na die beeld van God geskape is,<sup>428</sup>) met die negatiewe keersy daarvan, naamlik die aflê van die oumens.<sup>429</sup>)

Hierdie ontwikkeling hou dus ook in die ontgroeiing aan die

(vleeslikheid), wêreldsgesindheid. Daarom die beskuldiging van die apostel Paulus aan die gemeente van Korinthe: "Broers, ek kan met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie, ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus".<sup>430)</sup> Hulle moes dus al hierdie toestand ontgroei het in 'n grotere mate as waarin hulle nog op daardie stadium verkeer. Vandaar ook die opdrag aan die Galasiërs: "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie".<sup>431)</sup> Dit beteken dat hulle hul handeling en gedrag deur die Heilige Gees moet laat beheers, dan sal hulle nie herhaaldelik swig voor die begeertes van die sondige natuur, wat hulle juis geroepe is om af te lê nie - 'n proses wat voortdurend by hulle aan die gang moet wees, anders vertoon hulle nie die beeld van hul Hoof, Christus nie.

#### Toeneem in kennis

'n Verdere belangrike aspek van die opbou van die gemeentede bestaan in die toename en vermeerdering in kennis. Die apostel Paulus bid daarvoor vir die gemeente in Kolosse: "Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat julle, deur al die wysheid en die insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom van wat sy wil is. Ons bid dat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugbaar wees in elke goeie werk en toeneem in die kennis van God".<sup>432)</sup> Om te kom tot volle kennis van die wil van God, veronderstel insig in dit wat Hy daaromtrent gegee en geopenbaar het in sy Woord. Die inhoud van die kennis is dus die wil van God en die gevolg daarvan is om waardig voor die Here te wandel en vrugbaar te wees in elke goeie werk terwyl daar 'n toename is, (auksanomenoi - groei), in die kennis van God. Eduard Schweizer<sup>433)</sup> vat dit so saam: "Die Erkenntnis Gottes ist dann also der Grund, aus dem heraus Frucht und Wachstum in guten Werken möglich wird". Wanneer die gemeente met hierdie kennis vervul is, d.w.s. dat die wil van God vir hulle duidelik en helder voor die gees staan, sal hulle nie op 'n dwaalspoor gebring kan word, soos wat daar in Kolosse 'n groot gevaar was nie, maar sal hulle weet wat hulle te doen staan en nie maklik tot

twyfel gebring word nie.<sup>434)</sup> In verband met die stelling: "deur al die wysheid en die insig wat die Gees gee"<sup>435)</sup> sê Herman Ridderbos.<sup>436)</sup> "De toevoeging bedoelt deze kennis nog nader te omschrijven in de zin van een juiste praktische toepassing van het geloof en van een inzicht of onderscheiding, die niet meer uit hun oude heidense bestaanswijze, maar uit de heerschappij van de Geest over hen voortkwam ... Die omzetting van het leven door het evangelie vraagt een volkomen nieuwe oriëntering in alle verhoudingen. Met de bereidheid hiertoe moet God ook het inzicht schenken".

Omdat die gemeentelede in Kolosse pas tot geloof gekom het,<sup>437)</sup> en daar 'n groot en ingrypende verandering in hulle lewens plaasgevind het, het hulle ook 'n nuwe lewensoriëntering nodig vir die lewe in die koninkryk van God waartoe hulle nou oorgebring is uit die duisternis.<sup>438)</sup> Hierdie oriëntering en vorming ontvang hulle wanneer die wil van God aan hulle bekend word. Tegelyk hiermee het hulle ook nodig om in die kennis van God te groei,<sup>439)</sup> d.w.s. hulle moet almeer leer ken wie God is en wat Hy hulle in sy groot genade en verlossing in Christus gegee het.<sup>440)</sup> Hierdie toename (opgroei) in die kennis van die wil van God, om nl. waardig voor Hom te wandel, vind ons ook in verdere uitsprake aan die Kolossense.<sup>441)</sup>

Die opbou van die gemeente bestaan dus hier in die vermeerdering van die kennis omtrent God Self, sowel as van sy wil vir die daaglikse lewenswandel. In die tweede Petrus-Brief vind ons ook 'n heel besondere verwysing met betrekking tot die toename in kennis: "Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van onse Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen".<sup>442)</sup> Dit word gestel teen die agtergrond van die voorafgaande waarskuwing om nl. op te pas dat die gemeentelede nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en die gelowiges gevolglik beroof word van hulle eie standvastigheid nie.<sup>443)</sup>

Die gemeente het van die Here hulle bepaalde staanplek ontvang,<sup>444)</sup> wat vir hulle standvastigheid moontlik maak, daarom moet hulle nie toelaat dat hulle meegesleep word deur die dwaling van beginsellose

mense en also van hierdie standvastigheid beroof word nie.<sup>445)</sup> Hulle moet egter nie alleen staande bly nie, maar toeneem (groeï) in die genade en kennis van die Here en Verlosser, Jesus Christus, as hulle van hierdie verval bewaar wil bly. Daarom speel die kennis, (epiqnōsis en qnōsei), so 'n belangrike rol in hierdie brief. "Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here".<sup>446)</sup> "Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag".<sup>447)</sup> "As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken".<sup>448)</sup> "Mense wat van die besmetting van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het ...".<sup>449)</sup> Dan weer in 3:18 soos reeds aangehaal. Omtrent hierdie genade en kennis sê Walter Grundmann<sup>450)</sup> "Die Erkenntnis unseres Herrn und Retters Jesus Christus wird ebenfalls als eine wachsende und in ihrem Wachsen stärkende und erhaltende Kraft verstanden, denn Erkenntnis schliesst in sich das Kennenlernen und mit ihm das Hineinwachsen in den, den man kennenlernt. Wachsen in Erkenntnis ist Zunahme in personaler Verbundenheit". Die groei in die kennis van die Verlosser bestaan daarin dat Jesus vir die gelowige altyd meer en meer geopenbaar word namate hulle dieper ingelei word in die volle heil wat Hy vir hulle verkry het soos dit veral in hoofstuk 1 verse 3-11 gestel word. Na dié mate wat hulle hul Saligmaker altyd beter leer ken, sal hulle Hom altyd met groter liefde en beslistheid navolg en nie so geredelik deur die valse leraars van die lewenskoers weggelei word waarop Jesus Christus hulle gebring het en wil voort lei nie. Die kennis van die Verlosser, Jesus Christus, beteken egter nie alleen om die heilsfeite aangaande wat Hy vir ons gedoen het, te verneem nie, maar dit impliseer ook om ervaring van sy gemeenskap op te doen, omdat die omgang met die Woord van God (waarin die heil vervat is), beteken om in sy gemeenskap betrek te word. Hieromtrent sê Arnold Bittlinger<sup>451)</sup> "Die Erkenntnis wächst genau wie der Glaube durch die Erfahrung, die wir mit Christus machen. Erkenntnis Christi wächst nicht durch unsere Aktivität, sondern durch Gebet, d.h. durch stilles Ausruhen vor Gott, durch wunschloses Sich = Gott = Öffnen, ... Wer Jesus so in seinem Leben wirken lässt, der

wird Ihn viel besser kennenlernen als derjenige, der viele Vorträge über Jesus hört und viele Bücher über Ihn liest". Hier stem Herman Ridderbos<sup>452)</sup> ook ooreen.

Omdat die gemeente van Christus nie bestaan uit private individue wat los van mekaar bestaan en onafhanklik hulle geloof belewe nie, maar wel in die allernouste gemeenskap met mekaar verbonde is, omdat hulle - elkeen afsonderlik en almal saam - in Christus bestaan, is die onderlinge opbou ook van so 'n groot belang. Daarom bestee die apostel Paulus ook so 'n besondere aandag aan hierdie aspek van die bestaan van die gemeente, "waarbij het vooral ook gaat om de rechte verhouding van gemeenschap en enkeling, om het ingevoegd worden en het functioneren van de enkeling in het geheel, maar waarbij een ieder het heil van de gemeente steeds opnieuw boven zijn eigen voorkeur en aanleg moet stellen, vlg. 1 Kor. 8:1; Rom 14:15, 19; Rom. 12:13 e.v.". Herman Ridderbos.<sup>453)</sup>

#### 1.3.5.2 Aspekte rakende die opbou van die gemeente as liggaam van Christus

In verband met die opbou van die gemeente as liggaam van Christus is daar 'n paar aspekte wat van besondere belang is in hierdie verband, te wete die volgende: (1) Bevestiging en verstewiging op die fondament, Jesus Christus; (2) Versterking van die onderlinge eenheid en liefde; (3) Versterking en verdieping van die gemeenskap; (4) Die onderlinge vermaning en tug.

#### Bevestiging en verstewiging op die Fondament, Jesus Christus.

Omdat Jesus Christus die fondament en oorsprong (Hoof) van die gemeente is, moet die gemeente vir haar bestendigheid van bestaan en voortgaande ontwikkeling as sy liggaam, altyd hegter en inniger aan Hom verbind word. Hierdie waarheid word byvoorbeeld voorgestel in die volgende uitsprake: "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar reeds gelê is nie. Die fondament Jesus Christus",<sup>454)</sup> "Opgerig op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is".<sup>455)</sup>



"Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groeï na Christus toe. Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam".<sup>456</sup>) Aangesien julle dan Christus Jesus as Here, aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom ge= wortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul".<sup>457</sup>)

Die werkwoord "bou", (epoikodomei), wat gebruik word in 1 Kor. 3:10, (2 keer) en :12, asook in Ko. 2:7, (epoikodomoumenoi), staan deur= gaans in die praesens, wat dui op die duratiewe, die voortgaande proses van opgebou word "in Christus". So ook ten opsigte van Kol. 2:6: "Wandel", (peripateite) en "bevestig", (bebaïoumenoi) wat ook deurgaans in die praesens staan en eintlik beteken: "wandel (voortdurend) in Hom!" en: "terwyl julle (voortgaande) in Hom be= vestig word". Die werkwoord: "gewortel" (erridzomenoi) is 'n perfektum participium wat die feit van die verlede stel, nl. dat die gemeente deur 'n daad, op 'n stadium, in Christus "gewortel" is, en dui dus die feitlike van die noue verbintenis met Hom aan. Die werkwoord "by die waarheid bly," (alētheuontes), in Ef. 4:15, is ook 'n praesens participium en beteken: "terwyl ons die waarheid betrag" of "... in die waarheid bly", "laat ons opgroei in Hom", (auksēsomen) - aor. I subjunktief, of ook: "Behoort ons op te groei in Hom...".

Uit die voorgenoemde Skrifgetuïenis is dit dus duidelik dat die opbou van die gemeente o.a. beteken dat daar 'n voortgaande proses van be= vestiging en verstewiging op die fondament, Jesus Christus, is omdat Hy die fondament en hoeksteen, asook die Hoof, d.i. die Oorsprong van die gemeente is. Herman Ridderbos<sup>458</sup>) sê hieromtrent die vol= gende: "Het gaat in de opbouw van de gemeente vóór alles om haar bevestiging in Christus, om de vastheid, die zij steeds meer dáaraan mag en moet ontlenen, dat Christus haar fondament en haar levens= wortel is". Volgens Ef. 4:15-16 is dit ook duidelik dat die ge= meente as liggaam in geheel betrokke is (behoort te wees) in hierdie opbouproses. "Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde". Tereg stel J.H.

Roberts<sup>459</sup>) dié waarheid soos volg: nl. "dat die hele liggaam met al sy lede betrokke is in die diens aan die woord van die waarheid om mekaar deur die waarheid te bevestig, te versterk, te konsolideer in dié waarheid, sodat almal tot volwasse standvastigheid sal kom".

#### Versterking van die onderlinge eenheid en liefde

Een van die fondamentstene van die nuwe gemeenskap van die heilsgemeente as eskatologiese volk van God is die liefde. Omdat die gemeente tot stand gekom het deur die verkiesingsdaad van God wat in sy grote liefde geskied het, daarom is die liefde ook die gawe van God wat Hy in sy begenadigde volk onderling laat belewe teenoor die neiging van die sondige natuur, nl. om God en die naaste te haat! Teen hierdie agtergrond word die gemeentes dan ook voortdurend in die Nuwe Testament daartoe opgeroep en opgeskerp dat die liefde al hulle onderlinge gesindhede en dade moet bepaal, want dit bind die gemeente saam en bou die gemeente op in 'n hegte gemeenskap tot eer van God en tot 'n getuienis van sy Naam. Treffend stel Herman Ridderbos<sup>460</sup>) dit: "De liefde Gods, in Christus' zelfovergawe geopenbaard, en zich uitwerkend door de Heilige Geest in de liefde der gemeente, is het eigenlijke geheim en de duidelijkste gestalte van haar heiligheid; gelijk de gemeente omgekeerd in de gestalte van deze liefde het bewijs vertoont van door God verkoren en aan zijn zijde gesteld te zijn".

Geen wonder dat die apostel Paulus soveel nadruk lê op die beoefening van die liefde waardeur die onderlinge bande in die gemeente al stewiger gebind, en die gemeente also versterk word as die liggaam van Christus nie. Ons verwys na enkele uitsprake: "Kennis maak verwaand, maar liefde bou op, (oikodomei)"<sup>461</sup>) In 1 Kor. 13 word die liefde gestel as die allesoorheersende en allerbelangrikste gawe van die Heilige Gees; veral verse 1-3 en 8 en 13. In hierdie verband verklaar hy dan ook volgens 1 Kor. 12:24-25 dat God die liggaam sō saamgestel het sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra. Dit kan alleen as die liefde vir die ander oorheers en nie elkeen se eie belang nie. "Dien mekaar in liefde".<sup>462</sup>) Volgens Ef. 4:1-3 word die oproep gedoen om mekaar in liefde te verdra ten einde die eenheid van die Gees te bewaar. In Ef. 4:15 verklaar die apostel: terwyl

die gemeente in liefde by die waarheid bly groei hulle na Christus toe. Hy is immers die Hoof". Tot die Fillipense rig hy die op= roep: "maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe." <sup>463)</sup> Aan die gemeente in Kolosse rig hy die bevel: "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind". <sup>464)</sup>

Van net soveel belang is dit dat die onderlinge eenheid in die gemeente bewaar en voortdurend versterk sal word, sodat die gemeente as bouwerk van God nie 'n losstaande eie-belangsoekende konglomerasie van mense word nie. Hierdie onderlinge eenheid word juis daardeur versterk wanneer die lede van die liggaam mekaar se belange op die hart dra en tot mekaar omsien. In verband hiermee vind ons o.a. die volgende uitsprake: "Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie". <sup>465)</sup> Hier word duidelik die selfsug en eiebelang bestry, omdat dit die geestelike heil van die medebroeder kan benadeel. Volgens Rom 15:2 moet elkeen die naaste behaag met die oog op wat goed is tot opbou (oikodomên), daarom moet ons mekaar aanvaar soos Christus ons ook aanvaar het tot eer van God (vers 7). Die apostel Paulus roep dan ook die Korinthiërs daartoe op dat niemand sy eie voordeel moet soek nie, maar elkeen die voor= deel van 'n ander. <sup>466)</sup> Verder wys hy dan ook daarop dat hy wat in 'n taal spreek, homself opbou (oikodomei), terwyl hulle eintlik moet probeer om uit te munt tot opbou (oikodomên) van die gemeente, <sup>467)</sup> omdat individualisme onvanpas is in die gemeente van Christus. Volgens 1 Kor. 12:25 moet die gemeente ook gelyke sorg vir mekaar dra sodat daar nie minderwaardigheid <sup>468)</sup> of meerderwaardigheid <sup>469)</sup> in die liggaam sal bestaan nie. Die Galasiërs word weer daarop gewys dat hulle dié lid wat in een of ander sonde val, moet reghelp met die gees van sagmoedigheid en mekaar se laste moet dra en also die wet van Christus, (d.i. die liefde) moet vervul. <sup>470)</sup> Die Efesiërs word opgeskerp om die eenheid van die Gees te handhaaf - (têrein - praes. inf. = voortdurend bewaar), deur in vrede met mekaar te lewe, <sup>471)</sup> want die gemeente is één liggaam, en dit is één Gees, één Here, één geloof, één doop en één God en Vader van alma. <sup>472)</sup> Net so word die gemeente in Filippi opgeroep om nie iets te doen uit selfsug of uit eersug nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself, terwyl elkeen nie aan sy eie belange moet dink nie, maar elkeen ook aan dié van ander. <sup>473)</sup>

Voorgenoemde uitsprake dui vir ons baie uitdruklik daarop dat daar voortdurend gebou moet word aan die eenheid van die gemeente as die liggaam van Christus. In hierdie eenheid van bestaan in liefde van die gemeente van Christus, word geopenbaar dat God in Jesus Christus en deur die Heilige Gees die verskeurdheid wat deur die sonde tussen God en mens en tussen mens en mens ontstaan het, weer heel en herstel sodat die verwarring van Babel<sup>474</sup> oorwin word deur God se eie heilswerk. So word ook die bede van Jesus, die Groot Versoener en Heiland bewaarheid en gedemonstreer, want juis hiervoor het Hy gebid: "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My is en Ek in U; dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het".<sup>475</sup> Juis in die eskatologiese heilsgemeente word die mees uiteen-geskeurde dele van die mensheid (Jode en heidene) één deur sy versoening aan die kruis.<sup>476</sup> "... en deur vrede te maak, het Hy in Homself die twee, (Jode en nie-Jode), tot een nuwe mensheid verenig. Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig". Tereg sê P.F. Theron<sup>477</sup> "Omdat die gemeente deur die inwoning van die Gees 'n tempel van God is (1 Kor. 3:16), kan verdeeldheid binne die gemeente nie anders as 'vleeslik' (1 Kor. 3:4) bestempel word nie". Wanneer daar dus gebrek aan die eenheid in die ekklesia of plaaslik, of in die algemeen is, dui dit juis op die behoefte aan "opgegroeï na Christus toe",<sup>478</sup> asook die nood aan die opbou met betrekking tot die eenheid, want die voortgaande, effektiewe opbou, bewerk juis verstewiging van die eenheid - 'n ander groei aan mekaar namate elkeen nader groei tot Christus.

#### Bevordering en verdieping van die gemeenskap

Die opbou van die gemeente hou ook in die bevordering (verstewiging of verinniging) van die onderlinge gemeenskap, want hierdie nuwe gemeenskap word gevorm uit mense van uiteenlopende karakter, herkoms en lewenstand. Alle verskille wat saambinding kan verhinder, moet nou wegval. Daarom sê die apostel aan die gemeente: "Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, is met Christus bekleed. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie; in Christus Jesus is julle almal een".<sup>479</sup> Onmiddellik wanneer die Heilige Gees mense uit die verlore wêreld deel

gee aan die heil in Christus, bind Hy hulle saam in 'n nuwe gemeenskap - teenoor die skeurmakende werk van die diabolos, die skeurmaker, satan. So leer ons omtrent die eerste bekeerlinge op die Pinksterdag: "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede. ... Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltye gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys".<sup>480)</sup>

Vir die bevordering, uitbouing en verstewiging van hierdie gemeenskap is dit nou belangrik om die antwoord te kry op die vraag: Waarin bestaan hierdie gemeenskap? Wat is die fondament - die grond - die oorsprong - van hierdie gemeenskap? Eers as ons daaromtrent sekerheid het, kan ons bepaal hoe dit versterk kan word. Uit die vorming van die gemeente in die Skrif is dit dan duidelik dat daar 'n paar elemente van beslissende belang is: (1) Hierdie nuwe gemeenskap ontstaan deur die roep wat van God uitgaan tot 'n verlore mensheid. Byvoorbeeld: "Want jy is 'n volk heilig aan die Here jou God; jou het die Here jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees."<sup>481)</sup> "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees".<sup>482)</sup> Omdat die vorming van hierdie gemeenskap van God uitgaan en in Hom die oorsprong het, kan dié gemeenskap alleen verstewig en verinnig word wanneer almal op Hom gerig is, en al hulle aktiwiteite rondom Hom sentreer en tot sy eer gedoen word. (2) Hierdie gemeenskap deel die gemeenskaplike waarheid dat hulle uitgered is uit hierdie goddelose wêreld,<sup>483)</sup> dat hulle verlos is uit die mag van die duisternis.<sup>484)</sup> Oor hulle is die oordeel en straf van God weggeneem.<sup>485)</sup> (3) Hulle deel gemeenskaplik die verlossing in Christus Jesus.<sup>486)</sup> (4) Hulle deel in die gemeenskaplike erfenis.<sup>487)</sup> (5) Hulle gemeenskap en samesluiting, is gegrond in die belydenis soos dit gestel word in die uitgawe: "Gemeentevormen en Gemeenteopbouw".<sup>488)</sup> "Wie echter luistert naar de Schriften ontdekt dat dāār de gemeenschap heel andere fundamenteen heeft. Zij was immers gegrond in de belijdenis: 'Een lichaam en één roeping die hoop geeft, één Heer, één geloof, één doop, één God

en Vader'. Dat relativeerde allerlei maatschappelijke, culturele, etniese, raciale teenstellings en verskillen en so werd door de Geest de gemeenskap een ... geskenk. In ieder geval werd zij niet georganiseerd". (Dit na luid van Ef. 4:4-6).

Kortweg kan ons dus sê dat hierdie gemeenskap ontstaan uit die heil van God in Jesus Christus deur die Heilige Gees gerealiseer in die lewens van mense, en daarom word hierdie onderlinge gemeenskap alleen gevoed, gesterk verdiep en geïntensiveer wanneer daar geleef, ge-kommunikeer en gekonsentreer word rondom hierdie gegewene. Hierdie onderlinge gemeenskap word nie gevoed en verstewig bloot rondom 'n gewone maaltyd of teesessies nie, want hy het sy oorsprong, sy ontstaan en lewe nie daarin nie. Hierdie gemeenskap word alleen bevorder en telkens opnuut beleef vanuit en rondom die gemeenskap met Jesus Christus, die Saligmaker. Daarom skrywe die apostel Johannes "Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is met die Vader en met sy Seun Jesus Christus. ... Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde".<sup>489)</sup>

Pragtig stel Theo Sorg<sup>490)</sup> dit: "Der Heilige Geist wirkt nicht als Sektenstifter. Er führt nicht in die geistliche Vereinzelung, er bringt zur Gemeinde. Er beruft nicht nur zum Glauben, sondern versammelt die Einzelnen zur Gemeinschaft der Glaubenden. Er macht uns zu Menschen, in deren Leben etwas sichtbar wird von den 'Früchten des Geistes' (Gal. 5,22), zu Menschen, die einander dienen, jeder mit seiner besonderen Gabe. (1 Petr. 4,10)".

#### Die onderlinge vermaning en tug betreffende die opbou.

Rondom die opbou van die gemeente speel die onderlinge vermaning en tug 'n baie essensiële en belangrike rol. Omdat die gemeente bestaan uit mense - mense wat nog in die vervalde wêreld van sonde en versoeking leef terwyl hulle ook nog in hulleself die sondige natuur omdra. Vanweë die feit dat daar altyd die moontlikheid van vergadering in die genade is,<sup>491)</sup> is dit ook nodig dat die gemeentelide

voortdurend op mekaar sal ag gee,<sup>492)</sup> en mekaar tot liefde en goeie werke aanspoor,<sup>493)</sup> asook in gevalle van afwyking van die weg, mekaar vermaan en reghelp.<sup>494)</sup> Arnold Bittlinger<sup>495)</sup> gee omtrent die roeping van die ampte in hierdie verband 'n rake beskrywing: "Weil jedoch die Ortsgemeinde, die Gemeinde in ihrer irdischen Gestalt, aus Menschen besteht, deshalb kommt es immer wieder vor, dass zerstörende und störende Einflüsse in die Gemeinde eindringen, um sie innerlich zu zersetzen. Die Aufgabe eines Apostels und eines Bischofs besteht nun darin, diesen zerstörenden Einflüssen zu wehren, d.h. sie aufzudecken, vor die Gemeinde hinzustellen, um damit ein entsprechendes Handeln Gottes einzuleiten. Die Diener der Gemeinde handeln also auch dort in der Vollmacht Gottes, wo sie Sünde aufdecken, wo sie dem wehren, was zerstören will".

In verband met die onderlinge vermaning en tug in die gemeente is dit ook 'n spesifieke gawe van die Heilige Gees.<sup>496)</sup> So lees ons in Rom. 12:6 en 8: "Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. ... as dit is om te bemoedig, (parakalōn), laat ons bemoedig ...". En so ook in 1 Kor. 14:25 waar die gawe van die profesie, (prophēteuein) daartoe dien dat andere in die gewete aangespreek word (elengetai); tot selfondersoek kom, (anakrinētai), sodat die verborge dinge van sy hart aan die lig kom en hy tot God gebring word. Dit is egter ook 'n funksie wat aan die voorgangers, (leiers), in die gemeente toegeken is. Daarom skrywe die apostel aan die Thessalonicense: "Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en tereg wys".<sup>497)</sup> Arnold Bittlinger<sup>498)</sup> wys daarop dat hierdie charismatiese handeling 'n gevolmagtigde handeling van Jesus deur mense is om also sy gemeente op te bou, en vervolg dan: "Ziel allen vollmächtigen Handelns der Diener Christi ist die Auferbauung der Gemeinde. Dazu ist diese Vollmacht gegeben und nicht zur Zerstörung. Paulus schreibt in 2 Korinther 13,10: 'Mir hat der Herr Vollmacht verliehen zur Auferbauung und nicht zum Zerstören' (Vgl. auch 2 Kor. 10,8)". J.J. de Klerk<sup>499)</sup> stem ook hiermee ooreen t.o.v. die funksie van die gesagsinstansies.

Voorgenoemde onthef egter nooit die gemeentelede self van die roeping en verantwoordelikheid tot onderlinge vermaning nie, juis omdat dit ook die opbou van die hele gemeente dien. Vandaar die opdrag aan



die Thessalonicense: "Praat mekaar moed in (parakaleite) en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen".<sup>500</sup> En dan weer: "Ons druk julle dit op die hart, broers: Wys die leegleërs onder julle tereg, (noutheteite), praat die kleinmoediges moed in, (paramoutheisthe), help, (antexesthe), die swakkes, wees met almal geduldig, (makrothumeite)".<sup>501</sup> So ook: "Leer en onder-rig, (nouthetountes), mekaar...".<sup>502</sup> En dan weer in Hebreërs: "Julle moet mekaar elke dag aanspoor, (parakaleite), sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie".<sup>503</sup>

Sonder die volgehoue onderlinge vermaning en tug in die gemeente van Christus sal daar 'n sieklike toestand intree terwyl die groei nie sal kan plaasvind nie. Want in die proses van opgroei in Christus - die Hoof - beteken dit juis dat die sondige aard voortdurend gekruisig word, en die lewe almeer onder die heerskappy van die Heilige Gees gestel word.<sup>504</sup> Hiervoor is dit egter noodsaaklik dat daar 'n skerpe bewussyn van sonde in die gemeente sal wees, en dit moet aangewakker word deur die volgehoue onderlinge vermaning en tug want dit bring voortdurende waaksaamheid en heiliging in die gemeente tot stand. Also word die gemeente opgebou in die aller heiligste geloof, en is daar nie geleentheid vir stagnasie en veragtering in die genade nie. Teen hierdie agtergrond moet veral die voorgangers in die gemeente voortdurend waaksaam wees, om in die Naam van Christus Jesus die tug noulettend en met sagmoedigheid en liefde<sup>505</sup> in die gemeente toe te pas. Paslik sê Arnold Bittlinger<sup>506</sup> "Wer das Heilige antastet, wer die Gemeinde verdirbt, verdirbt sich selber (Vgl. 1 Kor. 11,27-32). Alle Kirchengemeinde dient dazu, dass die Gemeinde nicht verderbt wird. Die Kirchengemeinde dient jedoch nicht nur der Bewahrung der Gemeinde, sondern auch der Errettung des Sünders. Wenn Sünde ungestraft bleibe, dann hiesse das, dass der Sünder auf seinen verkehrten Weg bestätigt würde ... . Die Verantwortlichen in der Gemeinde laden jedoch Schuld auf sich, wenn sie meinen, sie könnten dieses vorläufige Handeln dem Sünder ersparen. Gerade dadurch würde sie den Sünder ins Verderben führen. Sie halfen ihm damit nicht, sondern sie vernichten ihn dadurch".

Juis deur die onderlinge vermenging en tug word die gemeente opgebou en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here - as 'n huis waarin



God deur sy Gees woon.<sup>507)</sup>

### 3.6 Die uitbreidende opbou (bouwerk).

Met die opbou van die ekklesia as eskatologiese volk van God word nie alleen die interne opbou bedoel nie, maar ook die uitbreidende bouwerk wat van net soveel belang is. In die eskatologiese heilstyd wat met die koms van Christus, die Verlosser, binnegegaan is, is dit die Drie-enige God wat besig is om deur die aankomende eeue heen,<sup>508)</sup> deur alle geslagte, en onder alle volke en tale,<sup>509)</sup> sy uitverkorenes te versamel as sy eiendomsvolk.<sup>510)</sup> Hierdie voortdurende heilshandeling van die Drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees - is 'n insamelingsproses; 'n voortgaande opbou wat nooit begrens word deur 'n bepaalde tyd in die geskiedenis of tot 'n bepaalde deel van die mense-wêreld of span van die eeue nie; dit kom tot vervulling op die moment van die wederkoms. Eers dan sal die opbou van die liggaam van Christus,<sup>511)</sup> voltooi wees, en die gebou van God,<sup>512)</sup> die heilige tempel van die Here,<sup>513)</sup> afgerond daar staan. Dit gaan dus in die opbou van die ekklesia ook om die "extensief-missionaire gezichtspunt, dat so nauw met de heilshistorische achtergrond van het goddelijke bouwerk is verbondend, meermalen ook in het nieuwtestamentische opbouwbegrip aanwezig is, blijkt een enkele maal ook uit het paulinische spraakgebruik, Rom. 15:20"<sup>514)</sup> A. Noordegraaf<sup>515)</sup> wys ook op die noue verband tussen die versterkende en uitbreidende opbou van die gemeente en stel dit dan soos volg: "Wat de gemeenteopbouw betreft blijkt immers, sowel uit de Handelingen der apostelen als uit de brieven van Paulus, Petrus, Johannes, dat de opbouw der gemeente zowel verdiepend als wervend is, zowel intensief (versterking van het geloof) als extensief (uitbreiding van het ledetal). Er is dan ook geen tegenstelling te bespeuren tussen het bewaren en het vermeerderen, tussen het consoliderende en verdiepende aspect van het gemeentelijke leven en het missionaire, vermeerderende. Wij hebben hier helaas uitgedrukt wat naar Gods bedoelen bijeenhoort. Handelingen 9:31; 20:32; 1 Korinthiërs 14:2; 1 Petrus 2:5 v.v. laten duidelijk zien dat deze twee aspecten bijeenhoren". J.H. Roberts<sup>516)</sup> wys ook daarop dat dit in die uitbreidende opbou wat in Ef. 4:13 en 16 genoem word, daarom gaan dat "die opbou van die liggaam van Christus voortgaan totdat die voltotaal van die

hêmeis, van die Godsvolk, aangekom het by die geloofsunie waar die Seun van God as Redder geken word, en wat beteken die akseptering van die kerygma en die toetreding tot die een gemeente wat, geïnkorporeerd in Christus, 'n volmaakte man is, die draer van die volle seën van Sy heilswerk". Dit gaan dus om 'n struktuur wat in wording is, en opgebou word na die voltooide stadium toe wat van dag tot dag en van eeu tot eeu voortgaan. Dit gaan om 'n numeriese groei totdat die somtotaal van die uitverkorenes van God ingebou is as 'n huis waarin God deur sy Gees woon (Ef. 2<sup>22</sup>). H.H. Ulrich<sup>517</sup> stel dit sô: "Praktisch bedeutet dieses Wachstum, dass immer mehr Menschen zur Gemeinde 'hinzugetan' werden (Apg 2,47) und dass zugleich die Fähigkeit der Gemeinde wächst, den ihr Übergegebenen missionarischen Auftrag zu erfüllen und das Evangelium allen Menschen zu bringen. ... Es mag Manchen verwundern, dass damit auch das numerische Wachstum der Gemeinden gemeint ist. Aber die Bibel lässt daran keinen Zweifel".

Voortdurend moet die eskatologiese heilsgemeente dus besig bly met die verkondiging vandie heil in Christus "tot die voleinding van die wêreld".<sup>518</sup> Juis daarom gaan die belofte van Jesus Christus dat Hy nl. met sy volgelinge sal wees "tot die voleinding van die wêreld" gepaard met die opdrag: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel".<sup>519</sup> Juis hierdie belofte impliseer: Solank as wat Jesus Christus met Sy gemeente is, sal hierdie aksie van "dissipels maak", voortgaande proses in die ekklesia wees. Want dit is immers Hy wat in en deur die gemeente werk, om hierdie bouwerk tot stand en tot voltooiing te bring. Treffend en waar stel Edmund Schlink<sup>520</sup> dit: "Die Kirche ist, indem Jesus Christus, der Gekreuzigte und Auferstandene, ständig neu an ihr handelt ... . Die Kirche ist, denn Christus ruft sein Volk heraus aus der Welt. ... Er ist als der Lebendige in seiner Kirche gegenwärtig. In Christus lebendiger Gegenwart hat die Kirche ihr Sein". ... "Solange die Zeit der Gnade währt, solange die Menschheit noch vor der Ankunft des Weltenrichters steht, ist das letzte entscheidende Wort nicht gesprochen, sondern Gott treibt durch sein Gebieten, Richten und Töten hin zur Rettung durch den Glauben an das Evangelium". Christus handel

voortdurend reddend deur sy gemeente heen in 'n wêreld van verlore=heid en wanhoop - dit is die taak van opbou waarmee die gemeente gehoorsaam en ywerig besig moet wees - daarin vind hy sy bestemming op aarde in die eskatologiese heilstyd. Edmund Schlink<sup>521)</sup> sê verder dat die Heilige Gees as't ware deur die charismatiker die bevel gee wie Hy gestuur wil hê en waarheen Hy wil stuur en "In der Sendung dienen Menschenwort und Menschenhände als Werkzeug des sendenden Gottes. Gott beruft durch den Mund und die Hand der Kirche als durch sein Werkzeug. Hand. 1:24 v.v.; 13:2; 20:28".

Daar moet dus 'n werfkrag wees wat van die gemeente uitgaan om dié wat nog vir hulle buite die gemeente, in die verlore wêreld bevind, in te bring en in te bou in die heilige tempel van die Here.<sup>522)</sup> Hierin moet nie slegs 'n groepie uitgesonderde "ampte" betrokke wees nie, maar die gemeente as geheel en elke lid kragtens sy verbonden=heid aan die liggaam van Christus.<sup>523)</sup> Tereg sê Arthur Stephan<sup>524)</sup> "Der Heilige Geist erweckt den Menschen, einen jeden in der Gestalt und zu der Aufgabe, die er gerade ihm zudenkt. Er begnadet ihn mit den entsprechenden neuen Fähigkeiten, Freiheiten und Kräften. Er beschenkt mit solcher Begabung des einzelnen Christen die ganze Christliche Gemeinde. Er vertieft uns bereichert ihr gemeinsames Leben, er bevollmächtigt sie zur Durchführung der Sendung in die Welt".

Werner Krusche<sup>525)</sup> sê met betrekking tot die doel van die toerusting van die gemeentelêde: "Nicht als Hilfsmannschaft des Pfarrers für kirchliche Innenfunktionen nach Dienstschluss, sondern zu Boten und Werkzeugen Jesu Christi in den Sachbereichen der Welt". Juis daartoe dien die interne opbou van die gemeente sodat die gemeente (lede) tot volwassenheid kom,<sup>526)</sup> en hulle as mondige mense in Christus in staat kan wees om deel te neem aan die werwende aktiwiteit van die gemeente van Christus in haar opbouende taak in die wêreld. Daarom stel die apostel dit so duidelik aan die gemeente van Efese, nl. dat die doel van die funksie van die voorgangers is, om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus".<sup>527)</sup>

Vandaar dat die strukture van die gemeente ook so belangrik is. Want die strukture van die gemeente kan sodanig van aard wees dat

dit die werfkrag van die gemeente en die vrye werking van die Heilige Gees verhinder, soos wat Werner Krusche<sup>528</sup>) tereg daarop wys: "Es gibt offensichtlich Strukturen, die dem Wort den Zugang zur Gemeinde, der Gemeinde den Zugang zu den anderen und den anderen den Zugang zur Gemeinde erschweren oder gar verunmöglichen. Die Gemeinde predigt nicht nur mit ihrer Verkündigung, sondern auch mit ihren Strukturen, und diese können sich geradezu gegenmissionarisch auswirken". In hierdie verband noem Eberhard Winkler<sup>529</sup>) 'n belangrike beginsel nl. dat die strukture van die gemeente moet dien om "aufnahmefähig, ausstrahlungskräftig und aussendungstüchtig zu sein. Falsch ist es, wenn das Missionarische als Strukturprinzip isoliert und verabsolutiert wird, so dass die 'Sendung' die 'Sammlung' verdrängt".

Dit is met die oog op hierdie uitbreidende taak van die ekklesia dat Jesus Christus, die Hoof van die gemeente, dit so gereël het dat die lede van sy liggaam - individueel en in totaal - toegerus word met die gawes wat die Heilige Gees meedeel. Daarom is die gawes (charismata) weer op hul beurt bestem tot innerlike opbou, sowel as tot die uitbreidende opbou van die volk van God in die eindtyd. Want alleen wanneer die Gees die gemeente intern toerus en opbou, word die gemeente bekwaam gemaak en in staat gestel om werwend in die wêreld te bestaan. Die twee groot en uitstaande kenmerke van die eskatologiese heilsgemeente van Jesus Christus waarin die Heilige Gees lewend en kragtig werksaam is, is daarom altyd weer die volgende: (1) 'n Lewende dinamiese aksie binne die gemeente rondom die interne opbou, sodat daar nie alleen 'n goed georganiseerde gemeente bestaan nie, maar 'n deeglik opgeboude gemeente! (2) Aktiewe, lewende, toegeruste en opgeboude gemeentelede wat die taak van die uitbreidende opbou van die gemeente van Christus effektief uitvoer. 'n Dinamiese gemeente dus, met 'n werfkrag vir die koninkryk van God midde in 'n verlore wêreld, omdat hulle geword het tot instrument in die herskeppende Hand van God. Juis waar en wanneer die gemeente besef dat hy liggaam van Christus is wat vir hierdie doel, (die doel van God-drie-enig!), in die eskatologiese heilstyd bestaan, sal die gemeente in genoemde verband voortdurend ywerig besig bly. Tereg stel David J. Bosch<sup>530</sup>) dit in hierdie verband soos volg: "Sending, eskatologies verstaan, wil egter juis die Kerk se roeping en verantwoordelikheid in die wydste moontlike konteks plaas: tot aan die

eindes van die aarde en tot aan die einde van die tyd. In die plek van die apokaliptiese selfbewing met die oog op die einde, tree die sending van die gemeente. Sending wil as eskatologiese gebeure die kerk se aandag daarop vestig dat haar taak nooit afgehandel is nie. ... Die sending van die gemeente in die wêreld in is die enigste antwoord van Jesus op die vraag na die datum van die aanbreek van die Koninkryk (Hand. 1:6-8). Wag op die einde is nooit iets passiefs nie, maar hoogste aktiwiteit in die hede. Om in die wêreld besig te wees, is een van die belangrikste maniere waarop ons ons vir die koms van Christus kan voorberei".

Die uitbreidende opbou van die gemeente bestaan daarin dat die bekeerlinge uit die ongelowige en heindense wêreld voortdurend ingebou word in die gemeente van Christus Jesus, na luid van Efesiërs 2:19-22. Die eskatologiese heilsgemeente wat instrument in die Hand van die Drie-enige God is in die opbou van sy volk, weet: "die sending van die Seun beteken 'n nuwe vorm van Gods bemoeienis met die wêreld. Meer nog, dit is Gods laaste en defenitiewe bemoeienis. Sedert die koms van Christus kan ons nie meer 'n verlossing anders as die een wat Hy ingelui het, ver wag nie en ook geen ander verlosser nie. Jesus as Sendeling is dus tegelyk die model vir ons sending (die inkarnasie) as die fundering daarvan".<sup>531</sup> Omdat Jesus Christus deur die Heilige Gees blywend in die heilsgemeente teenwoordig is, is dit Hy wat die ekklesia maak tot instrument in hierdie opbou-proses. Dit is nie 'n groep mense wat uit "roepingsbewustheid" of uit enige ander motief hiermee besig is omdat die Verlosser en wêreld-Redder nou "weg" is en hulle sy "bevele" moet uitvoer nie. Die ekklesia is liggaam van Christus"<sup>532</sup> waarin Hy woon en wat deur die Heilige Gees daartoe gemaak is.<sup>533</sup> Dit beteken dat hierdie liggaam hierdie besondere aktiwiteite uitvoer omdat die Gees die liggaam deurdring en hierdie aksies opwek.

Waar en suiwer stel David J. Bosch<sup>534</sup> hierdie nuwe werklikheid: "Die kerk is die 'een nuwe mens(heid)' (Ef. 2:15) uit Jode en heidene en die proses waarlangs hierdie nuwe mensheid tot stand kom, noem ons sending". ... Dit beteken dat die gemeente nie eers dán met sy taak van uitbreidende opbou besig is wanneer sy "uitgaan" na die eindes van die aarde nie; maar sy is dit wanneer sy in haar daaglikse bestaan die oproep tot alle ongelowiges in haar leefwêreld

Taat uitgaan" "Versoen julle met God".<sup>535)</sup> Daarom sê David J. Bosch<sup>536)</sup> tereg: "Ons lewe in die wêreld is daarom lewe-in-sending".

### 3.7 Die Einddoel Van Die Opbou

Op die vraag na die einddoel van die opbou van die gemeente kan ons alleen dān 'n suiwere antwoord verkry wanneer ons vra wat die Here-God se doel met hierdie opbou van die gemeente is. Dit het Hy aan ons geopenbaar in Jesus Christus, soos wat ons dit veral beskrywe vind in Efesiërs 1:9-10: "Hy het kragtens sy besluit en voorneme aan ons die geheimenis van sy wil bekend gemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus". Met ander woorde, dit is God se bedoeling om uiteindelik alles wat in die hemel en op die aarde is, onder een Hoof te verenig, n.l. Christus. In hierdie verband is dit dan van besondere betekenis wanneer ons verder in dieselfde hoofstuk lees: "Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul".<sup>537)</sup> Dit verklaar aan ons die volgende, n.l.: In die verhouding wat daar nou reeds in die geskiedenis tussen Christus Jesus en sy gemeente tot stand kom deur die verlossing,<sup>538)</sup> openbaar God waarheen Hy met die kosmos - die gehele geskape, maar afvallige wêreld - op pad is. (Soos reeds aangedui in paragraaf 1.2.5.1). Daarom bou God sy gemeente op aarde wat dien as die (voorlopige) teken van die uiteindelijke doelwit wat God met die ganse kosmos het. Van hieruit gesien is die proefskrif van P.F. Theron<sup>539)</sup> van soveel belang en so uiters aktueel vir die gehele kerk van alle tye, omdat hy daarin die volle betekenis aandui van wat God se bedoeling is met die opbou van die ekklesia in die tyd en wat die uiteindelijke bestemming van die ekklesia is. Hy sê o.a. van Die Kerk as teken<sup>540)</sup> die volgende: "As die aards-historiese bestaanswyse van Jesus Christus is volgens Barth die gemeente die 'Gleichnis' van Christus en het as gelykenis van die profesie van Christus, self ook 'n profetiese karakter vir die wêreld. Die kerk is die voorlopige daarstelling van die heiliging van die ganse mensheid en van die roeping van die ganse skepping. ... Die Kerk is nie die saak self waarom dit gaan nie. Die saak

self is die heil in Christus wat in die hemel verborge en in die wederkoms geopenbaar sal word nl. die ewige lewe, die koninkryk van God waaraan die ganse skepping deel het". En dan stel hy dit ook so dat die gemeente "die profesie is van die redding van die kosmos".<sup>541)</sup>

So verklaar A.A. van Ruler<sup>542)</sup> ook in verband met 1 Kor. 15:28: "Aan alles komt een einde, ook aan het evangelie, het kruis en het christendom". Die saak waarom dit gaan in die opbou van die ekklesia is dus nie die gemeente per sē of die Christendom as sodanig nie. Die doel met die opbou van die gemeente is, nl. dat God-drie-enig daarin 'n bepaalde openbaring gee aangaande sy wil vir en met die in-chaosvervalle-kosmos. Asook dat Hy in en met die opbou van die ekklesia openbaar dat Hy die mens nie wil prysgee aan die verval nie, maar uit die teenswoordige bese wêreld uitred,<sup>543)</sup> en dat Hy die God van ontferming en barmhartigheid is. Want "So is dit goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hē dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom".<sup>544)</sup>

In lyn hiermee sē Van Swigchem<sup>545)</sup> aangaande die eskatologiese motief van die sendingtaak van die gemeente: Daar is geen rus voordat die eindes van die aarde bereik is nie. Rom. 10:18. Die missionêre arbeid van die gemeente sien uit na die "plerōma tōn kairōn" - Ef. 1:10 (N.B. Ef. 1:17-23). "De gemeente is als groeiende, als missionerende gemeente het zichbaar zich realiserende einddoel Gods (N.B. Ef. 4:10, 13 en 11)". Die skeppingswil en -doel van God word in die eskatologiese heilsgemeente geopenbaar, en dit sien ons veral in uitsprake soos die volgende: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hē".<sup>546)</sup> En: "Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar; sy enigste Seun het Hy na die wêreld gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hē".<sup>547)</sup> Hier is die uitspraak van Kol. 1:19-22 van so gewigtige betekenis: "God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. Ook julle was voorheen ver van God en vyandig-gesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar



nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel". Die versoening waarin die heilsgemeente tot God staan,<sup>548)</sup> het dus kosmiese betekenis, omdat dit die teken is in die interim-periode van die groot uiteindelijke versoening waarin die gehele kosmos tot God gebring sal word deur die heilswerk van die Messias Jesus.

Teen hierdie agtergrond het die kruis en opstanding van Jesus Christus so 'n geweldige betekenis. Omdat in die kruis van Christus geopenbaar word dat die ou mens in sonde en onder die bose, geoordeel is en tengronde gaan asook die gevalle kosmos, maar dat juis in en deur Jesus Christus, die Middelaar, die nuwe mens - die versoende mens - 'n nuwe eeu tegemoet gaan en 'n nuwe toekoms deur God in Jesus Christus geskep word. En die aktuele waarheid hieromtrent is dat met die opstanding van Jesus die nuwe wêreld, die nuwe eeu, reeds begin het, en die nuwe toekoms reeds gerealiseer word. Telkens wanneer 'n verlore en vervalde sondaar-mens dus deur die verkondiging van die Evangelie en die genadewerk van die Heilige Gees met God versoen en ingelyf word in die eskatologiese heilsgemeente, word die tekens opgerig van die nuwe werklikheid, die nuwe wêreld en van die uiteindelijke doel van God met die gevalle wêreld. Also word in die opbou van die gemeente die Drie-enige God verheerlik as die Een wat die skepping en skepsel nie prysgee aan die verval nie, en wat sy oorspronklike skeppingsdoel nie laat misluk as gevolg van die sondeval nie, maar dit deurvoer omdat Hy nooit die werk van sy hande laat vaar nie.<sup>549)</sup>

Want die mens wat al sō in die ekklesia ingelyf word, word sō ingelyf op grond van die heilsgesbeure wat in sy lewe 'n werklikheid geword het, nl. dat hy (sy) met Christus gekruisig, gesterwe en begrawe is, en met Hom opgestaan het in die nuwe lewe.<sup>550)</sup> In hierdie opbou van die gemeente word dus reeds die einddoel van God geopenbaar.

In hierdie hele proses van opbou kry die uitsprake van Efesiërs ook 'n heel besondere betekenis wanneer verklaar word dat die heidene deur Jesus Christus saam met die lede van die verbondsvolk van die O.T. op die een fondament en een hoeksteen<sup>551)</sup> ingebou word tot 'n heilige tempel vir die Here; tot 'n huis waarin God deur sy Gees woon. God bou dus sy volk uit die ganse menslike geslag omdat Hy die kosmos in totale omvang met Homself wil versoen (uiteindelik), en nie slegs 'n bepaalde volk of sektor daarvan wil red terwyl Hy die res van die volke



(buite die een volk - Israel} sondermeer prysgee aan die mag van die bose nie. Hierdeur word wel nie 'n al-versoening geopenbaar nie, maar 'n versoening wat 'n totaliteit in omvang het. Soos wat Roberts<sup>552)</sup> dit stel met betrekking tot Ef. 4:13: Die opbou gaan voort totdat ons, oi pantes, toegetree het tot die eenheid van die Godsvolk. In die eskatologiese perspektief waarin die opbou hom uitstrek, gaan dit daarom dat die hēmeis van die Godsvolk in haar vol-totaal sal aankom by, sal toetree tot die geloofsunie van die Godsvolk. Totdat dit gebeur het, sal die opbou moet voortgaan. Dan pas is die gebou voltooi en is die lede van die liggaam van Christus deur die roeping van die Gees in die eskatologiese interim ingebring in die korporatiewe verband wat in Christus gekonstitueer is".

'n Ander aspek van die einddoel van die opbou is daarin geleë dat God in dit wat Hy deur die opgeboude (interne opbou) gemeente doen, die tekens oprig van die komende koninkryk. Wanneer daar mense uit die verlore wêreld tot Christus gebring word; wanneer siekes genees word; wanneer mense verlos en bevry word uit die mag van die bose, en wanneer die gemeente in die Naam van haar Hoof en Here, Jesus Christus, mense uit hulle nood, van lyding, armoede of verdrukking help kom, word geopenbaar dat God se uiteindelijke doelwit is, om die mens en die gevalle kosmos eenmaal finaal te bevry van al die nood en ellende wat deur die sondeval deel van hierdie lewe en hierdie wêreld geword het. In die opbou van die gemeente rig God dus die tekens op van die komende koninkryk wat eenmaal in sy finale gestalte daar sal staan. David J. Bosch<sup>553)</sup> beskrywe dit soos volg: "Iemand wat weet dat God eendag alle trane sal afvee kan nie nou en hier in gelatenheid die trane van hulle wat ly en onderdruk word, aanvaar nie. As ons glo dat alle siekte eenmaal sal verdwyn, kan ons nie anders nie as om reeds nou en hier die oorwinning oor siekte in enkelinge en gemeenskappe te antisipeer. As ons aanvaar dat die vyand van God en mens, Satan, uiteindelik totaal oorwin sal word, sal ons nou reeds sy intriges in enkeling, gesin en samelewing ontmasker".

As laaste aspek van die einddoel van die opbou van die gemeente word o.a. genoem: "... sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het".<sup>554)</sup> en dan: Wanneer alles dan aan die

Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles in almal wees".<sup>555)</sup> Dit alles doen God om ons weer daar te bring waar die vernieuwe skepping vir ewig sy lof en heerlikheid sal prys en besing voor sy troon.<sup>556)</sup> Dit sal gebeur wanneer die einddoel van God se opbou van die gemeente voltooi is en die hele gebou, die heilige tempel vir die Here, gebou op die hoeksteen, Jesus Christus, daar sal staan.<sup>557)</sup> Daarom "sien die skepping met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God".<sup>558)</sup> In hierdie opbou-proses van die gemeente en met die oog op hierdie einddoel van God Self, het Hy sy Heilige Gees aan die gemeente gegee om die gawes uit te deel wat hierdie bestemde opbou en hierdie einddoel moet dien.

SAMEVATTING - HOOFSTUK I.

Die Gemeente En Die Opbou Van Die Gemeente.

Waar dit in hierdie studie gaan om die funksionering van die charis= mata in die opbou van die gemeente, word eerstens aangetoon wat die gemeente is en daarna slegs daardie aspekte van die gemeente be= handel wat vir hierdie doel van belang is. Eerstens word dan die ekklesia in die Ou Testament behandel en daarna die ekklesia in die Nuwe Testament en aangetoon dat die gemeente van Christus uit die volk van God in die Ou Testament voortkom. Die ekklesia van die Nuwe Testament is dan nie die ontstaan van die kerk nie, maar die openbaring van die een kontinue heilshandeling van God waardeur Hy sy ekklesia deur alle eeue heen versamel. Die gemeente van die Nuwe Testament is dan 'n nuwe openbaring van die betrokkenheid van die gemeente tot die Drie-enige God, en in besonder tot Jesus Christus en die Heilige Gees.

In die opbou van die ekklesia word dan oor die plaaslike gemeente gehandel omdat die opbou alleen daar sy beslag kan kry waar die volk van God as die liggaam van Christus saam vergader. Hierdie empiriese gemeente van die geskiedenis is die nuwe volk van God; die nuwe gemeenskap wat in solidariteit met die ganse mensheid die wêreld met die heil in Christus moet bedien. Dit is die liggaam van Christus waarin en waardeur Hy op besondere wyse handel. In Hom leef hulle nie alleen die nuwe lewe nie, maar dien hulle ook ooreenkomstig sy wil, omdat sy wil in hulle vlees en bloed aangeneem het kragtens die inwoning van die Heilige Gees.

Hierdie ekklesia is dan ook meteen die teken en profetiese open= baring daarvan dat God aan die einde van die tyd weer alle dinge onder een Hoof, naamlik Christus sal verenig. Omdat Christus die Hoof, dit wil sê: die oorsprong en ontstaan van die ekklesia is, beteken dit dat die gemeente alleen van Hom afhanklik is vir sy groei en opbou. Hy is deur die Gees voortdurend en ewig teenwoordig in sy gemeente.

Teen hierdie agtergrond is die vraag aangaande die inlywing in die gemeente van die allergrootste belang. In hierdie opsig word dan gehandel oor die doop as inlywingsmoment in die gemeente en wil in besonder omtrent die verband tussen geloof en doop, doop en "geheilig in Christus" asook die verbond. Dan word aangetoon dat die doop ook op grond van die heilswil van God plaasvind en nie in elke geval noodwendig op grond van die reeds aanwesige geloof nie. Hierna word gehandel oor die Nagmaal as openbaring van die vereniging van die gemeente met Christus en met mekaar, terwyl dit ook uitdrukking is van die gemeente as eenheid, naamlik die liggaam van Christus. Hierdie besondere band van gemeenskap onderling waarborg ook die eenheid te midde van die verskeidenheid van lede. Die ekklesia is dus nie uit 'n verskeidenheid van liggame van gelykgesinde, eendersdenkende of gelyksoortige entiteite opgebou nie. Juis die verskeidenheid vorm die één liggaam en daarom mag die verskeidenheid van gawes ook nooit lei tot verdeeldheid in hierdie liggaam nie. In die één liggaam moet dus ruimte geskep word vir die volle ontplooiing van alle charismata.

In hierdie studie is vervolgens die aard en karakter van die gemeente van Christus behandel. Hieronder ressorteer:

1) Die charismatiese karakter en struktuur, en aangetoon dat die charismata die uitvloei is van die "charis" waarin die gemeente deel in Christus en die Gees. Hieruit volg dan dat die gemeente in sy ordening nie hiërargies gestruktureer is nie, maar wel charismaties.

2) Die diakoniese karakter en struktuur van die gemeente stempel die gemeente op besondere manier as die liggaam van Christus omdat Hy die groot Diakonos is volgens Markus 10:45. Hierdie eienskap van die gemeente staan in skerpe teenstelling tot hierdie wêreldorde waar selfverheffing en die drang tot heerskappy die handeling van die mens bepaal sedert die sondeval. Hierdie diakonia het 'n bepaalde gerigtheid, naamlik om die koningskap van God te dien asook die heil van die wêreld en die versameling en opbou van die ekklesia. Daartoe word die charismata gegee.

3) Die missionêre karakter van die ekklesia stempel die gemeente tot die draer van die heilsboodskap van Christus na die verlore wêreld sodat die sending van God deur sy Seun na hierdie wêreld tot redding, voortdurend deur die gemeente gedien kan word. Die missionêre karakter impliseer dat die blye boodskap van die heil in Christus deur die gemeente voortlewe en verkondig word. Hiertoe is elke lid van die gemeente deur die Gees gesalf.

4) Die aanbiddingskarakter stempel die gemeente as die skare van mense in wie se lewens die grote ommekeer plaasgevind het deur hulle verlossing in Christus. Hulle staan nie meer in die houding van selfverheffing en opstand teenoor God soos dit na die paradysgebeure wel die geval is nie, maar hulle staan in die houding van aanbidding teenoor die Here God. Die aanbiddingsgeleentheid van die gemeente is dan ook die oord waar die Gees die charismata bewerk vir die taak in die wêreld.

5) Die eskatologiese karakter van die gemeente stempel hom juis tot die heilsgemeente van die eindtyd. Dat die ekklesia eskatologiese volk van God is, word geopenbaar deur die charismata aan die gemeente verleen, omdat dit die teenwoordigheid van die Heilige Gees as die eskatologiese gawe aandui. Daarom is die eskatologiese aard van die charismata van belang en nie die entoesiastiese nie.

By die opbou van die gemeente gaan dit om die funderende werk van die Here God as die een wat die ekklesia daarstel, asook om die innerlike opbou en groei van die gemeente en die uitbreidende bouwerk, naamlik die inbring van hulle wat nog buite is. Hiertoeword dan ook die charismata gegee. Omdat Christus die oorsprong en ontstaan van die gemeente is, het die groei en opbou altyd 'n Christologiese gerigtheid soos onder andere blyk uit Efesiërs 4:15-16.

Vir hierdie opbou-proses het die Here God 'n bepaalde reëling gegee soos ons byvoorbeeld leer uit Efesiërs 4:11-12 en 1 Petrus 4:10. So vind ons dan bepaalde persone as charismata wat as

blywende funksies en dienste in die gemeente gegee word ter wille van die kontinuïteit van die ekklesia sowel as algemene gawes wat oor die gemeente as geheel versprei is. So dien almal egter as instrumente in God se opbouwerk. In hierdie opbouproses word die subjek/objek-relasie afgewys en die belang van die subjek/subjek-relasie beklemtoon. Die onderskeie elemente en aspekte van die opbou word vervolgens behandel en die einddoel van die opbou.

SYNOPSIS - CHAPTER I.

The Congregation And The Edification Of The Congregation.

Whereas this study is concerned with the functioning of the charismata in the edification of the congregation it is first of all shown what the congregation is constituted of, and subsequently only those aspects of the congregation are highlighted which are important for this purpose. The ecclesia in the Old Testament are dealt with first, and then the ecclesia in the New Testament, and it is pointed out that the congregation of Christ stems from God's people in the Old Testament. The ecclesia of the New Testament is not the origin of the Church, but the revelation of the one continuous redeeming act of God whereby He gathers together His ecclesia throughout the ages.

The congregation of the New Testament is, then, a revelation of the involvement of the congregation in the Triune Godhead and in particular with Jesus Christ and the Holy Spirit. In a discussion on the edification of the ecclesia, the local congregation is dealt with, as this edification can only be given its basis there where God's people congregates as the body of Christ. This empirical congregation of history is God's new People, the new community which, in solidarity with the whole of mankind, has to serve the world with the salvation in Christ. This is the body of Christ wherein and whereby He acts in a very special way. In Him they do not only live the new life, but they also serve in accordance with His will, because His will assumed flesh and blood in them, by virtue of the presence of the Holy Spirit.

The ecclesia is at once the sign and the prophetic revelation thereof that God will, at the end of time, reunite all things under one Head, that is the origin and source of the ecclesia; this means that the congregation is dependent upon Him alone for its growth and edification. He is, through medium of the Spirit, continuously and forever present in His congregation.

Against this background the question concerning the incorporation into the congregation is of prime importance. In this respect the baptism as incorporative moment in the congregation is dealt with, and in particular as regards the bond between faith and baptism, baptism and "hallowed in Christ" as well as the covenant. It is also shown that baptism is performed on the basis of the redeeming will of God, and not in each case necessarily on the grounds of faith already being present. Subsequently the Holy Communion is dealt with as a revelation of the unification of the congregation with God and with one another, while it is also an expression of the congregation as a union, viz the body of Christ. This special bond of (mutual) communion guarantees the union in the midst of the variety of members. The ecclesia is therefore not constituted of a variety of bodies of unanimous or homogeneous entities. It is the variety which constitutes the one body, and for that reason the variety of charismata should never lead to the division of this body. In the one body adequate space should be created for the full realization of all charismata.

In this study the essence and character of the congregation of Christ is dealt with. The following is included in this:

1) The charismatic character and structure. It is pointed out that the charismata ensue from the "charis" in which the congregation shares in Christ and in the Holy Spirit. It follows that the congregation in its ordination is not hierarchically structured, but charismatically.

2) The diaconic character and structure of the congregation stamps the congregation in a particular fashion as the body of Christ because He is the "Diakonos" in accordance with St Mark 10:45. This characteristic of the congregation is in sharp contrast with this secular order where self-exaltation and the urge to dominate have been determining the actions of mankind since the Fall. The diakonia has a particular aim, namely to serve the kingship of God, as well as the salvation of the world, and to gather together and edify the ecclesia. It is towards this end that the charismata



is bestowed by the Holy Spirit.

3) The missionary character of the ecclesia stamps the congregation as bearer of the message of salvation through Christ to the lost world in order that the mission by God of his Son to redeem this world, may perpetually be served by the congregation. The missionary character implies that the good tidings of salvation in Christ lives on in and is proclaimed by the congregation. Each member of the congregation has been anointed by the Spirit to perform this function.

4) The worshipping character stamps the congregation as the host of people in whose lives the great peripeteia has taken place as a result of their redemption in Christ. They no longer assume the attitude of self-exaltation and rebellion against God, as the case has been ever since the Fall (from Paradise) but they now assume an attitude of worshipping the Lord God. On the occasion of congregational worship the Spirit employs the charismata for the task in the world.

5) The eschatological character of the congregation stamps it as the redeemed congregation of the latter days. The fact that the ecclesia are the eschatological people of God, is revealed by the charismata bestowed upon the congregation, because the presence of the Holy Spirit as the eschatological gift, is indicated thereby. For that reason the eschatological character, and not the enthusiastic character, of the charismata is important.

